Remgro Beperk

2017 FINANSIËLE JAARSTATE

INHOUD

FINANSIËLE JAARSTATE

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE 3

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS 3

VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE 4

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE 6

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR 11

GEKONSOLIDEERD

STAAT VAN FINANSIËLE STAND 18

INKOMSTESTAAT 19

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE 20

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT 21

STAAT VAN KONTANTVLOEI 22

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE 23

DIE MAATSKAPPY

STAAT VAN FINANSIËLE STAND 91

INKOMSTESTAAT 91

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE 92

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT 92

STAAT VAN KONTANTVLOEI 92

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE 93

STATUTÊRE INLIGTING

AANDEELHOUERSINLIGTING 96

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID

DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, op die lopendesaak-grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun. Die finansiële state is onder toesig van die hoof finansiële beampte, Neville Williams GR(SA) opgestel.

Die direkteure is tevrede dat die inligting soos vervat in die finansiële state 'n redelike weergawe is van die groep se resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële stand van die groep soos op jaareinde. Die akkuraatheid van die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is, is deur die direkteure oorweeg en hulle is tevrede dat dit strook met die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die groep se stelsel van interne finansiële beheer. Die stelsel is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling nie, te verskaf rakende die betroubaarheid van die finansiële state, die beskerming van bates, en om wanvoorstelling en verliese te verhoed en op te spoor.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Die finansiële state is deur die onafhanklike ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., geouditeer aan wie onbeperkte toegang verleen is tot alle finansiële rekords en verwante inligting. Die ouditeur se verslag word op bladsy 11 aangebied.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
20 September 2017

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Danielle Ivelene Heynes, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes en kennisgewings van Remgro Beperk wat ingevolge die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, vereis word, ingedien is by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom en dat al sodanige opgawes en kennisgewings waar, korrek en op datum blyk te wees.

Danielle Heynes
Maatskappysekretaris

Stellenbosch
20 September 2017

VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

Hierdie verslag deur die oudit-en-risikokomitee (die komitee), soos aangestel deur die aandeelhouers ten opsigte van die jaar onder oorsig, is voorberei in ooreenstemming met die aanbevelings van King III en die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig (Maatskappywet), en beskryf hoe die komitee sy statutêre verpligtinge ingevolge die Maatskappywet, asook die bykomende funksies deur die direksie daaraan toegeken ten opsigte van die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2017, nagekom het.

KOMITEELEDE EN BYWONING VAN VERGADERINGS

Die komitee bestaan uit vier onafhanklike nie-uitvoerende direkteure (soos uiteengesit in die onderstaande tabel) onder die voorsitterskap van me S E N De Bruyn Sebotsa. Alle komiteelede beskik oor die nodige vaardighede en ondervinding. Ingevolge die komitee se mandaat moet minstens vier vergaderings per jaar gehou word.

SAMESTELLING VAN DIE KOMITEE

Komiteelid*	Aantal vergaderings gehou	Aantal vergaderings bygewoon
S E N De Bruyn Sebotsa (voorsitter)[1]	4	4
N P Mageza	4	4
P J Moleketi	4	3
F Robertson	4	3
H Wessels[2]	4	1

* *Verkorte curriculum vitae van alle direkteure van die maatskappy word op bladsy 14 en 15 van die geïntegreerde jaarverslag verskaf.*

[1] *Me S E N De Bruyn Sebotsa is met effek vanaf 1 Desember 2016 aangestel as voorsitter van die oudit-en-risikokomitee.*

[2] *Mnr H Wessels het met effek vanaf 1 Desember 2016 as direkteur en voorsitter afgetree.*

Die hoofuitvoerende beampte, hoof finansiële beampte, hoof van interne oudit en verteenwoordigers van die eksterne ouditeure woon komiteevergaderings op uitnodiging by. Komitee-agendas maak voorsiening vir vertroulike vergaderings tussen komiteelede en die interne en eksterne ouditeure, asook bestuur.

ROL EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die komitee se rol en verantwoordelikhede sluit sy statutêre verpligtinge ingevolge die Maatskappywet in, sowel as die verantwoordelikhede deur die direksie daaraan toegeken.

Die komitee is tevrede dat hy alle verpligtinge in die finansiële jaar onder oorsig nagekom het, soos in meer besonderhede hieronder aangedui word.

Die komitee het homself ook vergewis dat daar doeltreffende ouditkomitees is wat binne Wispeco, Remgro se vernaamste bedryfsvolfiliaal, en die maatskappy se nie-volfiliale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings funksioneer, waarvan die notules van vergaderings ook in die komitee se agenda opgeneem word.

Meer inligting oor die werking van die komitee en die sake wat in hierdie verslag hanteer word, is beskikbaar in die korporatiewe bestuursverslag en die risikobestuursverslag wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit is.

STATUTÊRE PLIGTE

In die uitvoering van sy pligte het die komitee die volgende statutêre verpligtinge nagekom:

- Benoem PricewaterhouseCoopers Geïnk. en mnr Hein Döman, wat na die mening van die komitee onafhanklik van die maatskappy is, om deur die aandeelhouers aangestel te word as eksterne ouditeur vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2017
- Bepaal die fooie betaalbaar aan die eksterne ouditeur en die aanstellingsvoorwaardes
- Verseker dat die aanstelling van die eksterne ouditeur voldoen aan die vereistes van die Maatskappywet en enige ander wetgewing wat met die aanstelling van ouditeure verband hou
- Bepaal die aard en omvang van enige nie-ouditdienste wat die eksterne ouditeur aan die maatskappy en sy volfiliale, geadministreer deur Remgro Bestuursdienste Beperk (RBD), mag verskaf
- Voorafgoedkeuring vir enige voorgestelde ooreenkoms met die eksterne ouditeur vir die verskaffing van nie-ouditdienste aan die maatskappy en sy volfiliale, geadministreer deur RBD

EKSTERNE OUDIT

Die komitee is tevrede dat die maatskappy se eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., onafhanklik van die maatskappy is en dus geskik is om sy ouditfunksies sonder beïnvloeding te verrig.

'n Formele beleid bestuur die proses waarvolgens die eksterne ouditeur van die maatskappy vir nie-ouditdienste oorweeg word. Ingevolge die beleid is die komitee verantwoordelik om die aard en omvang te bepaal van enige nie-ouditdienste wat die eksterne ouditeur mag verskaf, asook vir voorafgoedkeuring van enige voorgestelde kontrak met die eksterne ouditeur vir die verskaffing van nie-ouditdienste.

INTERNE FINANSIËLE BEHEER EN REKENINGKUNDIGE STELSELS

Die komitee is verantwoordelik vir die beoordeling van die interne finansiële beheer- en rekeningkundige stelsels van die maatskappy en sy volfiliale, geadministreer deur RBD. In

hierdie verband het die komitee verslae oor die doeltreffendheid van die interne finansiële beheerstelsels wat deur die interne ouditfunksie opgestel is, beoordeel, inligting oorweeg wat deur bestuur verskaf is en samesprekings met die eksterne ouditeur gevoer oor die resultate van die oudit. Die komitee is van mening dat die interne finansiële beheerstelsels effektief is en die grondslag vir die voorbereiding van betroubare finansiële state vorm. Ter ondersteuning van die voorafgaande het die komitee ook verslae van die interne ouditfunksie ontvang rakende die doeltreffendheid van die gesamentlike gerusstellingsproses en bedrogvoorkoming, asook die maatreëls wat daarvoor in plek is.

Die lede van Remgro se bestuur wat in die direksies dien van maatskappye waarin belê is (RCL Foods, Wispeco en geassosieerdes en gesamentlike ondernemings), is verantwoordelik vir die uitoefening van die maatskappy se beduidende invloed om te verseker dat effektiewe interne beheermaatreëls geïmplementeer en daaraan voldoen word.

KUNDIGHEID EN ONDERVINDING VAN DIE HOOF FINANSIËLE BEAMPTE EN DIE FINANSIËLE FUNKSIE

Die komitee het die kundigheid en ondervinding van die hoof finansiële beampte (HFB), mnr Neville Williams, oorweeg en dit toepaslik en bevredigend gevind. Laasgenoemde se curriculum vitae verskyn op bladsy 15 van die geïntegreerde jaarverslag.

Daarbenewens het die komitee die toepaslike ondervinding en die geskiktheid van die hulpbronne van die maatskappy se finansiële funksie, en die ervaring van senior bestuurslede verantwoordelik vir die finansiële funksie, beoordeel en dit bevredigend gevind.

FINANSIËLE STATE EN LOPENDE SAAK

Die komitee het die alleenstaande en gekonsolideerde finansiële state van die maatskappy nagegaan en is tevrede dat dit aan Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die Maatskappywet voldoen en dat die rekeningkundige beleid wat gebruik word, toepaslik is.

Die komitee het ook 'n gedokumenteerde evaluasie van bestuur oor die lopendesaak-status van die maatskappy oorweeg voordat 'n aanbeveling aan die direksie gemaak is dat die maatskappy in die afsienbare toekoms 'n lopende saak sal wees.

RISIKOBESTUUR

Die komitee het die oorsig van die risikobestuursfunksie aan die risiko-en-IT-bestuurskomitee oorgedra, wat 'n subkomitee van die komitee is. Die mandaat van hierdie komitee sluit in: die handhawing van die risikobestuursbeleid en -plan, die daarstelling van 'n bedryfsrisikoregister, inligtingstegnologierisikobestuur, wetlike nakoming en bedryfsgesondheid en -veiligheid. Die HFB is die voorsitter van die risiko-en-IT-bestuurskomitee en die ander vyftien lede is almal senior bestuurders van die maatskappy. Die voorsitter van die komitee woon die vergaderings van die risiko-en-IT-bestuurskomitee as 'n *ex officio*-lid by om te verseker dat hierdie komitee doeltreffend funksioneer en toepaslike risiko-inligting met die komitee deel.

INTERNE OUDIT

Die maatskappy se interne ouditafdeling is 'n effektiewe, onafhanklike beoordelingsfunksie en vorm 'n integrale deel van die ondernemingwye risikobestuurstelsel, wat gerusstelling oor die doeltreffendheid van die maatskappy se interne beheerstelsel verskaf. Die interne ouditafdeling van die maatskappy bestaan uit bekwame en ervare personeel wat diens verskaf aan al Remgro se volfiliale, geadministreer deur RBD, sowel as aan Wispeco. Daarby verrig die interne ouditafdeling ook onafhanklike interne ouditfunksies vir ander maatskappye waarin belê word, soos Dark Fibre Africa, Mediclinic, RMB Holdings, RMI Holdings, SEACOM en Business Partners.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die komitee die interne oudithandves oorweeg en vir goedkeuring deur die direksie aanbeveel. Die komitee het ook die interne oudit-kwaliteitsgerusstellingsplan beoordeel, asook die nakoming van die interne ouditfunksie. Meer besonderhede oor die groep se interne ouditfunksies verskyn in die risikobestuursverslag wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit is.

NAKOMING

Die komitee is verantwoordelik vir die nagaan van enige belangrike skending van relevante wetlike en regulerende vereistes. Die komitee is tevrede dat daar geen wesentlike nie-nakoming van wette en regulasies was nie.

Die komitee is ook tevrede dat dit gedurende die jaar onder oorsig alle wetlike, regulerende en ander verantwoordelikhede nagekom het.

AANBEVELING AAN DIE DIREKSIE

Die komitee het die geïntegreerde jaarverslag, insluitende die omvattende finansiële jaarstate en volhoubare ontwikkelingsverslag wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is, hersien en oorweeg en het dit aanbeveel vir goedkeuring deur die direksie.

Sonja De Bruyn Sebotsa
Voorsitter van die oudit-en-risikokomitee

Stellenbosch
20 September 2017

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHEDE

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings.

Die groep se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in gesondheidsorg; bankwese; verbruikersprodukte; versekering; nywerheid; infrastruktuur asook media en sport.

RESULTATE

Jaar geëindig	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Wesensverdienste (R miljoen)	**8 221**	5 874
– per aandeel (sent)	**1 485.5**	1 119.6
– verwater (sent)	**1 479.5**	1 115.0
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting (R miljoen)	**7 534**	7 392
– per aandeel (sent)	**1 361.3**	1 409.0
– verwater (sent)	**1 355.5**	1 404.4
Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	**8 431**	5 364
– per aandeel (sent)	**1 523.4**	1 022.4
– verwater (sent)	**1 517.2**	1 018.5
Dividende (R miljoen)	**2 813**	2 518
– gewoon – per aandeel (sent)	**495.00**	460.00

'n Finale dividend van 301 sent (2016: 275 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Die finale dividend is onderhewig aan dividendbelasting.

BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

COMMUNITY INVESTMENT VENTURES HOLDINGS EIENDOMS BEPERK (CIVH)

Gedurende September 2016 het Remgro ingevolge CIVH se regte-uitgifte vir 'n bykomende 12 353 aandele ten bedrae van R329.3 miljoen ingeskryf. As gevolg hiervan het Remgro se belang in CIVH marginaal tot 51.0% op 30 Junie 2017 toegeneem (2016: 50.9%).

CAPEVIN HOLDINGS BEPERK (CAPEVIN)

Gedurende Mei 2017 het Remgro nog 30 667 156 Capevin-aandele ten bedrae van R264.5 miljoen verkry. Hierdie transaksie het Remgro se effektiewe belang in Capevin tot 19.0% (2016: 15.6%) verhoog.

INVENFIN EIENDOMS BEPERK (INVENFIN)

Gedurende Julie 2016 het Remgro (deur sy volfiliaal, Invenfin) 'n belang van 30% ten bedrae van R80.0 miljoen in Dynamic Commodities Eiendoms Beperk (Dynamic Commodities) verkry. Dynamic Commodities is 'n uitvoergefokusde maatskappy wat hoëgehalte bevrore nageregte, versnaperings en toegevoegde waarde "vars bevrore" vrugte vervaardig.

Gedurende Augustus 2016 het Invenfin ook 'n belang van 30% ten bedrae van R50.2 miljoen in Joya Brands Eiendoms Beperk, 'n vervaardiger van lekkergoed, verkry.

PEMBANI REMGRO INFRASTRUKTUURFONDS (PRIF)

Op 15 Augustus 2016 het PRIF 'n finale sluiting gehad wat daartoe gelei het dat Remgro 'n kapitaaluitkering van R14.6 miljoen, asook 'n inkomste-uitkering van R3.8 miljoen ontvang het. In die jaar onder oorsig het Remgro 'n bykomende R58.0 miljoen in PRIF belê, waardeur sy kumulatiewe belegging tot R255.2 miljoen verhoog is. Op 30 Junie 2017 het die oorblywende verpligting teenoor PRIF R394.8 miljoen bedra.

ANDER

Ander kleiner beleggings het R215 miljoen bedra.

GEBEURE NA JAAREINDE

DISTELL GROEP BEPERK (DISTELL)

Gedurende Junie 2017 is aangekondig dat Distell sy veel-vlakkige eienaarskapstruktuur gaan herstruktureer (die Voorgestelde Transaksie) en om uitvoering aan die Voorgestelde Transaksie te gee, sal Remgro, deur middel van 'n aantal intervoorwaardelike stappe, sy bestaande 50%-aandeelhouding in Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk (RCI) ruil vir bykomende gewone aandele in Capevin Holdings Beperk (Capevin) (RCI-ruiling). Remgro hou tans 19.0% van die gewone aandele in Capevin en na die RCI-ruiling sal sy belang in Capevin 59.5% wees. Na afloop van die RCI-ruiling sal Remgro sy volle Capevin-aandeelhouding ruil vir gewone aandele in 'n nuutgenoteerde entiteit (Nuwe Distell), wat in wese dieselfde as die bestaande Distell sal wees. Remgro sal ook ongenoteerde B-aandele in Nuwe Distell ontvang wat RCI se huidige 52.8%-stemreg in Distell sal ewenaar. Hierdie aandele sal gekoppel word aan die Nuwe Distell gewone aandele wat Remgro ontvang het ooreenkomstig die RCI-ruiling. Die ongenoteerde B-aandele sal slegs stemreg in Nuwe Distell dra

en geen ekonomiese regte hê nie. Die Voorgestelde Transaksie sal geen impak op Remgro se intrinsieke batewaarde hê nie en Remgro sal, na afloop daarvan, sy ekonomiese belang in Distell behou. Remgro sal in totaal 'n stemreg van 56.0% in Nuwe Distell hê. Die Voorgestelde Transaksie is steeds aan 'n aantal opskortende voorwaardes onderworpe, waaronder goedkeuring deur Distell en Capevin se aandeelhouers, wat na verwagting op 27 Oktober 2017 sal geskied, asook goedkeuring deur die relevante mededingingsowerhede.

RMI HOLDINGS BEPERK (RMI HOLDINGS)

Op 19 September 2017 het RMI Holdings sy finale dividend vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 verklaar. Hierdie verklaring het 'n alternatief tot die kontantdividend, wat óf die ontvang van 'n skripdistribusie óf die herinvestering van die kontantdividend deur in te skryf vir nuwe RMI Holdings gewone aandele, ingesluit. Deur die herinvesteringsalternatief te kies, het Remgro hom daartoe verbind om sy kontantdividend, ten bedrae van R292.3 miljoen, te herinvesteer om sodoende 7 691 641 nuwe RMI Holdings gewone aandele teen R38.00 per aandeel te ontvang.

Buiten bogenoemde transaksies was daar geen ander wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2017 nie.

REGTE-UITGIFTE

Gedurende Oktober 2016 het Remgro sy regte-uitgifte voltooi waarvolgens 48 110 637 nuwe gewone aandele en 3 550 635 nuwe B-gewone aandele teen 'n inskrywingsprys van R192.50 per aandeel vir 'n totale bedrag van R9 944.8 miljoen uitgereik is. Die aanbod aan gewone aandeelhouers is gemaak in die verhouding van 10 regte-uitgifte-aandele vir elke 100 gewone aandele gehou op die rekorddatum vir die regte-uitgifte, wat 'n totale bedrag van R9 261.3 miljoen verteenwoordig het. Om die huidige vlak van stemreg van Rupert Beleggings Eiendoms Beperk (Rupert Beleggings) in Remgro te handhaaf, en by te dra tot die nuwe ekwiteitskapitaal wat gewerf is, het Remgro aan Rupert Beleggings die reg aangebied om vir 3 550 635 B-gewone aandele in te skryf vir 'n totale bedrag van R683.5 miljoen. Ingevolge IAS 33, paragraaf 26, word vereis dat 'n aanpassing ten opsigte van die geweegde gemiddelde uitgereikte aandele vir die vergelykende tydperk gemaak word, aangesien die aandele teen 'n korting op die Remgro-aandeelprys op die dag voor die aankondiging (naamlik R243.29 per aandeel) aangebied is. Gevolglik is die vergelykende geweegde aantal uitgereikte aandele met 9 994 195 aandele aangepas om voorsiening te maak vir die geagte verwateringseffek van die regte-uitgifte. Verwys na aantekening 15 vir meer inligting oor die herstatering van vergelykende syfers.

KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 30 Junie 2017 was soos volg:

R miljoen	30 Junie 2017 Plaaslik	30 Junie 2017 Buiteland	30 Junie 2017 Totaal	30 Junie 2016
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	**5 260**	**2 264**	**7 524**	3 569
Belegging in geldmarkfondse	**3 815**	**2 073**	**5 888**	1 050
Min: Kontant van bedryfsfiliale	**(1 170)**	**(19)**	**(1 189)**	(841)
Kontant by die kern	**7 905**	**4 318**	**12 223**	3 778

Op 30 Junie 2017 was ongeveer 48% (R5 888 miljoen) van die beskikbare kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê. Vir verdere inligting verwys na aantekening 5 van die finansiële jaarstate.

GROEP FINANSIËLE OORSIG

VERANDERING IN REKENINGKUNDIGE BELEID

Met ingang van 1 Julie 2016 het Remgro die wysigings aan *IAS 16: Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *IAS 41: Landbou* aanvaar. Hierdie wysigings moet terugwerkend toegepas word en gevolglik is die gerapporteerde resultate van die vergelykende tydperk wat aangebied word, herstateer. Die herstaterings het betrekking op die herklassifikasie van draplante vanaf biologiese bates na eiendom, aanleg en toerusting, die oordrag van die oorblywende nie-bedryfsbiologiese bates (naamlik die produkte) na bedryfsbiologiese bates en die meting van die geherklassifiseerde bates in terme van die toepaslike rekeningkundige hantering. Verwys na aantekening 15 vir volledige inligting rakende die herstatering van vergelykende syfers.

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

Die ontleding van "Ekwiteit aangewend" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die sektore aan waarin die groep se beleggings ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n belegging hoofsaaklik in een sektor bedrywig is, maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	30 Junie 2017 R miljoen	30 Junie 2017 R per aandeel	30 Junie 2016 R miljoen Herstateer	30 Junie 2016 R per aandeel Herstateer
Ekwiteit aangewend				
Toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**92 432**	**163.13**	78 844	153.13
Aanwending van ekwiteit				
Gesondheidsorg	**33 763**	**59.59**	33 629	65.31
Bankwese	**19 026**	**33.58**	17 784	34.54
Verbruikersprodukte	**15 017**	**26.50**	14 361	27.89
Versekering	**7 277**	**12.84**	7 157	13.90
Nywerheid	**5 835**	**10.30**	5 575	10.83
Infrastruktuur	**4 998**	**8.82**	5 052	9.81
Media en sport	**1 512**	**2.67**	1 444	2.80
Ander beleggings	**3 947**	**6.97**	3 737	7.26
Sentrale tesourie				
– Kontant by die kern	**12 223**	**21.57**	3 778	7.34
– Skuld by die kern	**(13 907)**	**(24.54)**	(16 452)	(31.95)
Ander netto korporatiewe bates	**2 741**	**4.83**	2 779	5.40
	92 432	**163.13**	78 844	153.13

INKOMSTESTAAT

	30 Junie 2017 R miljoen	30 Junie 2017 %	30 Junie 2016 R miljoen Herstateer	30 Junie 2016 % Herstateer
Bron van wesensverdienste				
Gesondheidsorg	**1 875**	**23**	1 566	27
Bankwese	**3 163**	**38**	2 989	51
Verbruikersprodukte	**1 354**	**17**	1 605	27
Versekering	**1 041**	**13**	888	15
Nywerheid	**750**	**9**	517	9
Infrastruktuur	**36**	**1**	6	–
Media en sport	**(58)**	**(1)**	(36)	(1)
Ander beleggings	**70**	**1**	67	1
Sentrale tesourie				
– Finansieringsinkomste	**349**	**4**	125	2
– Finansieringskoste	**(216)**	**(3)**	(1 602)	(27)
Ander netto korporatiewe koste	**(143)**	**(2)**	(251)	(4)
	8 221	**100**	5 874	100

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Samestelling van wesensverdienste		
Filiale	**429**	(994)
Winste	**1 230**	807
Verliese	**(801)**	(1 801)
Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**7 792**	6 868
Winste	**7 950**	7 252
Verliese	**(158)**	(384)
	8 221	5 874

AANDELEAANSPORINGSKEMA

Remgro het tans een langtermynaansporingsplan, naamlik die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (die SAR-skema). Ingevolge die SAR-skema word Remgro gewone aandele ter waarde van die groei van hul reg tot 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele aan deelnemers aangebied wat binne verskillende intervalle, maar voor die verstryking van sewe jaar na die regte toegeken is, uitgeoefen kan word.

Die vroegste intervalle waarbinne aandelegroeiregte uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res vyf jaar na die toekenningsdatum

Verwys na aantekening 8 by die finansiële jaarstate vir volledige besonderhede.

TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2016 is 1 725 393 Remgro gewone aandele (0.4%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaal van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandeleaansporingskema te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is 224 542 Remgro gewone aandele aangewend om Remgro se verpligting na te kom teenoor skemadeelnemers wat die regte wat aan hulle toegeken is, uitgeoefen het. Remgro het ook sy regte ten opsigte van tesourie-aandele gehou, gevolg met die voltooiing van sy regte-uitgifte in Oktober 2016 deur vir 165 787 Remgro gewone aandele, teen R192.50 per aandeel, ten bedrae van R32 miljoen in te skryf.

Op 30 Junie 2017 is 1 666 638 Remgro gewone aandele (0.3%) as tesourie-aandele gehou.

HOOFAANDEELHOUER

Rupert Beleggings Eiendoms Beperk (Rupert Beleggings) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.54% (2016: 42.55%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 96 en 97.

FILIALE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiale, geëkwiteerde beleggings en ander beleggings word in aantekening 14 uiteengesit.

DIREKTEURE

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 14 en 15 van die geïntegreerde jaarverslag.

Mev M Lubbe is op 20 September 2016 as uitvoerende direkteur van Remgro aangestel en haar aanstelling is op 1 Desember 2016 deur die direksie bekragtig. Mev M Lubbe se aanstelling sal ingevolge die akte van oprigting van die maatskappy deur die aandeelhouers by die volgende algemene jaarvergadering bekragtig word.

Die direksie verwelkom mev M Lubbe as uitvoerende direkteur van die maatskappy.

Mnr H Wessels het op 1 Desember 2016 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Remgro uitgetree.

Die direksie bedank hom vir sy waardevolle bydrae oor baie jare.

Kragtens die bepalings van die akte van oprigting tree mnre W E Bührmann, G T Ferreira, N P Mageza, P J Moleketi en F Robertson volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

BELANGE VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure en hul verwantes in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy het, in totaal op 30 Junie 2017, 2.57% (2016: 2.55%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rupert Beleggings wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 98.

DIREKTEURSVERGOEDING

Die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, het R5.2 miljoen (2016: R4.8 miljoen) beloop.

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaal van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk.

'n Spesiale besluit om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 118 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

MAGTIGING OM GEWONE AANDELE ONDER BEHEER VAN DIE DIREKTEURE TE PLAAS

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad verleen word om gewone aandele toe te ken en uit te reik, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk, op voorwaarde dat die totale getal aandele toegeken en uitgereik tot 5% van die aantal onuitgereikte gewone aandele in die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy (naamlik 23 539 150 gewone aandele) beperk word. Die magtiging kan nie aangewend word om aandele vir kontant uit te reik nie.

'n Gewone besluit om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat op bladsy 118 van die geïntegreerde jaarverslag verskyn.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND NR. 34

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale bruto dividend van 301 sent (2016: 275 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2017.

Dividendterughoubelasting van 20% of 60.2 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 240.8 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividendterughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 bedra dus 495 sent teenoor 460 sent vir die jaar geëindig 30 Junie 2016.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 gewone aandele en 39 056 987 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

BETALING

Die finale dividend is op Maandag, 20 November 2017, betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 17 November 2017, geregistreer is.

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 15 November 2017, en Vrydag, 17 November 2017, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 16 van die geïntegreerde jaarverslag.

GOEDKEURING

Die omvattende finansiële jaarstate op bladsy 18 tot 95 is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
20 September 2017

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN REMGRO BEPERK

VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE EN AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE

ONS MENING

Na ons mening is die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële stand van Remgro Beperk (die maatskappy) en sy filiale (tesame die groep) soos op 30 Junie 2017, en van die groep se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële prestasie en gekonsolideerde en afsonderlike kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

WAT ONS GEOUDIT HET

Remgro Beperk se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state soos uiteengesit op bladsy 18 tot 95 bestaan uit:

- die gekonsolideerde en afsonderlike state van finansiële stand soos op 30 Junie 2017;
- die gekonsolideerde en afsonderlike inkomstestate vir die jaar wat op daardie datum geëindig het;
- die gekonsolideerde en afsonderlike state van omvattende inkomste vir die jaar wat op daardie datum geëindig het;
- die gekonsolideerde en afsonderlike state van veranderinge in ekwiteit vir die jaar wat op daardie datum geëindig het;
- die gekonsolideerde en afsonderlike state van kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het; en
- die aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

GRONDSLAG VIR MENING

Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde ("ISAs") uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die *Ouditeur se verantwoordelikhede vir die oudit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state*-afdeling van ons verslag.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

ONAFHANKLIKHEID

Ons is onafhanklik van die groep in ooreenstemming met die *Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA)* se *Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code)* en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die *IRBA Code* en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika vervul. Die *IRBA Code* is konsekwent met die *International Ethics Standards Board for Accountants Code of Ethics for Professional Accountants (Parts A and B)*.

ONS OUDITBENADERING

OORSIG



Algehele groepswesentlikheid

- R506 miljoen, wat 5% van gekonsolideerde wins voor belasting en belang in wins van geëkwiteerde beleggings voor belasting, aangepas vir nie-herhalende items, verteenwoordig.

Omvang van groepsoudit

- Vol omvang oudits is uitgevoer vir alle beduidende komponente.
- Analitiese prosedures is uitgevoer vir komponente wat finansieel onbeduidend is.

Sleuteloudita angeleenthede

- Rekeningkundige hantering van geëkwiteerde beleggings;
- Beoordeling van waardedaling van geëkwiteerde beleggings; en
- Beoordeling van waardedaling van klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensdure.

As deel van die ontwerp van ons oudit, het ons wesentlikheid vasgestel en die risiko's van wesentlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike state beoordeel. Ons het spesifiek oorweeg waar die direkteure subjektiewe oordeel toegepas het, byvoorbeeld, ten opsigte van beduidende rekeningkundige ramings wat aannames en die oorweging van toekomstige gebeure wat inherent onseker is bevat. Soos in al ons oudits, het ons ook die risiko van bestuur se omseiling van interne beheermaatreëls aangespreek, insluitend onder andere, oorweging of daar bewyse van vooroordele was wat 'n risiko van wesentlike wanvoorstelling weens bedrog verteenwoordig.

WESENTLIKHEID

Die omvang van ons oudit is beïnvloed deur die toepassing van wesentlikheid. 'n Oudit is ontwerp om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesentlike wanvoorstelling. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesentlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie gekonsolideerde finansiële state geneem word sal beïnvloed.

Op grond van ons professionele oordeel, het ons sekere kwantitatiewe drempels vir wesentlikheid vasgestel, insluitend die algehele groepswesentlikheid vir die gekonsolideerde finansiële state as 'n geheel soos uiteengesit in die tabel hieronder. Hierdie, tesame met kwalitatiewe oorwegings, het ons gehelp om die omvang van ons oudit en die aard, tydsberekening en omvang van ons ouditprosedures te bepaal en die uitwerking van wanvoorstellings, individueel en in totaal, oor die finansiële state as 'n geheel te evalueer.

Algehele groepswesentlikheid	R506 miljoen
Hoe ons dit vasgestel het	5% van gekonsolideerde wins voor belasting en belang in wins van geëkwiteerde beleggings voor belasting, aangepas vir nie-herhalende items
Rasionaal vir die maatstaf waarop wesentlikheid bepaal is	Ons het wins voor belasting en belang in wins van geëkwiteerde beleggings voor belasting as die maatstaf gekies omdat dit, na ons mening, die maatstaf is waarteen die prestasie van die groep die mees algemeen deur gebruikers gemeet word. Wins voor belasting en belang in wins van geëkwiteerde beleggings voor belasting is aangepas om nie-herhalende items, soos uiteengesit in aantekening 3.1 tot die finansiële state, uit te sluit. Na ons mening, bied die uitsluiting van hierdie items 'n meer konsekwente grondslag aan vir die vasstelling van wesentlikheid, aangesien dit herhalende winste verteenwoordig.

HOE ONS DIE OMVANG VAN ONS GROEPSOUDIT VASGESTEL HET

Ons het die omvang van ons oudit vasgestel ten einde voldoende werk uit te voer om ons in staat te stel om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state as 'n geheel uit te spreek, inaggenome die struktuur van die groep, aard van die besigheid as 'n beleggingshouermaatskappy, en die rekeningkundige prosesse en kontroles.

Die omvang van ons groepsoudit het agt komponente ingesluit, wat of 'n finansieel beduidende komponent, of 'n komponent waarvan 'n geïdentifiseerde finansiële lynitem of -items beduidend of 'n area van hoër risiko geag is, of komponente wat in totaal saam met ander komponente finansieel beduidend is. Die oorblywende komponente is geag om finansieel onbeduidend te wees, individueel en in totaal. Ons het analitiese prosedures op hierdie komponente uitgevoer wat as finansieel onbeduidend geag is.

Groepsinstruksies is aan die ouditeure van komponente gekommunikeer. Die instruksies het die areas ingesluit waarop ons vereis het die komponentouditeure moet fokus, asook die inligting wat ons vereis hulle aan ons moet rapporteer. Ons het die rapportering van die komponentouditeure ondersoek en die impak daarvan op die gekonsolideerde finansiële state beoordeel. Ons het die werkspapiere van komponentouditeure wat verband hou met areas met beduidende risiko's in die gekonsolideerde finansiële state ondersoek.

SLEUTELOUDITAANGELEENTHEDE

Sleutelouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat volgens ons professionele oordeel van die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state vir die huidige tydperk. Hierdie aangeleenthede is aangespreek in die konteks van ons oudit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state as 'n geheel, en in die vorming van ons mening daaroor, en ons spreek nie 'n afsonderlike mening oor hierdie aangeleenthede uit nie.

GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

SLEUTELOUDITAANGELEENTHEID

Rekeningkundige hantering van geëkwiteerde beleggings
Die groep hou beduidende beleggings wat in terme van *IAS 28, "Investments in associates and joint ventures"* verantwoord word. Die groep se belang in die na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 was R7 545 miljoen en die drawaarde van die groep se geëkwiteerde beleggings was R80 883 miljoen op 30 Junie 2017.

Die ekwiteitsverantwoording van hierdie beleggings is geag as 'n aangeleentheid van mees beduidendheid tot ons huidige jaar oudit aangesien die berekeninge wat die ekwiteitsinskrywings ondersteun nie geoutomatiseer is nie en die beduidendheid van die ekwiteitsverantwoorde syfers in verhouding tot die gerapporteerde resultate van die groep.

Verder het sekere van die geëkwiteerde beleggings jaareindes wat nie ooreenstem met die groep se jaareinde nie. Die mees beduidende belegging in hierdie verband is Mediclinic International plc. Hierdie beleggings word geëkwiteer vanaf resultate vir 'n finansiële jaar wat nie meer as drie maande voor die groep se jaareinde eindig nie, soos toegelaat deur IFRS. Enige beduidende transaksies wat plaasvind tussen die geëkwiteerde beleggings se jaareinde en die groep se jaareinde word in ag geneem in die geëkwiteerde resultate van die betrokke geëkwiteerde belegging. Beduidende aanpassings in die huidige tydperk hou verband met dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings en die omskakeling van Mediclinic International plc se finansiële inligting teen die wisselkoers soos op 30 Junie 2017, aangesien die entiteit se aanbiedingsgeldeenheid Britse pond is.

Verwys na aantekening 4.1 tot die gekonsolideerde finansiële state vir verdere inligting.

HOE ONS OUDIT DIE SLEUTELOUDITAANGELEENTHEID AANGESPREEK HET

Ons het die ekwiteitsontleding vir elke belegging soos opgestel deur bestuur verkry en die syfers ooreengestem met die geouditeerde finansiële state van die onderliggende maatskappye. Ons het die berekening van die effektiewe belang in elke geëkwiteerde belegging herbereken deur die berekening ooreen te stem met die aantal aandele gehou en die uitgereikte aandelekapitaal van die onderliggende maatskappy. Ons het die wiskundige akkuraatheid van die ekwiteitsontleding nagegaan asook die groep se belang in geëkwiteerde winste, ander omvattende inkomste en ekwiteitsbewegings met die finansiële state van die onderliggende maatskappye ooreengestem en die inskrywings deurgevolg na die konsolidasiejoernale en konsolidasieskedules.

Ons het die konsolidasieberekeninge herbereken om die wiskundige akkuraatheid te toets. Ons het ook die volledigheid van joernaalinskrywings beoordeel met verwysing na die vorige jaar en korporatiewe transaksies deur die groep uitgevoer in die huidige jaar.

Die geassosieerdes en gesamentlike ondernemings is deur komponentouditeure geoudit. Ons het gesprekke met komponentouditeure gehad en groepsinstruksies aan hulle uitgereik soos beskryf in die afdeling "*Hoe ons die omvang van ons groepoudit vasgestel het*".

Ons het die vaardigheid, kennis en ervaring van die komponentouditeure beoordeel en die inligting wat deur komponentouditeure aan ons gerapporteer is ondersoek, asook hul werkspapiere ten opsigte van beduidende risiko's ondersoek, ten einde die toereikendheid van die prosedures uitgevoer ter ondersteuning van ons ouditmening te beoordeel.

Vir beleggings met jaareindes wat nie ooreenstem met die groep se jaareinde nie, het ons notules van onlangse direksievergaderings en persaankondigings gelees. Ons het met die groep se genomineerde direkteure enige beduidende of abnormale transaksies wat gedurende die tydperk van 1 April 2017 tot 30 Junie 2017 (die tydperk nie deur die groep geëkwiteer nie) plaasgevind het, en 'n uitwerking op die resultate en drawaarde van die geëkwiteerde belegging op 30 Junie 2017 kon hê, bespreek. Geen aanpassings buiten dié verantwoord deur bestuur is geïdentifiseer deur ons prosedures nie.

Ons het die komponentouditeure van Mediclinic International plc versoek om prosedures uit te voer om enige gebeure na dié maatskappy se jaareinde tot die rapporteringsdatum van die groep te identifiseer wat 'n impak op die geëkwiteerde resultate kon hê. Ons het die rapportering ontvang van die komponentouditeur in hierdie verband ondersoek en die impak daarvan op die groep se gekonsolideerde finansiële state beoordeel. Geen na-balansstaatgebeure is geïdentifiseer uit hierdie prosedures nie.

SLEUTELOUDITAANGELEENTHEID

Beoordeling van waardedaling van geëkwiteerde beleggings
Die groep het beduidende geëkwiteerde beleggings. In terme van IFRS, behoort die beoordeling van waardedaling uitgevoer te word indien enige aanwysers van waardedaling geïdentifiseer word. Soortgelyks behoort terugskrywings van waardedaling oorweeg te word indien aanwysers van ommekeer van vorige erkende waardedalingsverliese geïdentifiseer word.

Bestuur het gedurende die huidige jaar 'n terugskrywing van voorheen erkende waardedalingsverliese van R478 miljoen ten opsigte van Grindrod Beperk erken. Dit verteenwoordig 'n aanpassing van die drawaarde tot die belegging se billike waarde minus verkoopskoste gebaseer op die genoteerde markprys op 30 Junie 2017.

Bestuur het gedurende die huidige jaar aanwysers van waardedaling geïdentifiseer ten opsigte van beleggings gehou op 30 Junie 2017. Op grond van bestuur se beoordeling, is waardedalingsverliese van R177 miljoen erken ten opsigte van die beleggings in PGSI Beperk, Premier Team Holdings Beperk en Mainstreet 1131 Eiendoms Beperk. Die waardedalingsverliese verteenwoordig afskrywings van die geëkwiteerde drawaardes van die beleggings tot die verhaalbare waarde daarvan. Bestuur het die verhaalbare waarde bereken as billike waarde minus verkoopskoste gebaseer op verdiskonteerde kontantvloeie, netto batewaardes van die onderliggende bates of genoteerde markpryse op 30 Junie 2017.

Die beoordeling van waardedaling is as 'n mees beduidende aangeleentheid tot ons huidige jaar se oudit geag as gevolg van die moontlike finansiële omvang van waardedalingsverliese en -terugskrywings tot die gekonsolideerde finansiële resultate. Verder vereis die evaluasie oordeel en die berekening van verhaalbare bedrae wat 'n aantal hoofaannames bevat.

Verwys na aantekening 4.1 en 12.3 tot die gekonsolideerde finansiële state vir verdere inligting.

HOE ONS OUDIT DIE SLEUTELOUDITAANGELEENTHEID AANGESPREEK HET

Ons het bestuur se beoordeling van waardedalings ondersoek en beleggings onafhanklik beoordeel vir aanwysers van waardedaling.

Ons het die markwaardes van genoteerde beleggings ooreengestem met genoteerde markpryse op die rapporteringsdatum.

Ons het bestuur se waardasies van ongenoteerde beleggings verkry en die redelikheid van die hoofaannames, insluitend winsvooruitskattings, groeikoerse en verdiskonteringskoerse, met die bystand van ons waardasiekenners getoets. Ons het bewyse gevra om bestuur se aannames te ondersteun, insluitend die vergelyking van relevante aannames met industrie maatstawwe en ekonomiese vooruitskattings.

Ons het die integriteit van die ondersteunende berekeninge getoets en sekere inligting met onafhanklike bronne bevestig.

Ons het die onderliggende kontantvloeie met die goedgekeurde begrotings van die onderliggende maatskappye ooreengestem. Aannames oor toekomstige kontantvloeie is beoordeel deur vergelyking met huidige bedryfsresultate teenoor begrotings en vooruitskattings en deur 'n begrip te verkry vir die redes vir die groeiprofiele gebruik. Bestuur het toepaslike verduidelikings vir beduidende afwykings voorsien.

SLEUTELOUDITAANGELEENTHEID	HOE ONS OUDIT DIE SLEUTELOUDITAANGELEENTHEID AANGESPREEK HET
Beoordeling van waardedaling van klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensdure Die groep se netto bates sluit 'n beduidende bedrag ten opsigte van klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensdure in. Soos vereis deur die toepaslike rekeningkundige standaarde, het bestuur jaarlikse waardedalingstoetse uitgevoer om die verhaalbaarheid van die drawaarde van klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensdure te beoordeel. 'n Verdiskonteerde kontantvloeimodel word gebruik. Na aanleiding van die beoordeling, het die groep geen waardedalingsverliese erken nie, aangesien bestuur vasgestel het dat die verhaalbare waarde van alle kontantgenererende eenhede die drawaarde daarvan oorskry. Bestuur het 'n sensitiwiteitsontleding uitgevoer waarin die hoofaannames (verdiskonteringskoers en langtermyngroeikoers) wissel, ten einde die impak op die waardasies te beoordeel. Verwys na aantekening 10.3 tot die gekonsolideerde finansiële state vir die resultate van bestuur se sensitiwiteitsontleding. Ons het hierdie aangeleentheid geag as 'n mees beduidende aangeleentheid tot ons oudit, as gevolg van die omvang van verwante klandisiewaarde en ontasbare bate balanse, die toepaslike openbaarmakingsvereistes en die oordeel toegepas in bestuur se beoordeling. Verwys na aantekening 10.3 tot die gekonsolideerde finansiële state vir die verwante openbaarmakings.	Ons ouditprosedures het, onder andere, toetsing van die beginsels en integriteit van die groep se verdiskonteerde kontantvloeimodelle ingesluit. Ons het die akkuraatheid van die berekening vir elke model getoets en bewyse gevra om die hoofinsette in die berekeninge, soos die groei in omset, verdiskonteringskoers, langtermyngroeikoers en bedryfskapitaal aannames, te steun deur verwysing na die goedgekeurde besigheidsplan en markinligting buite die groep. Ons het ons waardasiekenners gebruik om die toepaslikheid van die verdiskonteringskoers te oorweeg. In die beoordeling van bestuur se vooruitskattings, het ons die historiese akkuraatheid van vooruitskattings oorweeg om die betroubaarheid daarvan te beoordeel deur die huidige jaar se werklike resultate te vergelyk met die oorspronklike vooruitskattings. Bestuur het toepaslike verduidelikings vir beduidende afwykings voorsien. Ons het onafhanklike sensitiwiteitsontledings op die waarde-dalingstoetse uitgevoer ten einde vas te stel tot watter mate hoofaannames moet verander ten einde 'n waardedaling tot gevolg te hê. Ons het die uitkomste met bestuur bespreek en, gebaseer op die bewyse verkry, bestuur se gevolgtrekking aanvaar dat die hoofaannames in die model redelik is. Ons het die grondslag van bestuur se waardedalingstoetse, soos aangedui in aantekening 10.3 tot die gekonsolideerde finansiële state, beoordeel teen die vereistes van die relevante rekeningkundige standaarde en gevind dat dit toepaslik is.
AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE	
Beoordeling van waardedaling van beleggings in filiale Die maatskappy hou beleggings in filiale met 'n historiese kosprys van R40 280 miljoen. Die belegging in Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk is geïdentifiseer vir die oorweging van waardedalingsverliese as gevolg van 'n beduidende afname in die genoteerde markprys van die onderliggende belegging in Mediclinic International plc. 'n Waardedalingsverlies van R11 115 miljoen is erken in die huidige jaar, wat 'n afskrywing na die belegging se verhaalbare waarde op 30 Junie 2017 verteenwoordig. Die beoordeling van waardedaling deur bestuur is as 'n mees beduidende aangeleentheid tot ons huidige jaar se oudit geag as gevolg van die moontlike finansiële omvang van waardedalingsverliese tot die maatskappy se finansiële state. Die evaluering vereis ook bestuur se oordeel in die besluit om 'n waardedalingsverlies te erken. Verwys na aantekening 2 tot die maatskappy se afsonderlike finansiële state vir die verwante openbaarmakings.	Ons het bestuur se berekening van die belegging se verhaalbare waarde en 'n begrip van die proses gevolg deur bestuur verkry. Ons het die waarde van die aandele gehou in Mediclinic International plc ooreengestem met die genoteerde markwaarde op 30 Junie 2017. Ons het die tekort tussen die belegging se kosprys en verhaalbare waarde herbereken en dit ooreengestem met die waardedalingsverlies wat in die maatskappy se finansiële state erken is. Geen uitsonderings is in hierdie verband opgemerk nie.

ANDER INLIGTING

Die direkteure is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die Remgro Beperk 2017 Finansiële Jaarstate wat die Verklaring deur die Maatskappysekretaris, die Verslag van die Oudit-en-Risikokomitee en die Verslag van die Raad van Direkteure soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika insluit, en die Remgro Beperk 2017 Geïntegreerde Jaarverslag. Ander inligting sluit nie die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditopinie of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesentlik teenstrydig is met die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesentlik wanvoorgestel te wees.

Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesentlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE DIREKTEURE VIR DIE GEKONSOLIDEERDE EN AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag vir die opstel van gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state is die direkteure daarvoor verantwoordelik om die groep en die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die direkteure beplan om die groep en/of die maatskappy te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEDE VIR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE EN AFSONDERLIKE FINANSIËLE STATE

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state as 'n geheel vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesentlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesentlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state geneem word sal beïnvloed.

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die ISAs oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risiko's van wesentlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesentlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesentlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die groep en die maatskappy se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die direkteure gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die direkteure se gebruik van die lopendesaak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesentlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die groep en die maatskappy se vermoë om as 'n lopende

saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesentlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die groep en/of die maatskappy ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.

- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.
- Verkry voldoende toepaslike ouditbewyse in verband met die finansiële inligting van die entiteite of besigheidsaktiwiteite binne die groep om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons is verantwoordelik vir die leiding, toesig en uitvoering van die groepsoudit. Ons bly uitsluitlik verantwoordelik vir ons ouditmening.

Ons kommunikeer met die direkteure oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

Ons voorsien ook die direkteure met 'n bevestiging dat ons relevante etiese vereistes rakende onafhanklikheid nagekom het, en ons kommunikeer aan hulle alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelikerwys geag kan word om ons onafhanklikheid te beïnvloed, sowel as voorsorgmaatreëls, waar dit van toepassing is.

Vanuit die aangeleenthede aan die direkteure gekommunikeer bepaal ons daardie aangeleenthede wat die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van die huidige tydperk, en dus as die sleutelouditaangeleenthede geag word. Ons beskryf hierdie aangeleenthede in ons ouditeursverslag tensy wetgewing of regulasies publieke openbaarmaking van die aangeleentheid verbied, of wanneer ons in uiterse seldsame omstandighede bepaal dat die aangeleentheid nie in ons verslag gekommunikeer moet word nie aangesien die negatiewe gevolge na verwagting swaarder sal weeg as die publieke belang-voordele van sodanige kommunikasie.

VERSLAG OOR ANDER REGS- EN REGULATORIESE VEREISTES

Ooreenkomstig die "IRBA"-reël wat in Staatskoerant 39475 van 4 Desember 2015 gepubliseer is, doen ons verslag dat PricewaterhouseCoopers Geïnk. vir die afgelope 49 jaar die ouditeur van Remgro Beperk is. Remgro Beperk se besigheid is voorheen deur Rembrandt Groep Beperk bedryf, waarvan, gebaseer op beskikbare statutêre rekords, PricewaterhouseCoopers Geïnk. en sy voorgangerfirmas die ouditeur vir die afgelope 69 jaar is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

Direkteur: N H Döman
Geregistreerde ouditeur

Stellenbosch
20 September 2017

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

OP 30 JUNIE 2017

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer*	1 Julie 2015 Herstateer*
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	10.1	**6 668**	6 500	5 985
Beleggingseiendomme	10.2	**129**	107	51
Ontasbare bates	10.3	**4 927**	4 993	5 710
Beleggings – Geëkwiteer	4.1	**80 883**	78 565	57 831
– Beskikbaar-vir-verkoop	4.3	**3 345**	3 408	2 493
Aftreevoordele	10.4	**201**	163	220
Lenings		**562**	880	977
Uitgestelde belasting	11.1	**23**	42	18
		96 738	94 658	73 285
Bedryfsbates		**22 317**	14 442	21 407
Voorraad	10.5	**3 055**	3 274	3 118
Biologiese landboubates	10.6	**791**	968	830
Debiteure en korttermynlenings	10.7	**4 885**	5 503	3 837
Afgeleide instrumente	6.3	**1**	8	10
Belasting		**84**	41	42
Belegging in geldmarkfondse	5.1	**5 888**	1 050	986
Kontant en kontantekwivalente	5.2	**7 524**	3 569	4 050
		22 228	14 413	12 873
Bates gehou vir verkoop	10.9	**89**	29	8 534
Totale bates		**119 055**	109 100	94 692
EKWITEIT EN LASTE				
Verklaarde kapitaal	7.1	**13 416**	3 605	3 605
Reserwes	7.2	**79 235**	75 456	69 781
Tesourie-aandele		**(219)**	(217)	(272)
Aandeelhouersekwiteit		**92 432**	78 844	73 114
Nie-beherende belang	7.3	**2 870**	2 813	2 803
Totale ekwiteit		**95 302**	81 657	75 917
Nie-bedryfslaste		**18 493**	20 821	5 404
Aftreevoordele	10.4	**173**	202	227
Langtermynlenings	6.1	**16 446**	17 799	3 547
Uitgestelde belasting	11.1	**1 511**	1 623	1 630
Afgeleide instrumente	6.3	**363**	1 197	–
Bedryfslaste		**5 260**	6 622	13 371
Handels- en ander krediteure	10.8	**4 710**	4 833	4 469
Korttermynlenings	6.2	**480**	1 660	366
Afgeleide instrumente	6.3	**62**	117	16
Belasting		**7**	12	53
		5 259	6 622	4 904
Laste gehou vir verkoop	10.9	**1**	–	8 467
Totale ekwiteit en laste		**119 055**	109 100	94 692

* *Verwys na aantekening 15 vir verdere inligting oor die herstatering.*

INKOMSTESTAAT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer*
Verkope	12.1	**27 600**	27 697
Voorraaduitgawes		**(16 138)**	(16 959)
Personeelkoste	12.2	**(4 972)**	(4 578)
Waardevermindering	12.3	**(752)**	(727)
Ander netto bedryfsuitgawes	12.3	**(4 978)**	(4 921)
Handelswins		**760**	512
Dividendinkomste	4.4	**61**	77
Rente ontvang		**633**	287
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe opsie*		**687**	(730)
Finansieringskoste		**(1 255)**	(903)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	12.3	**105**	(2 556)
Wins met die verkoop en verwatering van beleggings	12.3	**199**	2 451
Gekonsolideerde wins/(verlies) voor belasting		**1 190**	(862)
Belasting	11.3	**(227)**	21
Gekonsolideerde wins/(verlies) na belasting		**963**	(841)
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	4.2	**7 545**	6 250
Netto wins vir die jaar		**8 508**	5 409
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers		**8 431**	5 364
Nie-beherende belang		**77**	45
		8 508	5 409
VERDIENSTE PER AANDEEL (sent)	3.2		
Basies		**1 523.4**	1 022.4
Verwater		**1 517.2**	1 018.5

* *Verwys na aantekening 15 vir verdere inligting oor die herstatering.*

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	Ekwiteits-reserwes	Ander reserwes	Billike waarde reserwes	Behoue ver-dienste	Aandeel-houers-ekwiteit	Nie-beherende belang	Totale ekwiteit
30 Junie 2017							
Netto wins vir die jaar				**8 431**	**8 431**	**77**	**8 508**
Ander omvattende inkomste, na belasting	**300**	**(2 299)**	**84**	**(178)**	**(2 093)**	**(4)**	**(2 097)**
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:							
Wisselkoersaanpassings	**(1 958)**	**(2 289)**	**1**	**(227)**	**(4 473)**	**(4)**	**(4 477)**
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**–**	**(1)**	**70**	**–**	**69**	**–**	**69**
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	**–**	**–**	**21**	**–**	**21**	**–**	**21**
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	**(3)**	**(9)**	**(8)**	**1**	**(19)**	**(1)**	**(20)**
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**2 245**	**–**	**–**	**–**	**2 245**	**–**	**2 245**
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:							
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**–**	**–**	**–**	**66**	**66**	**2**	**68**
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**–**	**–**	**–**	**(18)**	**(18)**	**(1)**	**(19)**
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	**16**	**–**	**–**	**–**	**16**	**–**	**16**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**300**	**(2 299)**	**84**	**8 253**	**6 338**	**73**	**6 411**
30 Junie 2016							
Netto wins vir die jaar*				5 364	5 364	45	5 409
Ander omvattende inkomste, na belasting	1 337	423	408	411	2 579	–	2 579
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:							
Wisselkoersaanpassings	356	1 030	(32)	398	1 752	(7)	1 745
Billike waarde aanpassings vir die jaar	–	(14)	552	–	538	(4)	534
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	–	–	(112)	–	(112)	–	(112)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	(370)	(593)	–	–	(963)	12	(951)
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	1 653	–	–	–	1 653	(1)	1 652
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:							
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	–	–	–	19	19	–	19
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	–	–	–	(6)	(6)	–	(6)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	(302)	–	–	–	(302)	–	(302)
Totale omvattende inkomste vir die jaar*	1 337	423	408	5 775	7 943	45	7 988

* *Herstateer.*

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	Verklaarde en uitgereikte kapitaal	Tesourie-aandele	Ekwiteits-reserwes	Ander reserwes	Billike waarde reserwes	Behoue verdienste	Aandeel-houers-ekwiteit	Nie-beherende belang	Totale ekwiteit
30 Junie 2017									
Saldo's op 1 Julie	**3 605**	**(217)**	**28 582**	**1 844**	**728**	**44 302**	**78 844**	**2 813**	**81 657**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**–**	**–**	**300**	**(2 299)**	**84**	**8 253**	**6 338**	**73**	**6 411**
Dividende betaal	**–**	**–**	**–**	**–**	**–**	**(2 657)**	**(2 657)**	**(51)**	**(2 708)**
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**–**	**–**	**–**	**3**	**–**	**(2)**	**1**	**17**	**18**
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings	**–**	**–**	**(107)**	**121**	**–**	**–**	**14**	**4**	**18**
Oordrag van behoue inkomste van geëkwiteerde beleggings	**–**	**–**	**3 895**	**–**	**–**	**(3 895)**	**–**	**–**	**–**
Langtermyn aandele-aansporingskema-reserwe	**–**	**30**	**–**	**83**	**–**	**–**	**113**	**14**	**127**
Aandele uitgereik	**9 945**	**–**	**–**	**–**	**–**	**–**	**9 945**	**–**	**9 945**
Aandele uitreikingskoste	**(134)**	**–**	**–**	**–**	**–**	**–**	**(134)**	**–**	**(134)**
Aankoop van tesourie-aandele deur volfiliaal	**–**	**(32)**	**–**	**–**	**–**	**–**	**(32)**	**–**	**(32)**
Saldo's op 30 Junie	**13 416**	**(219)**	**32 670**	**(248)**	**812**	**46 001**	**92 432**	**2 870**	**95 302**
30 Junie 2016									
Saldo's op 1 Julie	3 605	(272)	22 676	1 400	320	45 385	73 114	2 803	75 917
Totale omvattende inkomste vir die jaar*	–	–	1 337	423	408	5 775	7 943	45	7 988
Dividende betaal	–	–	–	–	–	(2 285)	(2 285)	(73)	(2 358)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	–	–	–	–	–	–	–	31	31
Oordragte tussen reserwes en ander bewegings	–	–	(31)	18	–	27	14	1	15
Oordrag van behoue inkomste van geëkwiteerde beleggings	–	–	4 600	–	–	(4 600)	–	–	–
Langtermyn aandele-aansporingskema-reserwe	–	55	–	3	–	–	58	6	64
Saldo's op 30 Junie*	3 605	(217)	28 582	1 844	728	44 302	78 844	2 813	81 657

* *Herstateer.*

STAAT VAN KONTANTVLOEI

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer*
Kontantvloei – bedryfsaktiwiteite			
Handelswins		**760**	512
Aansuiwerings	5.3.1	**870**	989
Handelswins voor bedryfskapitaalveranderinge		**1 630**	1 501
Bedryfskapitaalveranderinge	5.3.2	**611**	(375)
Kontant uit bedrywighede voortgebring		**2 241**	1 126
Kontantvloei voortgebring uit beleggingsopbrengste		**4 796**	3 834
Rente ontvang		**633**	287
Dividende ontvang	5.3.3	**4 163**	3 547
Finansieringskoste		**(1 179)**	(795)
Belasting betaal	5.3.4	**(363)**	(328)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite		**5 495**	3 837
Dividende betaal	5.3.5	**(2 708)**	(2 358)
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite		**2 787**	1 479
Kontantvloei – beleggingsaktiwiteite			
Belegging in eiendom, aanleg en toerusting om bedrywighede te handhaaf		**(402)**	(492)
Belegging in eiendom, aanleg en toerusting en ander bates om bedrywighede uit te brei		**(955)**	(717)
Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates		**235**	501
Toevoegings tot beleggings en lenings		**(1 014)**	(18 031)
Besighede verkry		**–**	(22)
Opbrengs met verkoop van beleggings en lenings		**402**	58
Toename in geldmarkfondse		**(4 838)**	(64)
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite		**(6 572)**	(18 767)
Kontantvloei – finansieringsaktiwiteite			
Opbrengs van aandele uitgereik		**9 945**	–
Aandele uitreikingskoste		**(134)**	–
Aankoop van tesourie-aandele		**(32)**	–
Lenings terugbetaal		**(1 477)**	(19 541)
Lenings toegestaan		**233**	35 875
Kapitaal geïnvesteer deur minderhede		**18**	31
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite		**8 553**	16 365
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente		**4 768**	(923)
Wisselkoerswins/(-verlies) op buitelandse kontant		**(424)**	222
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		**3 128**	3 829
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		**7 472**	3 128
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand		**7 524**	3 569
Oortrokke bankrekening		**(52)**	(441)

* *Verwys na aantekening 15 vir verdere inligting oor die herstatering.*

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

INDEKS

1. Rekeningkundige beleid
2. Segmentverslag
3. Resultate
- 3.1 Verdienste en dividende
- 3.2 Per aandeel maatstawwe
- 3.3 Kontantdividend verklaar na jaareinde

4. Beleggings
- 4.1 Beleggings – Geëkwiteer
- 4.2 Ekwiteitsaansuiwering
- 4.3 Beleggings – Beskikbaar-vir-verkoop
- 4.4 Dividendinkomste

5. Kontantposisie
- 5.1 Belegging in geldmarkfondse
- 5.2 Kontant en kontantekwivalente
- 5.3 Kontantvloei-inligting

6. Finansiering en verpligtinge
- 6.1 Langtermynlenings
- 6.2 Korttermynlenings
- 6.3 Afgeleide instrumente
- 6.4 Verpligtinge
- 6.5 Leningsbevoegdhede
- 6.6 Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede

7. Ekwiteitsposisie
- 7.1 Verklaarde en uitgereikte kapitaal
- 7.2 Reserwes
- 7.3 Nie-beherende belang
- 7.4 Kapitaalbestuur

8. Aandeelgebaseerde betalings
- 8.1 Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (die SAR-skema)
- 8.2 RCL Foods Aandeleskemas

9. Direkteurs- en sleutelbestuurpersoneelvergoeding

10. Ander bates en laste
- 10.1 Eiendom, aanleg en toerusting
- 10.2 Beleggingseiendomme
- 10.3 Ontasbare bates
- 10.4 Aftreevoordele
- 10.5 Voorraad
- 10.6 Biologiese landboubates
- 10.7 Debiteure en korttermynlenings
- 10.8 Handels- en ander krediteure
- 10.9 Bates gehou vir verkoop

11. Belasting
- 11.1 Uitgestelde belasting
- 11.2 Belastingverliese
- 11.3 Belasting in inkomstestaat
- 11.4 Belastingkoersrekonsiliasie

12. Ander inkomste en uitgawes
- 12.1 Inkomste
- 12.2 Personeelkoste
- 12.3 Wins

13. Finansiële instrumente
- 13.1 Klasse finansiële instrumente en billike waarde
- 13.2 Finansiële instrumente en risikobestuur

14. Verwante partye
- 14.1 Verwante party transaksies
- 14.2 Belangrikste filiale
- 14.3 Belangrikste geëkwiteerde beleggings
- 14.4 Sleutelbestuurpersoneel
- 14.5 Aandeelhouers

15. Herstatering van vergelykende syfers
16. Gebeure na jaareinde
17. Nuwe rekeningkundige standaarde en interpretasies

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegrondslag, tensy anders vermeld, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die IFRS Vertolkingskomitee (IFRS VK) se interpretasies van toepassing op maatskappye wat onder IFRS verslag doen, die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, SAIGR se finansiële rapporteringsriglyne uitgereik deur die rekeningkundige praktykkomitee en die noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat konsekwent in alle tydperke wat aangebied word, toegepas is en is ook konsekwent met dit wat in die vorige jaar toegepas is, met die uitsondering van die implementering van die wysigings aan *IAS 16: Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *IAS 41: Landbou*. Hierdie wysigings moet terugwerkend toegepas word en gevolglik is die gerapporteerde resultate van beide vergelykende tydperke wat aangebied word, herstateer. Die herstaterings het betrekking op die herklassifikasie van draplante vanaf biologiese bates na eiendom, aanleg en toerusting, die oordrag van die oorblywende nie-bedryfsbiologiese bates (naamlik die produkte) na bedryfsbiologiese bates en die meting van die geherklassifiseerde bates onder die toepaslike rekeningkundige hantering. Weens Remgro se regte-uitgifte gedurende Oktober 2016, is die geweegde aantal uitgereikte aandele vir die vergelykende tydperk herbereken en gevolglik is die per aandeel maatstawwe herstateer. Verwys na aantekening 15 vir verdere inligting rakende die herstatering.

Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met IFRS vereis die gebruik van sekere kritieke rekeningkundige ramings. Dit vereis ook van bestuur om sy oordeel te gebruik in die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid. Die gebiede waar 'n groter mate van oordeel of kompleksiteit betrokke is, of waar aannames en ramings wesentlik vir die gekonsolideerde finansiële state is, word in aantekening VII van die rekeningkundige beleid uiteengesit.

Die oorkoepelende rekeningkundige beleid wat die groep toegepas het in die voorbereiding van die finansiële state word hieronder uiteengesit, terwyl dié wat verband hou met 'n spesifieke lynitem by die relevante aantekening ingesluit is.

(I) KONSOLIDASIE

Konsolidasie – filiale

Filiale is almal entiteite (insluitende gestruktureerde entiteite) waaroor die groep beheer het. Die groep beheer 'n entiteit wanneer dit blootgestel is aan, of regte het ten opsigte van, wisselende opbrengste wat spruit uit sy betrokkenheid by die entiteit, en oor die vermoë beskik om sodanige opbrengste te beïnvloed deur die beheer wat dit oor die entiteit uitoefen. Filiale word teen kosprys in die maatskappy se enkelstaat gemeet. Filiale word ten volle gekonsolideer vanaf die datum wat die groep beheer verkry. Hulle word gedekonsolideer vanaf die datum waarop die beheer ten einde loop.

Besigheidsamevoegings word volgens die verkrygingsmetode verantwoord. Die koopsom van 'n verkryging van 'n filiaal is die billike waarde van bates oorgedra, verpligtinge aangegaan deur die voormalige eienaars en ekwiteitsinstrumente uitgereik deur die groep. Die koopprys sluit ook die billike waarde van enige bate of verpligting, wat uit 'n voorwaardelike koopprys-ooreenkoms voortspruit, in. Identifiseerbare bates verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede aanvaar in besigheidsamevoegings word erken teen billike waarde op die aankoopdatum. Die groep meet, op 'n transaksie-vir-transaksie-basis, vir elke besigheidsamevoeging die nie-beherende aandeelhouersbelang in die verkrygde entiteit óf teen billike waarde óf teen die proporsionele deel van die verkrygde entiteit se identifiseerbare netto bates.

Kostes ten opsigte van die verkryging aangegaan word as uitgawes verantwoord soos dit aangegaan word.

Indien die besigheidsamevoeging stapsgewys uitgevoer word, word die billike waarde van die koper se vorige ekwiteitsbelang in die verkrygde soos op die verkrygingsdatum herberaam tot billike waarde, en enige winste of verliese wat uit sodanige hermeting ontstaan, word in wins of verlies erken.

Enige voorwaardelike bedrag betaalbaar word soos op die verkrygingsdatum teen billike waarde erken. Indien die voorwaardelike bedrag as 'n bate of las ingevolge IAS 39 geklassifiseer word, word enige verandering aan die billike waarde van die voorwaardelike bedrag betaalbaar in wins of verlies of ander omvattende inkomste erken. Indien die voorwaardelike bedrag as ekwiteit geklassifiseer word, word dit nie herwaardeer nie en enige skikking word in ekwiteit erken.

Die oorskot van die koopsom wat oorgedra is, die bedrag van enige nie-beherende belang in die verkrygde en die billike waarde, soos op die verkrygingsdatum, van enige vorige ekwiteitsbelang in die verkrygde wat die billike waarde van die identifiseerbare netto bates wat verkry is, oorskry, word as klandisiewaarde hanteer. As die totaal van die koopsom, erkende nie-beherende belange en die waarde van die belange wat voorheen gehou is minder is as die billike waarde van die netto belange van die filiaal verkry, word die gevolglike winskoop wat verkry is direk in die inkomstestaat erken.

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(I) KONSOLIDASIE (vervolg)

Konsolidasie – filiale (vervolg)

Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese word met konsolidasie uitgeskakel. Waar nodig, is bedrae wat deur filiale gerapporteer is, aangepas om dit in ooreenstemming met die groep se rekeningkundige beleid te bring.

Transaksies met nie-beherende belange wat nie verlies van beheer tot gevolg het nie, word verantwoord as ekwiteitstransaksies, dit wil sê as transaksies met die eienaars, in hul hoedanigheid as eienaars. Die verskil tussen die billike waarde van enige bedrag betaalbaar en die toepaslike gedeelte van die drawaarde van die netto bates van die filiaal wat verkry word, word in ekwiteit verantwoord. Winste of verliese op verkope aan nie-beherende belange word ook in ekwiteit verantwoord.

Wanneer die groep nie langer beheer het nie, word enige behoue belange in die entiteit teen billike waarde hermeet op die datum waarop beheer verloor is, en word die verskil in drawaarde in wins of verlies erken. Die billike waarde is die aanvanklike drawaarde vir die doel van die daaropvolgende verantwoording van die behoue belang as 'n geassosieerde, gesamentlike onderneming of finansiële bate. Daarby word enige bedrag, wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is ten opsigte van daardie entiteit, verantwoord asof die groep direk die verwante bates of laste van die hand gesit het. Dit beteken dat bedrae wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is, herklassifiseer word in wins of verlies.

(II) BUITELANDSE VALUTA

Funksionele en verslagdoeningsgeldeenheid

Items wat by die finansiële state van elk van die groep se entiteite ingesluit is, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedryf word, d.i. sy funksionele geldeenheid. Die funksionele geldeenheid van die maatskappy en die verslagdoeningsgeldeenheid van beide die maatskappy en die groep is rand. Alle bedrae, tensy anders aangetoon, word in miljoene getoon.

Transaksies en balanse

Transaksies in buitelandse geldeenhede word na die funksionele geldeenheid omgereken teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum heers. Wisselkoerswinste en -verliese wat ontstaan uit die vereffening van sulke transaksies en die omrekening op jaareinde teen die dan heersende wisselkoerse van monetêre bates en laste wat gedenomineer is in buitelandse geldeenhede, word in die inkomstestaat erken, tensy dit in ander omvattende inkomste uitgestel word as kwalifiserende kontantvloeiskanse en kwalifiserende netto beleggingskanse. Omrekeningsverskille op nie-monetêre items word volgens die klassifikasie van die onderliggende items verantwoord. Wisselkoerswinste en -verliese op finansiële instrumente geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop word in ander omvattende inkomste ingesluit, terwyl dié op finansiële instrumente gedra teen billike waarde deur wins en verlies as deel van die billike waarde wins of verlies verantwoord word.

Groepsentiteite

Die resultate en finansiële posisie van alle buitelandse bedrywighede (uitgesluit dié wat in hiperinflasionêre ekonomieë bedryf word) met 'n funksionele geldeenheid wat verskil van die groep se verslagdoeningsgeldeenheid, word soos volg na die verslagdoeningsgeldeenheid omgereken:

- Bates en laste word teen die sluitingskoers op die verslagdoeningsdatum omgereken
- Inkomste en uitgawes vir elke staat van wins en verlies en staat van omvattende inkomste word teen gemiddelde wisselkoerse omgeskakel (behalwe as dit nie 'n billike benadering is van die kumulatiewe effek van die koerse wat op die transaksiedatum geheers het nie, in welke geval inkomste en uitgawe op die datums van die transaksies omgeskakel word)
- Alle voortspruitende wisselkoersverskille word in ander omvattende inkomste verantwoord

Met konsolidasie word wisselkoersverskille, voortspruitend uit die omrekening van die netto belegging in buitelandse bedrywighede, en van lenings en ander geldeenheidinstrumente wat as skans van sulke beleggings aangewys is, in ander omvattende inkomste verantwoord. Met die vervreemding van buitelandse bedrywighede word die verwante wisselkoersverskille in die inkomstestaat erken as deel van die wins of verlies met die verkoop. Klandisiewaarde en billike waarde aanpassings voortspruitend uit die verkryging van buitelandse bedrywighede word as bates en laste van die buitelandse bedrywigheid hanteer en teen die sluitingskoers op die verslagdoeningsdatum omgereken.

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(II) BUITELANDSE VALUTA (vervolg)

Buitelandse geldeenhede gebruik

	30 Junie 2017	30 Junie 2016	*Beweging (%)*
SLUITINGSWISSELKOERSE			
SA rand/Britse pond	**17.0648**	19.5756	*12.8*
SA rand/VSA-dollar	**13.1062**	14.6994	*10.8*
SA rand/Switserse frank	**13.6612**	15.0750	*9.4*
SA rand/Euro	**14.9701**	16.3107	*8.2*
GEMIDDELDE WISSELKOERSE			
SA rand/Britse pond	**17.2386**	21.4340	*19.6*
SA rand/VSA-dollar	**13.5915**	14.4940	*6.2*
SA rand/Switserse frank	**13.7121**	14.7804	*7.2*
SA rand/Euro	**14.8204**	16.0853	*7.9*

(III) WAARDEDALING VAN BATES

Klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensduur

Hierdie bates word jaarliks oorweeg vir moontlike waardedalings. Ten einde te bepaal of 'n waardedaling daarop plaasgevind het, word klandisiewaarde toegedeel aan kontantgenererende eenhede. 'n Kontantgenererende eenheid is die laagste komponent van die besigheid wat in bestuurstate gemeet word en waarvan verwag word om kontantvloei te genereer wat grotendeels onafhanklik van 'n ander besigheidskomponent is. Waardedalingsverliese wat verband hou met klandisiewaarde word nie teruggeskryf nie. Enige waardedaling word in die inkomstestaat verantwoord.

Ander bates

Op elke rapporteringsdatum oorweeg die groep of daar objektiewe bewyse van 'n waardedaling van ander bates bestaan.

- **Waardedaling – filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes**

  'n Waardedaling van 'n bate vind plaas wanneer die drabedrag groter is as die verwagte verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van billike waarde minus verkoopskoste of die waarde in gebruik. Die drawaardes van filiale (met verwysing na die enkelstaat), gesamentlike ondernemings en geassosieerdes word hersien, indien daar objektiewe bewyse bestaan wat op 'n waardedaling dui, en afgeskryf vir waardedalings waar nodig.

- **Beleggingseiendomme, eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates met beperkte lewensduur**

  Waar geïdentifiseer word dat die verhaalbare bedrag van hierdie bates gedaal het benede die betrokke bates se drabedrag, word die drabedrag verminder ten einde die waardedaling te reflekteer. Sulke afskrywings word in die inkomstestaat verantwoord.

- **Finansiële instrumente getoon teen geamortiseerde koste**

  'n Waardedaling word erken en die finansiële bate se drabedrag word afgeskryf slegs indien daar objektiewe bewyse van 'n waardedaling bestaan en laasgenoemde die gevolg is van een of meer gebeure wat plaasgevind het na die aanvanklike erkenning van die bate ('n "waardedalingsgebeurtenis") en die waardedalingsgebeurtenis 'n uitwerking het op die verwagte toekomstige kontantvloei van die finansiële bate, en betroubaar gemeet kan word.

  Indien daar objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardedalingsverlies op lenings en debiteure wat teen geamortiseerde koste verantwoord word, plaasgevind het, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van die verwagte toekomstige kontantvloei verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers. Die drabedrag van die bate word verminder en die bedrag van die verlies word in die inkomstestaat verantwoord. As 'n praktiese hulpmiddel, mag die groep waardedaling meet op die basis van 'n instrument se billike waarde deur van waarneembare markpryse gebruik te maak.

  Indien die bedrag van die waardedalingsverlies in 'n daaropvolgende tydperk afneem en die afname objektief aan 'n gebeurtenis gekoppel kan word wat plaasgevind het nadat die aanvanklike waardedaling erken is, soos 'n verbeterde kredietgradering, word die waardedalingsverlies wat voorheen erken is teruggeskryf en in die inkomstestaat verantwoord.

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(III) WAARDEDALING VAN BATES (vervolg)

- **Finansiële bates getoon teen billike waarde**

  Indien enige objektiewe bewyse van 'n waardedaling bestaan vir finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop, word die kumulatiewe verlies, gemeet as die verskil tussen die verkrygingskoste en huidige billike waarde minus enige waardedalingsverliese ten opsigte van die finansiële bate wat voorheen in wins en verlies verantwoord is, uit ander omvattende inkomste verwyder en in die inkomstestaat verantwoord.

  Waardedalingsverliese op ekwiteitsinstrumente wat in die inkomstestaat verantwoord is, word nie later deur die inkomstestaat teruggeskryf nie, maar word in ander omvattende inkomste verantwoord.

- **Aanbieding**

  Aangesien die aard van die item beduidend is, word dit as 'n afsonderlike lynitem onder handelswins in die inkomstestaat aangebied.

(IV) ONDERSKEIDING TUSSEN KORTTERMYN/LANGTERMYN

Items word as korttermyn geklassifiseer indien daar verwag word dat dit gerealiseer, verhandel, verbruik of afgelos sal word binne twaalf maande na die verslagdoeningsdatum, óf indien die groep nie 'n onvoorwaardelike reg het om aflossing uit te stel tot ten minste twaalf maande na die verslagdoeningsdatum nie.

(V) INKOMSTESTAAT

Die samestelling van die groep se netto wins is relevant vir 'n behoorlike begrip van sy finansiële resultate. Vanweë die aard van die groep se bedrywighede is 'n wesentlike deel van sy netto wins afkomstig van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings. As gevolg hiervan word bykomende inligting ten opsigte van die groep se aandeel in die na-belaste wins van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings afsonderlik in aantekening 4.2 openbaar. Om vergelykbaarheid te bevorder word ekwiteitsverantwoorde inkomste van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings, wat op 'n na-belaste grondslag aangebied word, ná die belastinglyn in die inkomstestaat openbaar.

"Gekonsolideerde wins" verteenwoordig die wins van die maatskappy en sy filiale, voor ekwiteitsverantwoorde inkomste, terwyl "bedryfswins" die wins van die bedryfsfiliale in die groep, voor beleggingsinkomste, finansieringskoste en items van 'n kapitale aard, verteenwoordig.

(VI) VERDIENSTE MAATSTAWWE

Van tyd tot tyd mag korporatiewe bedrywighede daartoe lei dat wesentlike items in die inkomstestaat erken word wat nie uitgesluit mag word in die berekening van wesensverdienste nie. In sodanige gevalle mag die groep kies om alternatiewe verdienste maatstawwe te openbaar wat hierdie items uitsluit ten einde vergelykbaarheid tussen rapporteringstydperke te bevorder. Gedurende die vorige jaar het Mediclinic International plc (Mediclinic) verskeie korporatiewe transaksies aangegaan. Eenmalige transaksiekostes aangegaan in die vorige tydperk, asook die billike waarde aanpassings op afgeleide instrumente wat kleef aan die omruilbare skuldbriewe wat Remgro uitgereik het om 'n gedeelte van die aandele wat gekoop is te befonds, word teruggetel om 'n alternatiewe verdienstesyfer te bepaal.

(VII) KRITIESE REKENINGKUNDIGE OORDEEL EN KRITIESE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN AANNAMES

Die voorbereiding van die finansiële state noodsaak die gebruik van ramings, aannames en oordeel wat die gerapporteerde bedrae in die staat van finansiële stand en inkomstestaat beïnvloed. Hoewel ramings op bestuur se beste kennis en oordeel van bestaande feite op verslagdoeningsdatum gebaseer is, kan die werklike resultate van hierdie ramings verskil.

Kritiese oordeel in die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid
Die mees beduidende oordeel uitgeoefen hou verband met die klassifikasie van beleggings. Verwys na aantekening 4.1 vir verdere inligting.

Oordeel word ook toegepas ten opsigte van die bepaling van die funksionele geldeenheid van die buitelandse entiteite wat die groep se omruilbare skuldbriewe, kontant en korttermynbeleggings huisves. Die funksionele geldeenhede van hierdie entiteite word bepaal met verwysing na die geldeenheid waarin die entiteite se kontantinvloeie uit bedrywighede gegenereer word, aangesien dit die betroubaarste weerspieëling is van die ekonomiese impak van die onderliggende transaksies, gebeure en toestande. Die struktuur waarin die groep se omruilbare voorkeuraandele gehou word, het 'n sterk pond residuele risiko: beide deur die onderliggende belegging in Mediclinic en die eksterne befondsing. Die befondsing is grootliks verwyderd van Remgro omdat dit vanaf die skuldbriefhouers en die onderliggende beleggings kom.

Die bedrywighede van hierdie entiteite kan duidelik onderskei word van die houermaatskappy en die entiteite word afsonderlik van mekaar bedryf ingevolge 'n strategiese beleggingsplan om in sterk geldeenhede te belê en/of finansiering te werf, gebaseer op spesifieke en voorafbepaalde portefeuljetoekennings. Gevolglik word wisselkoersverskille wat op die omskakeling van hierdie entiteite na die verslagdoeningsgeldeenheid van die groep ontstaan, in ander omvattende inkomste uitgestel totdat dit gerealiseer is, in plaas daarvan om dit op 'n deurlopende basis in die inkomstestaat te verantwoord.

1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

(VII) KRITIESE REKENINGKUNDIGE OORDEEL EN KRITIESE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN AANNAMES (vervolg)

Kritiese ramings en aannames

Uitgestelde belasting op beleggings

Die groep voorsien uitgestelde belasting op alle tydelike verskille tussen die drawaarde en belastingbasis van beleggings deur die beraamde belastinggevolge te meet gebaseer op die wyse waarop die entiteit na verwagting (soos op die verslagdoeningsdatum) die drawaarde van die belegging sal verhaal:

- Geassosieerdes en gesamentlike ondernemings se drawaardes word hoofsaaklik deur nie-belasbare dividende verhaal en gevolglik word uitgestelde belasting op verbandhoudende tydelike verskille teen nul persent bereken.
- Beskikbaar-vir-verkoop finansiële instrumente se drawaardes word deur die verkoop daarvan en dividende verhaal. Die groep evalueer die waarskynlikste wyse waarop die drawaarde gerealiseer sal word en gebruik daarby 'n kombinasie van die dividend- of kapitaalwins-belastingkoers om uitgestelde belasting op verwante tydelike verskille te bepaal.

Ander beduidende ramings en aannames

Beduidende ramings en aannames is gebruik om die volgende te bepaal en/of te meet:

- Die afgeleide instrument ingebed in die omruilbare skuldbriewe;
- Die verkrygingsdatum billike waarde van bates en laste in besigheidsamevoegings en die verkryging van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings (met spesifieke verwysing na die verkryging van 'n addisionele belang in Mediclinic in die vorige jaar);
- Waardedaling ten opsigte van beleggings, beleggingseiendom, eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates en klandisiewaarde;
- Die nuttige lewensduur en reswaardes van beleggingseiendom en eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates;
- Na-aftreevoordele verpligtinge; en
- Aandeelgebaseerde betalingsuitgawes.

Besonderhede van hierdie ramings en aannames word uiteengesit in die toepaslike aantekeninge tot die finansiële jaarstate.

2. SEGMENTVERSLAG

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2017 Wesens-verdienste[1]	30 Junie 2017 Netto batewaarde Boek-waarde[2]	30 Junie 2017 Netto batewaarde Intrinsieke waarde	Jaar geëindig 30 Junie 2016 Wesens-verdienste[1] Herstateer*	30 Junie 2016 Netto batewaarde Boek-waarde[2] Herstateer*	30 Junie 2016 Netto batewaarde Intrinsieke waarde
Gesondheidsorg						
Mediclinic	**1 875**	**33 763**	**41 568**	1 566	33 629	69 691
Bankwese						
RMBH	**2 232**	**14 016**	**23 350**	2 112	13 132	22 356
FirstRand	**931**	**5 010**	**10 365**	877	4 652	9 857
Verbruikersprodukte						
Unilever	**449**	**3 737**	**10 702**	461	3 589	10 650
Distell	**481**	**3 727**	**9 556**	499	3 500	10 723
RCL Foods*	**424**	**7 553**	**10 173**	645	7 272	9 278
Versekering						
RMI Holdings	**1 041**	**7 277**	**17 532**	888	7 157	18 526
Nywerheid						
Air Products	**298**	**1 047**	**4 298**	275	933	4 241
KTH	**34**	**1 684**	**2 466**	(229)	1 631	2 723
Total	**224**	**1 640**	**2 167**	291	1 575	1 879
PGSI	**25**	**643**	**643**	36	734	734
Wispeco	**169**	**821**	**1 368**	144	702	1 055
Infrastruktuur						
Grindrod	**(48)**	**1 915**	**1 915**	(45)	1 986	1 986
CIV groep	**110**	**2 242**	**4 829**	64	1 871	3 166
SEACOM	**(33)**	**321**	**896**	(33)	655	1 043
Ander infrastruktuurbelange	**7**	**520**	**520**	20	540	540
Media en sport						
eMedia Investments	**49**	**1 147**	**1 424**	28	1 116	1 342
Ander media- en sportbelange	**(107)**	**365**	**319**	(64)	328	328
Ander beleggings	**70**	**3 947**	**3 932**	67	3 737	3 717
Sentrale tesourie						
Finansieringsinkomste/Kontant by die kern	**349**	**12 223**	**12 223**	125	3 778	3 778
Finansieringskoste/Skuld by die kern	**(216)**	**(13 907)**	**(13 907)**	(1 602)	(16 452)	(16 452)
Ander netto korporatiewe koste/bates	**(143)**	**2 741**	**3 164**	(251)	2 779	3 149
	8 221	**92 432**	**149 503**	5 874	78 844	164 310
Potensiële KWB-aanspreeklikheid			**(7 010)**			(6 526)
Totaal		**92 432**	**142 493**		78 844	157 784

Verwys na aantekening 12.1 vir addisionele segmentinligting.

[1] *Verwys na aantekening 3.1 vir die berekening van wesensverdienste.*
[2] *Totale boekwaarde is gelyk aan aandeelhouersekwiteit.*
* *Verwys na aantekening 15 vir inligting oor die herstatering.*

2. SEGMENTVERSLAG (vervolg)

Segmentinligting
Bedryfsegmente word aangebied op 'n soortgelyke wyse as wat dit vir doeleindes van interne rapportering aan die hoofbedryfsbesluitnemer gebied word. Die hoofbedryfsbesluitnemer, wat verantwoordelik is vir die toewysing van hulpbronne en evaluering van die prestasie van die bedryfsegmente, is geïdentifiseer as die raad van direkteure van die maatskappy, wat strategiese besluite neem. Elke beduidende belegging word as 'n bedryfsegment geklassifiseer.

Die intrinsieke netto batewaarde is een van die maatstawwe wat die hoofbedryfsbesluitnemer gebruik om die waarde wat vir aandeelhouers geskep is en die prestasie van elke bedryfsegment te beoordeel en daarom is dit vir die eerste keer as deel van die groep se segmentinligting aangebied. Vir vergelykbaarheidsdoeleindes word die vorige jaar se inligting ook aangebied. Die intrinsieke waarde van bates word as volg bepaal:

- **Genoteerde beleggings** – die aantal aandele gehou, vermenigvuldig met die markprys op die verslagdoeningsdatum (Vlak 1)
- **Ongenoteerde beleggings** – direkteurswaardasies bepaal deur gebruik te maak van die waarderingsmetodes soos hieronder uiteengesit (Vlak 3)
- **Kontant en skuld by die kern** – IFRS-drawaarde. Kontant by die kern sluit die kontant van filiale wat apart waardeer word (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco) uit
- **Ander korporatiewe bates** – IFRS-drawaarde, met die uitsondering van beleggingseiendomme (Vlak 3) wat ingesluit word teen die billike waarde soos openbaar in aantekening 10.2

Verwys na aantekening 14.3 wat aandui watter beleggings genoteer en watter beleggings ongenoteer is. Die intrinsieke netto batewaarde sal nie noodwendig ooreenstem met die waardes volgens die staat van finansiële stand nie, omdat laasgenoemde volgens IFRS gemeet word soos uiteengesit in die groep se rekeningkundige beleid.

Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar-vir-verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" ingesluit.

Die waarde wat vir Distell openbaar word, sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.

Waardasie van ongenoteerde beleggings
Remgro neem die regte en verpligtinge voortspruitend uit die relevante aandeelhouersooreenkomste in ag met die waardering van ongenoteerde beleggings. 'n Gemiddelde markdeelnemer mag moontlik nie hierdie regte en verpligtinge hê nie en kan dus tot ander gevolgtrekkings as dié van Remgro ten opsigte van hierdie beleggings kom.

Die hoofaannames wat gebruik is in die waardasie van die ongenoteerde beleggings is verdiskonteringskoerse, wat wissel tussen 5.0% en 40.0% (2016: 5.0% en 30.0%), en terminale groeikoerse, wat wissel tussen 4.6% and 1.0% (2016: 4.5% en 2.0%).

Dit is Remgro se beleid om geen beheerpremie te plaas op die waardasie van beleggings waar 'n meerderheidsbelang gehou word nie. In gevalle waar Remgro 'n minderheidsbelang hou, word 'n verhandelbaarheidsdiskonto toegepas.

Remgro se ongenoteerde beleggings is soos volg waardeer:

BELEGGING	WAARDASIEMETODOLOGIE
Air Products	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Business Partners	Netto batewaarde
CIV groep	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Kagiso Tiso Holdings	Jaarlikse eksterne waardasie
PGSI	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
PRIF	Jaarlikse eksterne waardasie
eMedia	Vergelykbare markprys
SEACOM	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Total	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Unilever	Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Wispeco	Verdiskonteerde kontantvloei-metode

Nie-bedryfsbates ten bedrae van R38 271 miljoen (2016: R38 600 miljoen) is in die buiteland geleë.

3. RESULTATE

3.1 VERDIENSTE EN DIVIDENDE

R miljoen	30 Junie 2017 Bruto	30 Junie 2017 Netto	30 Junie 2016 Bruto Herstateer	30 Junie 2016 Netto Herstateer
WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE				
Netto wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers (verdienste)		**8 431**		5 364
– Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	**(302)**	**(302)**	1 862	1 862
– Waardedaling van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**5**	**5**	–	–
– Netto waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**181**	**102**	37	33
– Waardedaling van ontasbare bates	**–**	**–**	644	439
– Waardedaling van bates gehou vir verkoop	**–**	**–**	7	7
– Wins met die verkoop en verwatering van geëkwiteerde beleggings	**(199)**	**(199)**	(2 349)	(2 349)
– Wins met die verkoop van beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**–**	**4**	(153)	(151)
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	**–**	**–**	51	40
– Netto (wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(110)**	**(67)**	10	6
– Verlies met die verkoop van biologiese landboubates	**–**	**–**	9	5
– Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	**223**	**247**	633	618
– Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(19)**	**(18)**	(27)	(24)
– Wins met verkoop van beleggings	**(325)**	**(304)**	(216)	(216)
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**668**	**670**	809	792
– Ander nie-herhalende en kapitale items	**(101)**	**(101)**	67	66
Wesensverdienste		**8 221**		5 874
Eenmalige koste		**–**		788
Opsie hermeting		**(687)**		730
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting		**7 534**		7 392

Ingesluit in wesensverdienste is 'n positiewe billike waarde aanpassing van R687 miljoen (2016: negatiewe billike waarde aanpassing van R730 miljoen) wat verband hou met die verandering in waarde van die skuldbriefhouers se omruilopsie (verantwoord as 'n afgeleide verpligting) van die skuldbriewe ("opsie hermeting") wat in Maart 2016 uitgereik is om die buitelandse oorbruggingsfinansiering gedeeltelik te herfinansier wat met die Al Noor Hospitals Group plc (Al Noor)-transaksie bekom is. Die skuldbriewe is omruilbaar vir Mediclinic plc-aandele en/of kontant en billike waarde aanpassings op die opsie (wat *inter alia* bewegings in die onderliggende aandeelprys van Mediclinic plc weerspieël) kan moontlik gedurende die vyfjaar-termyn onbestendigheid in wesensverdienste veroorsaak.

Ingesluit in die wesensverdienste vir die vorige jaar is eenmalige transaksiekoste wat aangegaan is met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie ten bedrae van R788 miljoen, waarvan R402 miljoen Remgro se eie koste en R386 miljoen Remgro se gedeelte van Mediclinic se transaksiekoste was ("eenmalige koste").

3. RESULTATE (vervolg)

3.2 PER AANDEEL MAATSTAWWE

Sent	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
VERDIENSTE PER AANDEEL		
Wesensverdienste per aandeel		
– Basies	**1 485.5**	1 119.6
– Verwater	**1 479.5**	1 115.0
Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting		
– Basies	**1 361.3**	1 409.0
– Verwater	**1 355.5**	1 404.4
Verdienste per aandeel		
– Basies	**1 523.4**	1 022.4
– Verwater	**1 517.2**	1 018.5
BATEWAARDE PER AANDEEL		
– Intrinsieke NBW (Rand)	**251.48**	306.44
– Boek NBW (Rand)	**163.13**	153.13
– Remgro-aandeelprys (Rand)	**213.46**	254.66
– Persentasie diskonto teenoor NBW	**15.1**	16.9
DIVIDEND PER AANDEEL (SENT)		
– Tussen	**194**	185
– Finaal	**301**	275
– Totaal	**495**	460

Verdienste per aandeel

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal uitgereikte aandele na aftrekking van tesourie-aandele as noemer gebruik.

Rekonsiliasie van die geweegde aantal aandele	30 Junie 2017 Aantal aandele	30 Junie 2016 Aantal aandele Herstateer
Aantal uitgereikte aandele aan die begin van die jaar	**516 612 722**	516 612 722
Aanpassing vir die regte-uitgifte (verwys na aantekening 15)	**9 994 195**	9 994 195
Geweegde aantal aandele uitgereik gedurende die jaar	**28 539 094**	–
Geweegde aantal tesourie-aandele	**(1 722 665)**	(1 978 660)
Geweegde aantal aandele	**553 423 346**	524 628 257

3. RESULTATE (vervolg)

3.2 PER AANDEEL MAATSTAWWE (vervolg)

Verwaterde verdienste per aandeel

In die berekening van verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal uitgereikte aandele aangepas vir die geagte verwateringseffek van die aanbiedinge aanvaar deur deelnemers van die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (die SAR-skema), maar nog nie gelewer nie.

Die lewering van skema-aandele aan deelnemers sal geag word 'n uitgifte van aandele te wees. Aangesien die markwaarde (billike waarde) van die aandele op die datum van lewering sal verskil van die aanbodwaarde, sal die aantal aandele wat daardie verskil verteenwoordig, geag word 'n uitgifte van gewone aandele sonder teenprestasie te wees.

Sommige filiaal- en geëkwiteerde beleggings het soortgelyke bestuursaansporingskemas sowel as ander instrumente wat in die toekoms tot 'n verwatering van dié maatskappye se verdienste aanleiding kan gee. Ten einde Remgro se verwaterde verdienste per aandeel te bereken, is R23 miljoen (2016: R13 miljoen) en R23 miljoen (2016: R11 miljoen) teen onderskeidelik wesensverdienste en verdienste verreken ten einde die potensiële verwateringseffek te verantwoord.

In die berekening van Remgro se verwaterde wesensverdienste per aandeel, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting, vir die jaar geëindig 30 Junie 2017, is R23 miljoen (2016: R11 miljoen) teen wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting, verreken om die potensiële verwateringseffek te verantwoord.

Rekonsiliasie van die geweegde aantal uitgereikte aandele vir verwaterde verdienste per aandeel	30 Junie 2017 Aantal aandele	30 Junie 2016 Aantal aandele Herstateer
Geweegde aantal aandele	**553 423 346**	524 628 257
Aanpassing vir die potensiële verwateringseffek van die SAR-skema	**714 157**	965 504
Verwaterde geweegde aantal aandele	**554 137 503**	525 593 761

Batewaarde per aandeel

In die bepaling van batewaarde per aandeel is die aantal uitgereikte aandele, na aftrekking van tesourie-aandele, as noemer gebruik (verwys na aantekening 7.1.3) en intrinsieke NBW en boek NBW as die onderskeie tellers.

3.3 KONTANTDIVIDEND VERKLAAR NA JAAREINDE

'n Finale bruto dividend van 301 sent (2016: 275 sent) per aandeel is uit inkomstereserwes verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die jaar geëindig 30 Junie 2017.

Dividendterughoubelasting van 20% of 60.2 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 240.8 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividendterughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die totale bruto dividend per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 bedra dus 495 sent teenoor 460 sent vir die vergelykende jaar geëindig 30 Junie 2016.

Die uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 529 217 007 (2016: 481 106 370) gewone aandele en 39 056 987 (2016: 35 506 352) B-gewone aandele.

4. BELEGGINGS

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Geassosieerdes	**75 392**	73 418
Gesamentlike ondernemings	**5 491**	5 147
Beleggings – geëkwiteer	**80 883**	78 565
Beleggings – beskikbaar-vir-verkoop	**3 345**	3 408
Totale beleggings	**84 228**	81 973

4.1 BELEGGINGS – GEËKWITEER

Ekwiteitsverantwoorde beleggings

Beleggings wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word is gesamentlike ondernemings (entiteite waaroor Remgro gesamentlike beheer het volgens kontraktuele regte) en geassosieerdes (entiteite waaroor die groep beduidende invloed het, maar nie beheer nie; normaalweg gepaardgaande met 'n aandeelhouding wat tussen 20% en 50% van stemreg gee in die belegging).

Ekwiteitsverantwoording

Volgens die ekwiteitsmetode in rekeningkunde word beleggings aanvanklik teen koste erken. Die drawaarde sluit klandisiewaarde wat met verkryging identifiseer is in. Na aanvanklike erkenning word die drawaarde aangepas om die groep se belang in na-verkrygde winste of verliese en bewegings in ander omvattende inkomste en ekwiteit te erken en die meegaande inskrywing word in die inkomstestaat (vir die groep se gedeelte van winste en verliese) of ander omvattende inkomste of staat van verandering in ekwiteit (vir die groep se gedeelte van ander omvattende inkomste en ander ekwiteitsbewegings nadat die aard van elke transaksie in ag geneem is) verreken. Dividende ontvang word teen die drawaarde van die belegging verreken. Wanneer die groep se belang in verliese in 'n ekwiteitsverantwoorde belegging gelyk is aan, of sy belang in die belegging (wat enige langtermynbelang wat in wese deel vorm van die groep se netto belegging in die entiteit) oorskry, word verdere verliese nie erken nie, tensy die groep verpligtinge aangegaan of betalings namens die belegging gedoen het (wat enige langtermynlenings, wat deel van die groep se netto belegging vorm, insluit).

Die rekeningkundige beleid van ekwiteitsverantwoorde beleggings is, waar nodig, verander om konsekwentheid te verseker met die beleide wat deur die groep aangeneem is.

Ongerealiseerde winste en verliese op transaksies tussen die groep en sy ekwiteitsverantwoorde beleggings word uitgeskakel tot die mate van die groep se belang in hierdie beleggings, tensy verliese bewys lewer van 'n waardedaling van die onderliggende bate.

Die groep bepaal op elke verslagdoeningsdatum of daar objektiewe bewyse is dat ekwiteitsverantwoorde beleggings 'n waardedaling ondergaan het. Indien dit die geval is, bereken die groep die waardedaling as die verskil tussen die verhaalbare bedrag van die belegging en sy drawaarde en erken hierdie bedrag in die inkomstestaat.

As die eienaarsbelang in 'n ekwiteitsverantwoorde belegging verminder, maar wesentlike invloed of gesamentlike beheer behou word, word slegs 'n eweredige deel van die bedrae wat voorheen erken is in ander omvattende inkomste, waar toepaslik, herklassifiseer in wins of verlies. Ekwiteitstransaksies deur hierdie entiteite wat tot 'n verwatering in die groep se belang lei, word ook as gedeeltelike verkoopstransaksies hanteer.

Kritiese oordeel

Die mees kritiese oordeel uitgeoefen hou verband met die klassifikasie van beleggings as geassosieerdes eerder as filiale of finansiële instrumente teen billike waarde. Daar is ook beleggings, met spesifieke verwysing na die belegging in Mediclinic International plc (Mediclinic), waar Remgro 'n belang van minder as 50% van die stemreg het, maar waar die groep *de facto* beheer mag hê. Die direksie het oorweeg of die groep *de facto* beheer oor hierdie belegging het en tot die slotsom gekom dat Remgro nie hierdie maatskappy beheer nie. Mediclinic se tersaaklike bedrywighede word deur sy raad van direkteure beheer. Remgro het nie die reg om die meerderheid van Mediclinic se direksie aan te stel nie en kan gevolglik nie Mediclinic se tersaaklike bedrywighede beheer nie. Die onlangse deelname en stemming by Mediclinic-aandeelhouersvergaderings is ook oorweeg: hierdie was onbeslis en ondersteun die direksie se siening dat Remgro nie Mediclinic beheer nie. Dienooreenkomstig word Mediclinic as 'n geassosieerde verantwoord en nie as 'n filiaal nie. Daar is sekere beleggings waaroor, na die mening van Remgro, 'n beduidende invloed uitgeoefen word, alhoewel Remgro 'n belang van minder as 20% in hierdie maatskappye het. Aangesien Remgro egter direksieverteenwoordiging het en een van die grootste aandeelhouers in hierdie maatskappye is, het hy beduidende invloed op hulle finansiële en bedryfsbeleid. Gevolglik word hierdie beleggings volgens die ekwiteitsmetode as geassosieerdes verantwoord en nie as finansiële instrumente teen billike waarde nie.

4. BELEGGINGS (vervolg)

4.1 BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

Die groep se vernaamste geassosieerdes en gesamentlike ondernemings is:

BELEGGING	KLASSIFIKASIE	BESIGHEID
Distell	Gesamentlike onderneming	Vervaardiger en uitvoerder van Suid-Afrikaanse wyn en spiritualieë
FirstRand	Geassosieerde	Ingelyf in Suid-Afrika en bedryf as Eerste Nasionale Bank en Rand Aksepbank
Mediclinic	Geassosieerde	Ingelyf in die Verenigde Koninkryk en bedryf private mediese fasiliteite in Suid-Afrika, die Midde-Ooste, Switserland en die Verenigde Koninkryk
RMBH	Geassosieerde	Suid-Afrikaanse beleggingshouermaatskappy, met hoofsaaklik 'n belang van 34% in FirstRand
RMI Holdings	Geassosieerde	Suid-Afrikaanse beleggingshouermaatskappy, met wesentlike beleggings in die versekeringsbedryf

4.1.1 GEASSOSIEERDES

R miljoen	30 Junie 2017 Genoteer	Ongenoteer	Totaal	30 Junie 2016 Genoteer	Ongenoteer	Totaal
Aandele – teen kosprys	**37 754**	**7 141**	**44 895**	37 012	7 112	44 124
Ekwiteitsaansuiwering	**25 591**	**4 673**	**30 264**	24 611	4 516	29 127
Drawaarde	**63 345**	**11 814**	**75 159**	61 623	11 628	73 251
Langtermynlenings	**–**	**233**	**233**	–	167	167
	63 345	**12 047**	**75 392**	61 623	11 795	73 418
Markwaarde van genoteerde beleggings	**96 606**			124 005		

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Drawaarde aan die begin van die jaar	**73 418**	52 869
Belang in netto toeskryfbare wins van geassosieerdes	**7 160**	5 735
Dividende ontvang van geassosieerdes	**(3 614)**	(3 678)
Beleggings gemaak[1]	**442**	18 441
Verwateringsuitwerkings[2]	**132**	1 892
Wisselkoersverskille	**(4 950)**	(1 233)
Waardedalings[3]	**(162)**	(1 920)
Terugskryf van waardedalings[3]	**479**	52
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	**2 420**	1 250
Lenings toegestaan	**69**	10
Lenings terugbetaal	**(2)**	–
Drawaarde aan die einde van die jaar	**75 392**	73 418

(1) Die jaar onder oorsig sluit beleggings in Capevin Holdings (R265 miljoen), Dynamic Commodities (R82 miljoen) en Joya Brands (R51 miljoen) in. Die vorige jaar sluit beleggings van R18.2 miljard met betrekking tot Mediclinic in.

(2) Die vorige jaar het 'n wins van R1.9 miljard ingesluit wat gerealiseer is met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic as gevolg van die Al Noor-transaksie. Reserwes van R369 miljoen is na die inkomstestaat gerealiseer.

(3) Die jaar onder oorsig sluit waardedalings van die beleggings in PGSI (R87 miljoen), Premier Team Holdings (R74 miljoen) en Mainstreet 1131 (R17 miljoen) in. Hierdie waardedalings is gedoen gebaseer op die beleggings se billike waarde minus verkoopskoste. In die vorige jaar het die belegging in Grindrod 'n waardedaling van R1.9 miljard ondergaan. Hierdie waardedaling is intussen met R479 miljoen teruggeskryf aangesien die genoteerde markprys van die belegging beduidend hoër is as sy drawaarde waarteen 'n waardedaling geboekstaaf is.

4. BELEGGINGS (vervolg)

4.1 BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

4.1.1 GEASSOSIEERDES (vervolg)

Uiteengesit hieronder is die verkorte finansiële inligting, sowel as 'n rekonsiliasie van dié inligting tot die drawaarde, van die groep se vernaamste geassosieerdes wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word.

	Jaar geëindig			
	30 Junie 2017			31 Maart 2017
R miljoen	RMI	RMBH	FirstRand	Mediclinic
Verkorte staat van omvattende inkomste				
Inkomste	14 200	16	44 917	50 609
Wins voor belasting	4 789	8 207	33 157	5 652
Belasting	(1 084)	(5)	(7 018)	(1 178)
Wins na belasting	3 705	8 202	26 139	4 474
Toeskryfbaar aan nie-beherende aandeelhouers	(378)	–	(1 567)	(258)
Toeskryfbare wins vir die jaar	3 327	8 202	24 572	4 216
Wesensverdienste	3 441	7 927	23 762	4 216
Ander omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	(620)	(698)	(1 998)	7 474
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	2 707	7 504	22 574	11 690
Verkorte staat van finansiële stand				
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	672	–	131 852	–
Ontasbare bates	90	–	1 686	36 792
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	1 338	–	9 388	63 549
Beleggings en lenings	36 837	43 578	7 842	8 072
Bedryfsbates	2 478	56	9 025	18 242
Totale bates	41 415	43 634	159 793	126 655
	(22 140)	(2 253)	(50 909)	(56 928)
Nie-beherende belang	(1 215)	–	(8 300)	(1 331)
Nie-bedryfslaste	(19 536)	(2 166)	(25 318)	(45 529)
Bedryfslaste	(1 389)	(87)	(17 291)	(10 068)
Netto bates	19 275	41 381	108 884	69 727
Rekonsiliasie na drawaarde				
Remgro se effektiewe belang	29.86%	28.15%	3.92%	44.58%*
Remgro se effektiewe belang in netto bates	5 756	11 651	4 267	31 086
Klandisiewaarde/winskoopprys-aanpassing	1 521	2 365	744	2 941
Dividende ontvang sedert geassosieerdes se verslagdatum	–	–	–	(264)
Drawaarde op 30 Junie 2017	7 277	14 016	5 011	33 763
Billike waarde van genoteerde beleggings	17 532	23 350	10 365	41 568
Dividende ontvang	531	1 216	521	441

* *Remgro se belang in Mediclinic op 31 Maart 2017. 30 949 879 Mediclinic-aandele dien as sekuriteit vir die omruilbare skuldbriewe.*

4. BELEGGINGS (vervolg)

4.1 BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

4.1.1 GEASSOSIEERDES (vervolg)

Uiteengesit hieronder is die verkorte finansiële inligting, sowel as 'n rekonsiliasie van dié inligting tot die drawaarde, van die groep se vernaamste geassosieerdes wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word.

	Jaar geëindig			
	30 Junie 2016			31 Maart 2016
R miljoen	RMI	RMBH	FirstRand	Mediclinic
Verkorte staat van omvattende inkomste				
Inkomste	13 538	7	42 041	43 678
Wins voor belasting	4 200	7 574	30 687	5 079
Belasting	(893)	(15)	(6 612)	(1 140)
Wins na belasting	3 307	7 559	24 075	3 939
Toeskryfbaar aan nie-beherende aandeelhouers	(330)	–	(1 512)	(269)
Toeskryfbare wins vir die jaar	2 977	7 559	22 563	3 670
Wesensverdienste	2 935	7 503	22 387	3 670
Ander omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	287	100	102	974
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	3 264	7 659	22 665	4 644
Verkorte staat van finansiële stand				
Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	257	–	125 044	–
Ontasbare bates	113	–	1 569	37 722
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	1 044	–	8 012	62 936
Beleggings en lenings	28 341	39 542	6 730	9 044
Bedryfsbates	6 915	31	10 580	18 499
Totale bates	36 670	39 573	151 935	128 201
	(18 114)	(1 329)	(52 190)	(59 510)
Nie-beherende belang	(1 170)	–	(8 320)	(1 194)
Nie-bedryfslaste	(9 835)	(1 237)	(26 315)	(42 910)
Bedryfslaste	(7 109)	(92)	(17 555)	(15 406)
Netto bates	18 556	38 244	99 745	68 691
Rekonsiliasie na drawaarde				
Remgro se effektiewe belang	30.27%	28.15%	3.92%	44.58%*
Remgro se effektiewe belang in netto bates	5 616	10 768	3 909	30 624
Klandisiewaarde/winskoopprys-aanpassing	1 541	2 364	743	3 385
Dividende ontvang sedert geassosieerdes se verslagdatum	–	–	–	(380)
Drawaarde op 30 Junie 2016	7 157	13 132	4 652	33 629
Billike waarde van genoteerde beleggings	18 526	22 356	9 857	69 691
Dividende ontvang	526	1 176	495	528

* *Remgro se belang in Mediclinic op 31 Maart 2016. 30 949 879 Mediclinic-aandele dien as sekuriteit vir die omruilbare skuldbriewe.*

4. BELEGGINGS (vervolg)

4.1 BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

4.1.1 GEASSOSIEERDES (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Inligting wat verband hou met Remgro se ander geassosieerdes is saamgevoeg soos volg:		
Drawaarde	**15 325**	14 848
Die groep se deel van:		
– Wins uit bedrywighede	**1 005**	256
– Ander omvattende inkomste	**(343)**	707
– Totale omvattende inkomste	**662**	963
– Wesensverdienste	**1 162**	890

4.1.2 GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Ongenoteerde aandele – teen kosprys	**1 958**	1 645
Ekwiteitsaansuiwering	**3 160**	3 120
Drawaarde	**5 118**	4 765
Langtermynlenings	**373**	382
	5 491	5 147
Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar		
Drawaarde aan die begin van die jaar	**5 147**	4 962
Belang in netto toeskryfbare wins van gesamentlike ondernemings	**385**	515
Dividende ontvang vanaf gesamentlike ondernemings	**(247)**	(222)
Beleggings gemaak[1]	**329**	–
Beleggings verkoop	**–**	(199)
Verwateringsuitwerkings	**64**	(6)
Wisselkoersverskille	**3**	(41)
Waardedalings[2]	**(17)**	–
Geëkwiteerde bewegings op reserwes	**(164)**	101
Lenings toegestaan	**45**	42
Lenings terugbetaal	**(54)**	(5)
Drawaarde aan die einde van die jaar	**5 491**	5 147

(1) Die jaar onder oorsig sluit die belegging in CIVH van R329 miljoen in.
(2) Mainstreet 1131 het 'n waardedaling van R17 miljoen ondergaan.

4. BELEGGINGS (vervolg)

4.1 BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

4.1.2 GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS (vervolg)

Uiteengesit hieronder is die verkorte finansiële inligting, sowel as 'n rekonsiliasie van dié inligting tot die drawaarde van Distell (wat deur Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk gehou word), die groep se vernaamste gesamentlike onderneming wat volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Verkorte staat van omvattende inkomste		
Omset	**22 259**	21 470
Waardevermindering en amortisasie	**(439)**	(372)
Rente-inkomste	**69**	21
Rente-uitgawes	**(289)**	(282)
Wins voor belasting	**1 913**	2 156
Belasting	**(616)**	(624)
Wins na belasting	**1 297**	1 532
Toeskryfbaar aan nie-beherende aandeelhouers	**–**	–
Toeskryfbare wins vir die jaar	**1 297**	1 532
Wesensverdienste	**1 553**	1 611
Ander omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(537)**	307
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan aandeelhouers	**760**	1 839
Verkorte staat van finansiële stand		
Nie-bedryfsbates	**8 492**	8 312
Kontant en kontantekwivalente	**1 183**	1 032
Ander bedryfsbates	**10 811**	10 597
Totale bates	**20 486**	19 941
	(9 944)	(9 285)
Nie-beherende belang	**(301)**	(15)
Nie-bedryfs- finansiële laste	**(3 567)**	(1 200)
Ander nie-bedryfslaste	**(954)**	(751)
Bedryfs- finansiële laste (uitgesluit handels- en ander krediteure en voorsienings)	**(1 276)**	(3 727)
Bedryfslaste	**(3 846)**	(3 592)
Netto bates	**10 542**	10 656
Rekonsiliasie na drawaarde		
Remgro se effektiewe belang	**26.74%**	26.77%
Remgro se effektiewe belang in netto bates	**2 819**	2 852
Drawaarde op 30 Junie	**2 819**	2 852
Inligting wat verband hou met Remgro se ander gesamentlike ondernemings is saamgevoeg soos volg:		
Drawaarde	**2 714**	2 337
Die groep se deel van:		
– Wins uit bedrywighede	**38**	104
– Ander omvattende inkomste	**(3)**	6
– Totale omvattende inkomste	**35**	110
– Wesensverdienste	**135**	103

4. BELEGGINGS (vervolg)

4.1 BELEGGINGS – GEËKWITEER (vervolg)

4.1.3 REKENINGKUNDIGE TYDPERKE

Die volgende belangrike geëkwiteerde beleggings het jaareindes wat van die groep verskil:

BELEGGING	FINANSIËLE JAAREINDE	GERAPPORTEERDE TYDPERK GEBRUIK OM TE EKWITEER
Geassosieerdes		
Air Products	30 September	12 maande geëindig 31 Maart 2017
Business Partners	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2017
eMedia	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2017
Grindrod	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2017
Mediclinic	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2017
PGSI	25 Desember	12 maande geëindig 25 Junie 2017
SEACOM	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2017
Total	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2017
Unilever	31 Desember	12 maande geëindig 30 Junie 2017
Gesamentlike onderneming		
CIV groep	31 Maart	Jaar geëindig 31 Maart 2017

Die rapporteringstydperk wat gebruik is om bogenoemde beleggings te ekwiteer, is gebruik omdat dit onprakties is om hul gerapporteerde syfers in ooreenstemming met die groep se rapporteringstydperk te bring. Aanpassings word vir wesentlike transaksies in die tussentydperk gemaak. Beduidende aanpassings vir die jaar onder oorsig sluit dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings en die omskakeling van Mediclinic teen die wisselkoers op 30 Junie 2017 (omdat sy aanbiedingsgeldeenheid Britse pond is) in.

4.2 EKWITEITSAANSUIWERING

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings		
Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	**10 066**	8 875
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**(668)**	(809)
Wins met die verkoop van beleggings	**325**	216
Ander nie-herhalende en kapitale items	**101**	(67)
Wins voor belasting en nie-beherende belang	**9 824**	8 215
Belasting	**(1 895)**	(1 709)
Nie-beherende belang	**(384)**	(256)
Belang in netto toeskryfbare wins van geëkwiteerde beleggings – per inkomstestaat	**7 545**	6 250
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings	**(3 861)**	(3 900)
Belang in netto wins deur geëkwiteerde beleggings behou	**3 684**	2 350
Nie-beherende belang van filiale	**(14)**	(9)
Verwateringswins/(-verlies) van belang in geëkwiteerde beleggings	**225**	2 259
Ekwiteitsaansuiwering oorgeplaas na nie-verdeelbare reserwes (verwys na die staat van veranderinge in ekwiteit)	**3 895**	4 600
Gedeelte van die belang in netto toeskryfbare wins van geëkwiteerde beleggings, wat verantwoord is vanuit ongeouditeerde tussenverslae en bestuurstate	**362**	201
Die resultate van hierdie geëkwiteerde beleggings sal in latere finansiële tydperke geouditeer word om met hul finansiële jaareindes ooreen te stem		

4. BELEGGINGS (vervolg)

4.3 BELEGGINGS – BESKIKBAAR-VIR-VERKOOP

Ander langtermyn finansiële instrumente word geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop en teen billike waarde verantwoord. Ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van finansiële instrumente beskikbaar-vir-verkoop, word in ander omvattende inkomste verantwoord in die tydperk waarin dit ontstaan. Wanneer hierdie finansiële instrumente óf onterken word óf 'n waardedaling plaasvind, word die opgelope billike waarde aanpassings gerealiseer en in die inkomstestaat verantwoord.

R miljoen	30 Junie 2017 *Genoteer*	*Ongenoteer*	Totaal	30 Junie 2016 *Genoteer*	*Ongenoteer*	Totaal
Beleggings – beskikbaar-vir-verkoop						
Aandele	**1 179**	**2 166**	**3 345**	1 260	2 148	3 408
Markwaardes van genoteerde beleggings	**1 179**	**–**	**1 179**	1 260	–	1 260
Direkteurswaardasies van ongenoteerde beleggings	**–**	**2 166**	**2 166**	–	2 148	2 148
Markwaardes en direkteurswaardasies	**1 179**	**2 166**	**3 345**	1 260	2 148	3 408

Rekonsiliasie van drawaarde van beleggings – beskikbaar-vir-verkoop aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	**30 Junie 2017**	30 Junie 2016
Saldo's aan die begin van die jaar	**3 408**	2 493
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**70**	552
Beleggings gemaak	**119**	174
Wisselkoersaanpassings	**(180)**	242
Vervreemdings	**(67)**	(53)
Waardedalings	**(5)**	–
Saldo's aan die einde van die jaar	**3 345**	3 408

4.4 DIVIDENDINKOMSTE

Ingesluit by wins:		
Genoteer	**37**	41
Ongenoteer	**24**	36
	61	77
Dividende ontvang vanaf geassosieerde geklassifiseer as bate gehou vir verkoop	**–**	149
Dividende vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**3 861**	3 900
	3 861	4 049

5. KONTANTPOSISIE

5.1 BELEGGING IN GELDMARKFONDSE

Beleggings in geldmarkfondse hou verband met beleggings in aandele in likiditeitsfondse waarvan die onderliggende beleggings vervaldatums van tot een jaar het. Die aandele in hierdie fondse mag daagliks teruggeroep word.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Geldmarkfondsbeleggings word in die volgende buitelandse valuta gehou:		
Suid-Afrikaanse rand	**3 815**	500
Britse pond (2017: £15 miljoen)	**256**	–
VSA-dollar (2017: $139 miljoen; 2016: $37 miljoen)	**1 817**	550
	5 888	1 050

Beleggings in buitelandse geldmarkfondse hou verband met beleggings in aandele in J P Morgan likiditeitsfondse, spesifiek die likiditeitsfonds van die VSA-regering en die US Treasury Liquidity Fund (met Aaa Moody's-graderings). Die portefeulje van die fondse op 30 Junie 2017 bestaan uit staatseffekte met vervaldatums van tot een jaar en bank terugkoopooreenkomste wat likiditeit op aanvraag verseker omdat die aandele in die fondse op aanvraag daagliks teruggeroep mag word. Uitkerings vanaf die fondse word as dividendinkomste verantwoord. Plaaslike geldmarkfondse het betrekking op 'n belegging in Suid-Afrikaanse effektetrusts wat aangebied word deur Nedgroup Collective Investments en STANLIB Collective Investments, met die mandaat om slegs in die geldmarkinstrumente van die voorste Suid-Afrikaanse banke, staatseffekte en staatsverwante entiteite te belê. Daar kleef baie lae risiko aan hierdie instrumente en dit verskaf daaglikse likiditeit, maar kan nie as kontant en kontantekwivalente geklassifiseer word nie aangesien die individuele onderliggende instrumente binne die fondse nie aan die afloopvereistes van *IAS 7: Staat van Kontantvloei* voldoen nie. Hierdie beleggings word as ekwiteitsinstrumente beskou en gekategoriseer as "finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies".

5.2 KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Vir doeleindes van die staat van kontantvloei bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande en daggelddeposito's by banke, netto van bankoortrekkings. Bankoortrekkings word in die staat van finansiële stand by korttermyn rentedraende lenings ingesluit.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Kontant by die kern	**6 350**	2 728
Bedryfsfiliale	**1 174**	841
	7 524	3 569
Die kontant word in die volgende valuta gehou:		
Suid-Afrikaanse rand	**5 323**	2 032
Britse pond	**132**	541
VSA-dollar	**2 055**	980
Switserse frank	**5**	4
Ander	**9**	12
	7 524	3 569
Op jaareinde het kontant en kontantekwivalente rente verdien teen effektiewe rentekoerse wat gewissel het tussen 6.95% en 8.02% (2016: 6.95% en 7.96%) per jaar by plaaslike finansiële instellings en tussen 0.20% en 7.03% (2016: 0.20% en 7.85%) per jaar in die buiteland.		
Kontant en kontantekwivalente word verteenwoordig deur:		
Lopende rekeninge en daggeldrekeninge	**7 523**	3 568
Kontant op hande	**1**	1
	7 524	3 569

5. KONTANTPOSISIE (vervolg)

5.2 KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Op jaareinde is die groep se kontant soos volg belê by finansiële instellings met die volgende Moody's-kredietgradering (tensy anders aangedui):		
Aa2	**942**	814
Aa3	**–**	1
A1	**1 421**	683
A2	**–**	1
A3	**–**	14
Baa2	**–**	1 438
Baa3	**4 360**	2
BBB+	**100**	100
AA+ (GCR-kredietgradering)	**–**	515
AAA (S&P-gradering)	**700**	–
Kontant op hande	**1**	1
	7 524	3 569

5.3 KONTANTVLOEI-INLIGTING

5.3.1 AANSUIWERINGS

Amortisasie van ontasbare bates en waardevermindering	**874**	846
Beweging in aftreevoordele en voorsienings	**1**	50
Netto beweging in afgeleide instrumente	**(57)**	2
Aandeleskemakoste	**144**	83
(Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(110)**	10
Verlies met verkoop van biologiese landboubates	**–**	9
Ander	**18**	(11)
	870	989

5.3.2 AFNAME/(TOENAME) IN BEDRYFSKAPITAAL

Afname/(toename) in voorraad en biologiese landboubates	**379**	(297)
Afname/(toename) in handels- en ander debiteure	**350**	(589)
Toename/(afname) in handels- en ander krediteure	**(118)**	511
	611	(375)

5.3.3 REKONSILIASIE VAN DIVIDENDE ONTVANG

Ontvangbaar aan die begin van die jaar	**505**	75
Per inkomstestaat	**61**	77
Dividende vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	**3 861**	3 900
Ontvangbaar aan die einde van die jaar	**(264)**	(505)
Kontant ontvang	**4 163**	3 547

5.3.4 REKONSILIASIE VAN BELASTING BETAAL MET BEDRAG GETOON IN INKOMSTESTAAT

Vooruitbetaal aan die begin van die jaar	**41**	42
Onbetaald aan die begin van die jaar	**(12)**	(53)
Per inkomstestaat	**(315)**	(132)
Oordragte	**–**	(156)
Onbetaald aan die einde van die jaar	**7**	12
Vooruitbetaal aan die einde van die jaar	**(84)**	(41)
Kontant betaal	**(363)**	(328)

5.3.5 REKONSILIASIE VAN DIVIDENDE BETAAL

Per staat van veranderinge in ekwiteit	**(2 657)**	(2 285)
Betaal deur filiale aan nie-beherende belang	**(51)**	(73)
Kontant betaal	**(2 708)**	(2 358)

6. FINANSIERING EN VERPLIGTINGE

Lenings
Lenings word aanvanklik teen billike waarde erken en daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak. Voorkeuraandele wat deur die groep uitgereik word en nie-diskresionêre dividendverpligtinge dra, word as lenings geklassifiseer.

Saamgestelde finansiële verpligtinge
Saamgestelde finansiële verpligtinge deur die groep uitgereik bestaan uit omruilbare skuldbriewe wat afgelos mag word vir kontant of Mediclinic International plc-aandele, of 'n kombinasie daarvan volgens die diskresie van die groep. By die aanvanklike erkenning is die afgeleide komponent geskei van die saamgestelde finansiële verpligting en teen billike waarde erken. Die lastekomponent is aanvanklik ook erken teen die billike waarde van 'n soortgelyke verpligting wat nie 'n omruilbare opsie het nie. Na die aanvanklike erkenning word die lastekomponent gemeet teen geamortiseerde koste, terwyl die afgeleide instrument teen billike waarde gemeet word. Enige verandering in die billike waarde van die afgeleide instrument word in wins en verlies verantwoord.

Finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies
Hierdie instrumente, wat bestaan uit finansiële instrumente gehou vir verhandeling en dié wat by hul ontstaan aangewys is as gehou teen billike waarde deur wins en verlies, word teen billike waarde verantwoord. Afgeleide instrumente word ook as gehou vir verhandeling geklassifiseer tensy dit as 'n skans aangewys is. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit veranderinge in die billike waarde van hierdie finansiële instrumente word in die inkomstestaat ingesluit in die tydperk waarin dit ontstaan.

6.1 LANGTERMYNLENINGS

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Rentedraende lenings		
20 000 Klas A 7.7% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele[1]		
Aflosbaar op 12 Januarie 2020, met halfjaarlikse dividendbetalings	**3 512**	3 512
10 000 Klas B 8.3% kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele[1]		
Aflosbaar op 15 Maart 2021, met halfjaarlikse dividendbetalings	**4 382**	4 382
Omruilbare skuldbriewe met 'n koeponkoers van 2.625% en effektiewe rentekoers van 4.48% per jaar. Die skuldbriewe verval op 22 Maart 2021[2]	**5 650**	6 380
Termyn-gekoppelde skuldpakket		
Die skuldpakket bestaan uit twee lenings terugbetaalbaar in 2019 en 2020 onderskeidelik, en 'n wentelkredietfasiliteit terugbetaalbaar in 2018		
Die lenings dra rente teen Jibar plus 'n marge van tussen 1.65% en 2.25% en word gewaarborg deur RCL Foods	**2 852**	3 350
Onversekerde langtermynlenings terugbetaalbaar gebaseer op die groei van onderliggende bedrywighede		
Hierdie lenings dra rente met 'n effektiewe rentekoers van 3-maande Jibar met 'n marge van tussen 1.5% en 4.25% (2016: 1.5% en 4.25%)	**49**	55
Aanspreeklikhede ingevolge verskeie gekapitaliseerde bruikhure en afbetalingskrediet-ooreenkomste, betaalbaar in maandelikse, kwartaallikse en jaarlikse paaiemente teen wisselende rentekoerse tussen 7.0% en 10.0% per jaar (2016: wisselende rentekoerse tussen 7.0% en 10.5%)	**180**	178
Hierdie verpligtinge is verseker deur aanleg, masjinerie en toerusting en voertuie met 'n boekwaarde van R150 miljoen (2016: R171 miljoen)		
Versekerde langtermynlening met vaste koers tussen 8.5% tot 9.0% per jaar, jaarliks terugbetaalbaar, oor 'n maksimum tydperk van ses jaar. Verseker deur sessies oor die produksie van die verskaffer aan wie die lening toegestaan is	**32**	47
Onversekerde lenings met verskeie terme en rentekoerse	**14**	42
	16 671	17 946
Paaiemente betaalbaar binne een jaar oorgedra na korttermyn rentedraende lenings	**(225)**	(147)
	16 446	17 799
Betaalbaar – twee tot vyf jaar	**16 308**	17 709
Betaalbaar daarna	**138**	90
	16 446	17 799

Verwys na aantekening 13 vir die billike waarde van lenings.

[1] Die voorkeuraandele is deur Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk, 'n volfiliaal van Remgro Beperk, uitgereik.

[2] Die omruilbare skuldbriewe is deur Remgro Jersey GBP Limited, 'n volfiliaal van Remgro Beperk, vir £350 miljoen uitgereik. Die omruilbare skuldbriewe mag afgelos word in kontant, Mediclinic International plc-aandele of 'n kombinasie daarvan. Die skuldbriewe word geklassifiseer as 'n saamgestelde finansiële instrument en die verpligting (£322 miljoen) en afgeleide (£28 miljoen) komponente is by die aanvanklike erkenning daarvan bepaal. Die afgeleide instrument is by aantekening 6.3 ingesluit. 30 949 879 Mediclinic-aandele dien as sekuriteit.

6. FINANSIERING EN VERPLIGTINGE (vervolg)

6.2 KORTTERMYNLENINGS

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Rentedraende lenings		
Gedeelte van langtermyn rentedraende lenings betaalbaar binne een jaar	**225**	147
Onversekerde GBP50 miljoen korttermynlenings met 'n effektiewe rentekoers van 3-maande Libor met 'n marge van 1.65%	**–**	982
Oortrokke bankrekeninge	**51**	441
Verskeie versekerde en onversekerde lenings met wisselende terme en rentekoerse	**201**	87
	477	1 657
Rentevrye lenings met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie	**3**	3
	480	1 660

6.3 AFGELEIDE INSTRUMENTE

Remgro was deel van die volgende afgeleide instrumente:

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Nie-bedryfslaste		
Afgeleide komponent – omruilbare skuldbriewe (verwys na aantekening 6.3.1)	**363**	1 197
Bedryfslaste		
Buitelandse valutakontrakte	**1**	26
Kommoditeit-opsiekontrakte	**1**	30
Rentekoers bandopsie	**3**	–
Afgeleide komponent – huurruil	**9**	7
Verkoopsopsie op gewone aandele	**48**	54
	62	117
Bedryfsbates		
Buitelandse valutakontrakte	**1**	2
Kommoditeit-opsiekontrakte	**–**	1
Rentekoers bandopsie	**–**	5
	1	8

6.3.1 OMRUILBARE SKULDBRIEFOPSIE

Die omruilbare skuldbriefopsie hou verband met die omruilbare skuldbriewe wat gedurende die vorige jaar uitgereik is (verwys na aantekening 6.1). Die skuldbriewe is omruilbaar vir nagenoeg 30 949 879 Mediclinic-aandele volgens die diskresie van die groep. Die billike waarde (vlak 2) is bepaal deur die Black-Schöles-Merton-model te gebruik.

Die aannames gebruik in die waardasie is soos volg:

Aanname	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Dividendopbrengs (%)	**1.0**	1.0
Risikovrye koers (%)	**0.7**	0.4
Volatiliteit (%)	**30.4**	24.3

6. FINANSIERING EN VERPLIGTINGE (vervolg)

6.4 VERPLIGTINGE

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Kapitaalverpligtinge		
Onafgehandelde kontrakte vir kapitaaluitgawes	**165**	493
Kapitaaluitgawes gemagtig waarvoor nog nie gekontrakteer is nie	**502**	366
Beleggings	**580**	1 140
	1 247	1 999
Bedryfshuurverpligtinge		
Grond en geboue	**534**	560
Betaalbaar binne een jaar	**92**	88
Betaalbaar – twee tot vyf jaar	**210**	195
Betaalbaar daarna	**232**	277
Masjinerie en toerusting	**28**	50
Betaalbaar binne een jaar	**15**	28
Betaalbaar – twee tot vyf jaar	**13**	17
Betaalbaar daarna	**–**	5
	562	610
Bruikhuur		
Bruto bruikhuurlaste – minimum bruikhuurbetalings	**304**	315
Betaalbaar binne een jaar	**25**	25
Betaalbaar – twee tot vyf jaar	**92**	87
Betaalbaar daarna	**187**	203
Toekomstige finansieringskoste op bruikhuurlaste	**(124)**	(137)
Huidige waarde van bruikhuurlaste	**180**	178
Betaalbaar binne een jaar	**10**	22
Betaalbaar – twee tot vyf jaar	**40**	69
Betaalbaar daarna	**130**	87
	180	178

Bostaande verpligtinge sal uit eie bronne en geleende fondse gefinansier word.

6.5 LENINGSBEVOEGDHEDE

Daar is geen beperking op die leningsbevoegdhede van die maatskappy en sy filiale ten opsigte van lenings en gewaarborgde skulde nie.

6.6 WAARBORGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Waarborge deur filiale[1]	**26**	241

[1] *Die vorige jaar bestaan hoofsaaklik uit 'n waarborg aan die koper gegee na die vervreemding van 'n geassosieerde.*

7. EKWITEITSPOSISIE

7.1 VERKLAARDE EN UITGEREIKTE KAPITAAL

7.1.1 VERKLAARDE KAPITAAL

Gewone aandele en B-gewone aandele van die maatskappy word as ekwiteit geklassifiseer. Koste wat direk aan die uitreiking van nuwe aandele toegeskryf kan word, word as 'n aftrekking teen die opbrengs in ekwiteit verantwoord.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Verklaarde en uitgereikte kapitaal		
Gemagtig		
1 000 000 000 (2016: 512 493 650) gewone aandele sonder pariwaarde		
100 000 000 (2016: 40 506 352) B-gewone aandele sonder pariwaarde		
Uitgereik		
529 217 007 (2016: 481 106 370) gewone aandele sonder pariwaarde	**12 729**	3 601
39 056 987 (2016: 35 506 352) B-gewone aandele sonder pariwaarde	**687**	4
	13 416	3 605

	30 Junie 2017 Aantal aandele	30 Junie 2016 Aantal aandele
Beweging in gewone aandele uitgereik vir die jaar		
Saldo aan die begin van die jaar	**481 106 370**	481 106 370
Aandele uitgereik	**48 110 637**	–
Saldo aan die einde van die jaar	**529 217 007**	481 106 370
Beweging in B-gewone aandele uitgereik vir die jaar		
Saldo aan die begin van die jaar	**35 506 352**	35 506 352
Aandele uitgereik	**3 550 635**	–
Saldo aan die einde van die jaar	**39 056 987**	35 506 352

Elke gewone aandeel dra een stem.
Elke B-gewone aandeel dra tien stemme.

Die algemene aandeelhouersvergadering van 16 Augustus 2016 het goedkeuring verleen dat die gemagtigde gewone aandele met geen pariwaarde met 487 506 350 tot 1 000 000 000 gewone aandele met geen pariwaarde en die gemagtigde B-gewone aandele met geen pariwaarde met 59 493 648 tot 100 000 000 B-gewone aandele met geen pariwaarde verhoog word. Daar is ook besluit om 100 000 000 gewone aandele met geen pariwaarde en 10 000 000 B-gewone aandele met geen pariwaarde onder beheer van die Remgro-direksie te plaas met die oog daarop om bykomende ekwiteitskapitaal by wyse van 'n regte-uitgifte te werf. Die magtiging het tot 1 Desember 2016 gegeld.

Gedurende Oktober 2016 het Remgro sy regte-uitgifte voltooi waarvolgens 48 110 637 nuwe gewone aandele en 3 550 635 nuwe B-gewone aandele teen 'n inskrywingsprys van R192.50 per aandeel vir 'n totale bedrag van R9 945 miljoen uitgereik is. Die aanbod aan gewone aandeelhouers is gemaak in die verhouding van 10 regte-uitgifte-aandele vir elke 100 gewone aandele gehou op die rekorddatum vir die regte-uitgifte. Regte-uitgiftekoste aangegaan het R134 miljoen bedra.

7. EKWITEITSPOSISIE (vervolg)

7.1 VERKLAARDE EN UITGEREIKTE KAPITAAL (vervolg)

7.1.2 TESOURIE-AANDELE

Aandele in die maatskappy wat deur groepmaatskappye gehou word, word as tesourie-aandele geklassifiseer en teen kosprys getoon. Hierdie aandele word as 'n aftrekking teen die uitgereikte aantal aandele hanteer en in berekening gebring by die bepaling van die geweegde gemiddelde aantal aandele. Die kosprys van die aandele word teen die groep se ekwiteit verreken.

	30 Junie 2017 Aantal aandele	30 Junie 2016 Aantal aandele
Saldo's aan die begin van die jaar	**1 725 393**	2 169 558
Aandele aangekoop gedurende die jaar	**165 787**	–
Aandele aangewend om aandele-aansporingskemaverpligting na te kom	**(224 542)**	(444 165)
Saldo's aan die einde van die jaar	**1 666 638**	1 725 393

Remgro se gewone aandele word as tesourie-aandele deur 'n volfiliaal van Remgro gehou. Hierdie aandele is gekoop ten einde Remgro se verpligting ten opsigte van sy aandele-aansporingskema te verskans.

By 'n algemene vergadering van aandeelhouers wat op 7 Oktober 2008 gehou is, is 21 000 000 gewone aandele onder die beheer van Remgro se raad geplaas as 'n spesifieke magtiging vir doeleindes van uitreiking en toekenning van sodanige gewone aandele aan deelnemers in die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema (die SAR-skema) in ooreenstemming met die bepalings van die reëls van die SAR-skema.

Besonderhede met betrekking tot die SAR-skema en die huidige jaar se aanbiedinge word in aantekening 8 verstrek.

7.1.3 AANDELE UITGEREIK

	30 Junie 2017 Aantal aandele	30 Junie 2016 Aantal aandele
Verklaarde kapitaal	**568 273 994**	516 612 722
Tesourie-aandele	**(1 666 638)**	(1 725 393)
	566 607 356	514 887 329

7.2 RESERWES

7.2.1 SAMESTELLING VAN RESERWES

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Die maatskappy		
Behoue inkomste	**33 109**	35 836
Maatskappy finansiële state	**21 377**	35 081
Uitskakeling van intergroeptransaksies	**11 732**	755
Filiale	**13 456**	11 038
Billike waarde reserwe	**812**	728
Ander reserwes*	**(248)**	1 844
Behoue verdienste	**12 892**	8 466
Geëkwiteerde maatskappye		
Ekwiteitsreserwes	**32 670**	28 582
	79 235	75 456

* *Ander reserwes bestaan hoofsaaklik uit aandeleskemareserwes en buitelandse valuta-omskakelingsreserwes.*

7. EKWITEITSPOSISIE (vervolg)

7.2 RESERWES (vervolg)

7.2.2 BY DIE ONDERSKEIE RESERWES HIERBO IS DAAR RESERWES INGESLUIT WAT ONTSTAAN UIT OMSKAKELING VAN BUITELANDSE VALUTA

R miljoen	*Ekwiteits-reserwes*	*Ander reserwes*	*Billike waarde reserwes*	*Behoue verdienste*	30 Junie 2017 Totaal	30 Junie 2016 Totaal
Saldo's aan die begin van die jaar	**91**	**1 340**	**(126)**	**813**	**2 118**	959
Wisselkoersaanpassings gedurende die jaar	**(1 958)**	**(2 289)**	**1**	**(227)**	**(4 473)**	1 752
Oordrag tussen reserwes	**(107)**	**107**	**–**	**–**	**–**	–
Herklassifikasie na die inkomstestaat	**–**	**(9)**	**–**	**–**	**(9)**	(593)
Saldo's aan die einde van die jaar	**(1 974)**	**(851)**	**(125)**	**586**	**(2 364)**	2 118

7.3 NIE-BEHERENDE BELANG

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Saldo's aan die begin van die jaar	**2 813**	2 803
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**73**	45
Netto wins vir die jaar	**77**	45
Wisselkoersaanpassings	**(4)**	(7)
Billike waarde aanpassings vir die jaar	**–**	(4)
Herklassifikasie na die inkomstestaat	**(1)**	12
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	**–**	(1)
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	**1**	–
Dividende betaal	**(51)**	(73)
Transaksies met nie-beherende aandeelhouers	**17**	31
Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe	**14**	6
Ander bewegings	**4**	1
Saldo's aan die einde van die jaar	**2 870**	2 813
RCL Foods	**2 837**	2 778
Ander nie-volfiliale	**33**	35

Die groep bestaan uit verskeie beleggings- en bedryfsfiliale, waarvan die besonderhede in aantekening 14.2 openbaar word. Die hoofbedryfsfiliaal is RCL Foods, waarin die groep 'n belang van 77.2% (2016: 77.3%) het. RCL Foods bestaan nou uit drie besigheidsafdelings, naamlik verbruiker (voedselverskaffer en -vervaardiger), suiker- en meulafdeling ('n suikerprodusent en -meulenaar) en logistiek (spesialis derdeparty-logistieke verskaffer). Die groep se inkomste en bedryfswins word hoofsaaklik gedryf deur hierdie besigheidsafdelings en word as handelswins in die inkomstestaat aangebied.

RCL Foods se nie-beherende aandeelhouers besit 22.8% (2016: 22.7%) van RCL Foods.

7. EKWITEITSPOSISIE (vervolg)

7.3 NIE-BEHERENDE BELANG (vervolg)

RCL Foods se verkorte finansiële inligting is soos volg:

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Staat van finansiële stand		
BATES		
Nie-bedryfsbates	**11 363**	11 571
Bedryfsbates	**8 145**	8 659
	19 508	20 230
EKWITEIT EN LASTE		
Aandeelhouersekwiteit	**10 349**	9 968
Nie-beherende belang	**38**	78
Nie-bedryfslaste	**4 467**	5 124
Bedryfslaste	**4 654**	5 060
	19 508	20 230
Inkomstestaat		
Inkomste		
Omset	**24 951**	25 025
Finansieringsinkomste	**41**	38
Billike waarde aanpassing – biologiese bates	**364**	412
Deel van wins van geëkwiteerde beleggings	**158**	109
Uitgawes		
Finansieringskoste	**374**	365
Billike waarde aanpassing – afgeleide instrumente	**329**	(82)
Herstelwerk en instandhouding	**791**	784
Waardevermindering, amortisasie en waardedalings	**971**	1 445
Bedryfshuur en huuruitgawes	**414**	472
Belasting	**126**	83
Wins vir die jaar	**476**	183
Wins vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**515**	182
Wins vir die jaar toeskryfbaar aan nie-beherende belang	**(39)**	1
Staat van omvattende inkomste		
Ander omvattende inkomste	**(15)**	(4)
Totale omvattende inkomste	**461**	179
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan ekwiteithouers	**500**	178
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan nie-beherende belang	**(39)**	1
Dividende betaal aan nie-beherende belang	**1**	1
Kontantvloei-inligting		
Kontantinvloei van bedryfsaktiwiteite	**1 583**	631
Kontantuitvloei van beleggingsaktiwiteite	**(486)**	(1 016)
Kontantuitvloei van finansieringsaktiwiteite	**(406)**	(123)

7. EKWITEITSPOSISIE (vervolg)

7.4 KAPITAALBESTUUR

Die maatskappy bestuur sy aandeelhouersekwiteit, d.i. verklaarde kapitaal, reserwes en tesourie-aandele, as kapitaal. Die groep se doelwit met kapitaalbestuur is om sy vermoë te beskerm om as lopende saak voort te gaan ten einde 'n opbrengs aan sy aandeelhouers in die vorm van dividende en kapitaalgroei te lewer.

Ten einde die kapitaalstruktuur te onderhou of te wysig mag die groep die bedrag van dividende betaal aan aandeelhouers aanpas, kapitaal aan sy aandeelhouers uitkeer, aandele uitreik of aandele vanaf aandeelhouers terugkoop. Vir die jaar onder oorsig is kontantdividende ten bedrae van R2 813 miljoen (2016: R2 518 miljoen) verklaar. Die groep het aandele ter waarde van 'n netto R9 811 miljoen uitgereik.

Verwys na die staat van veranderinge in ekwiteit vir verdere inligting rakende die groep se kapitaal.

8. AANDEELGEBASEERDE BETALINGS

Ekwiteitsvergoedingsplanne
Die Remgro groep bedryf verskeie ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingsplanne. Die billike waarde van aanbiedinge word op die toekenningsdatum bepaal en as werknemersdienskoste oor die vestigingstydperk van die aanbod verantwoord, met 'n ooreenstemmende toename in ekwiteit, gebaseer op die groep se beraming van die aantal aandele wat uiteindelik sal vestig. Die billike waarde word bepaal deur van 'n binomiale model gebruik te maak. Die verwagte kontraklewe wat gebruik is in die model is aangepas volgens bestuur se beste beraming van die effek van nie-oordraagbaarheid, uitoefeningsbeperkinge en gedragsoorwegings.

Enige winste en verliese wat realiseer uit aandele gelewer aan die deelnemers van die skemas word direk in ekwiteit erken. Die opbrengs ontvang, na aftrekking van enige direk toeskryfbare transaksiekostes, word teen tesourie-aandele verreken wanneer die opsies uitgeoefen word.

Die aandeelgebaseerde betalings wat in die finansiële state verantwoord word, het betrekking op die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema, asook die RCL Foods Aandeleskema en die RCL Foods Aandelegroeireg-skema.

Agtergrond tot die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroeireg-skema
Die waardasies van die aandeleskema is gedoen met behulp van 'n aktuariële model. Hierdie model is deur 'n onafhanklike derde party ontwikkel uit die standaard binomiale opsie-waarderingsmodel ten einde die eiesoortige aard van die skema, veral met verwysing na vroeë uitoefening, aan te spreek.

Die verwagte leeftye is beraam deur die toevallingspunte binne elke aanbod in ag te neem. Die risikovrye koers wat gebruik is, is beraam met verwysing na die inherente koers op 'n SA-nulkoersstaatseffek en deur gebruik te maak van die opbrengskurwe oor die verwagte kontrakleeftye van vyf, ses en sewe jaar vanaf aanboddatum.

Die aandeelpryswisselvalligheid van die gewone aandele in Remgro Beperk is bepaal met verwysing na die bewegings in die aandeelprys sedert 1 Oktober 2000, wat die aanvang is van Remgro se verhandeling op die JSE.

Die dividendopbrengs is bereken deur gebruik te maak van 'n tweejaar bewegende gemiddelde dividendopbrengs op elke aanboddatum.

8.1 REMGRO EKWITEITSVEREFFENDE AANDELEGROEIREG-SKEMA (DIE SAR-SKEMA)

Deelnemers van die SAR-skema word vergoed met aandele ter waarde van die groei in hul regte tot 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele wat binne sewe jaar na die regte toegeken is, uitgeoefen moet word.

Die vroegste intervalle waarbinne aandelegroeiregte (SARs) uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum
- Die oorblywende gedeelte vyf jaar na die toekenningsdatum

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Aandeelgebaseerde betalingskoste ingesluit in die inkomstestaat (volgens IFRS 2)	**65**	39
Billike waarde van opsies toegeken gedurende die jaar	**74**	49

8. AANDEELGEBASEERDE BETALINGS (vervolg)

8.1 REMGRO EKWITEITSVEREFFENDE AANDELEGROEIREG-SKEMA (DIE SAR-SKEMA) (vervolg)

Aantal en geweegde gemiddelde uitoefeningspryse van alle SARs aangebied aan deelnemers van die SAR-skema:

	30 Junie 2017		30 Junie 2016	
	Aantal SARs	*Rand*	*Aantal SARs*	*Rand*
Oorgedra vanaf vorige finansiële jare	**3 495 182**	**180.64**	3 754 478	153.32
Aangebied gedurende huidige finansiële jaar	**1 053 218**	**211.74**	605 733	269.49
Verbeur gedurende die jaar	**(827)**	**250.78**	(8 258)	185.73
Verval gedurende die jaar	**(28 762)**	**245.90**	–	–
Uitgeoefen gedurende die jaar	**(453 520)**	**112.34**	(856 771)	123.65
Uitstaande aan die einde van die jaar	**4 065 291**	**190.34**	3 495 182	180.64
Uitoefenbaar aan die einde van die jaar	**1 236 606**	**240.83**	1 097 196	121.72

Uitoefeningsprys van alle opsies:

	30 Junie 2017		30 Junie 2016	
	Aantal SARs uitstaande op jaareinde	*Geweegde gemiddelde oorblywende kontrak-leeftyd in jare*	*Aantal SARs uitstaande op jaareinde*	*Geweegde gemiddelde oorblywende kontrak-leeftyd in jare*
R70.00 – R79.99	**–**	**–**	112 111	0.23
R90.00 – R99.99	**376 980**	**0.42**	544 882	1.42
R100.00 – R109.99	**18 837**	**1.39**	14 591	2.34
R110.00 – R119.00	**–**	**–**	5 386	2.58
R140.00 – R149.99	**878 328**	**2.40**	980 806	3.37
R160.00 – R169.99	**14 457**	**2.73**	–	–
R170.00 – R179.99	**230 455**	**2.77**	42 856	3.73
R180.00 – R189.99	**476 308**	**3.18**	242 921	3.79
R190.00 – R199.99	**–**	**–**	505 332	4.21
R200.00 – R209.99	**971 238**	**6.40**	6 775	4.51
R210.00 – R219.99	**14 034**	**4.85**	9 727	4.93
R220.00 – R229.99	**70 514**	**5.50**	29 189	5.26
R230.00 – R239.99	**8 619**	**4.81**	3 404	5.09
R240.00 – R249.99	**409 062**	**4.57**	8 619	5.81
R250.00 – R259.99	**38 263**	**5.51**	436 322	5.28
R260.00 – R269.99	**558 196**	**5.39**	21 923	5.75
R270.00 – R279.99	**–**	**–**	530 338	6.39

Die volgende aannames is gebruik om aanbiedinge gedurende die jaar te waardeer:

	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Geweegde gemiddelde Remgro-aandeelprys vir die jaar (R)	**226.26**	249.28
Uitoefeningsprys (R)	**202.80 – 270.26**	233.23 – 281.06
Gemiddelde verwagte uitoefeningstermyn (jare)	**5 – 6**	5 – 6
Pryswisselvalligheid (%)	**19.73 – 21.61**	16.71 – 20.41
Risikovrye koers (%)	**7.59 – 8.64**	6.89 – 8.59
Verwagte dividendopbrengs (%)	**1.63 – 1.84**	1.61 – 1.64

8. AANDEELGEBASEERDE BETALINGS (vervolg)

8.1 REMGRO EKWITEITSVEREFFENDE AANDELEGROEIREG-SKEMA (DIE SAR-SKEMA) (vervolg)

Ingevolge die SAR-skemareëls mag Remgro se vergoedings-en-nominasiekomitee, in die geval van gebeure wat die toekenning van SARs aan deelnemers beïnvloed, sodanige stappe doen as wat nodig geag word om die belange van deelnemers aan die SAR-skema te beskerm. Na afloop van Remgro se regte-uitgifte het die komitee die toekenningsprys van uitstaande SARs met tussen R4.63 en R9.29 verminder ten einde deelnemers aan die skema grootliks in dieselfde posisie te plaas as wat hulle voor die regte-uitgifte was.

Hierdie verandering aan die skema het 'n bykomende uitgawe in elk van die volgende finansiële jare tot gevolg:

R miljoen	2017	2018	2019
Addisionele aandeelgebaseerde betalingsuitgawe	**20**	2	1

8.2 RCL FOODS AANDELESKEMAS

RCL Foods het 'n ekwiteitsvereffende aandeleskema asook 'n aandelegroeireg-skema vir sekere werknemers ingevolge waarvan aandeelopsies aangebied uitoefenbaar is in drie gelyke paaiemente op twee, drie en vier jaar (vir die aandeleskema) en drie, vier en vyf jaar (vir die aandelegroeireg-skema) na die aanboddatum. Onderhewig aan die diskresie van die RCL Foods Aandeleaansporingstrust se trustees, verval opsies wat nog nie by diensbeëindiging uitgeoefen is nie. 'n Koste van R79 miljoen (2016: R55 miljoen) met betrekking tot hierdie skemas is in die inkomstestaat erken.

9. DIREKTEURS- EN SLEUTELBESTUURPERSONEELVERGOEDING

	30 Junie 2017			30 Junie 2016		
R'000	*Uitvoerend*	*Nie-uitvoerend*	Totaal	*Uitvoerend*	*Nie-uitvoerend*	Totaal
Uitvoerende direkteure						
Fooie	**1 204**	**–**	**1 204**	900	–	900
Salarisse	**18 102**	**–**	**18 102**	18 805	–	18 805
Aftreefondsbydraes	**3 810**	**–**	**3 810**	3 829	–	3 829
Ander voordele	**1 269**	**–**	**1 269**	935	–	935
Subtotaal	**24 385**	**–**	**24 385**	24 469	–	24 469
Nie-uitvoerende direkteure						
Onafhanklik	**–**	**3 361**	**3 361**	–	3 284	3 284
Nie-onafhanklik	**–**	**642**	**642**	–	600	600
Totaal	**24 385**	**4 003**	**28 388**	24 469	3 884	28 353
Aandeelopsies uitgeoefen						
Waardetoename – Remgro SAR-skema*	**7 741**	**6 872**	**14 613**	43 365	1 415	44 780

* *Dit verwys na die toename in waarde van die SAR-skema-aandele van deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met betaling en lewering daarvan.*

	30 Junie 2017			30 Junie 2016		
R'000	*Fooie*	*Salarisse en ander*	Totaal	*Fooie*	*Salarisse en ander*	Totaal
Betaal deur:						
Die maatskappy	**4 003**	**–**	**4 003**	3 884	–	3 884
Filiaal	**1 204**	**23 181**	**24 385**	900	23 569	24 469
Totaal	**5 207**	**23 181**	**28 388**	4 784	23 569	28 353

9. DIREKTEURS- EN SLEUTELBESTUURPERSONEELVERGOEDING (vervolg)

Vaste betaling

R'000	30 Junie 2017 Fooie	Salarisse	Aftree-fonds	Ander voordele[8]	Totaal	30 Junie 2016 Fooie	Salarisse	Aftree-fonds	Ander voordele[8]	Totaal
Uitvoerend										
W E Bührmann	**321**	**3 000**	**659**	**314**	**4 294**	300	2 800	615	297	4 012
L Crouse[1]	**–**	**–**	**–**	**–**	**–**	225	5 540	1 035	236	7 036
J J Durand	**321**	**10 506**	**2 147**	**344**	**13 318**	300	9 815	2 006	322	12 443
M Lubbe[2]	**241**	**1 179**	**263**	**272**	**1 955**	–	–	–	–	–
N J Williams[3]	**321**	**3 417**	**741**	**339**	**4 818**	75	650	173	80	978
Subtotaal	**1 204**	**18 102**	**3 810**	**1 269**	**24 385**	900	18 805	3 829	935	24 469
Nie-uitvoerend (onafhanklik)										
G T Ferreira	**375**	**–**	**–**	**–**	**375**	350	–	–	–	350
P K Harris	**375**	**–**	**–**	**–**	**375**	350	–	–	–	350
N P Mageza[4]	**455**	**–**	**–**	**–**	**455**	400	–	–	–	400
P J Moleketi	**428**	**–**	**–**	**–**	**428**	400	–	–	–	400
M Morobe	**348**	**–**	**–**	**–**	**348**	300	–	–	–	300
F Robertson	**482**	**–**	**–**	**–**	**482**	450	–	–	–	450
S E N De Bruyn Sebotsa[5]	**508**	**–**	**–**	**–**	**508**	350	–	–	–	350
H Wessels[6]	**390**	**–**	**–**	**–**	**390**	684	–	–	–	684
Subtotaal	**3 361**	**–**	**–**	**–**	**3 361**	3 284	–	–	–	3 284
Nie-uitvoerend (nie-onafhanklik)										
E de la H Hertzog	**321**	**–**	**–**	**–**	**321**	300	–	–	–	300
J Malherbe	**321**	**–**	**–**	**–**	**321**	300	–	–	–	300
J P Rupert[7]	**–**	**–**	**–**	**–**	**–**	–	–	–	–	–
Subtotaal	**642**	**–**	**–**	**–**	**642**	600	–	–	–	600
Totaal	**5 207**	**18 102**	**3 810**	**1 269**	**28 388**	4 784	18 805	3 829	935	28 353

[1] *Mnr L Crouse het met ingang van 31 Maart 2016 as hoof finansiële beampte afgetree.*
[2] *Mev M Lubbe is met ingang van 20 September 2016 as uitvoerende direkteur aangestel.*
[3] *Mnr N J Williams is met ingang van 1 April 2016 as hoof finansiële beampte aangestel.*
[4] *Gedurende die jaar onder oorsig het mnr N P Mageza ook R538 000 (2016: R502 000) as direkteursfooie vanaf RCL Foods Beperk, 'n filiaal van Remgro Beperk, ontvang.*
[5] *Me S E N De Bruyn Sebotsa is met ingang van 16 Maart 2015 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aangestel.*
[6] *Bykomend tot sy direkteursfooi en vergoeding as voorsitter van die oudit-en-risikokomitee en voorsitter van die maatskaplike-en-etiesekomitee is 'n bedrag van R96 000 (2016: R134 400) in die jaar onder oorsig aan mnr H Wessels betaal vir sy bywoning van die vergaderings van die subkomitees van die oudit-en-risikokomitee.*
[7] *Mnr J P Rupert ontvang geen vergoeding nie.*
[8] *Voordele sluit medieseskemabydraes en motorvoordele in.*

Voorgeskrewe beamptes: Vaste betaling

R'000	30 Junie 2017 Salarisse	Aftree-fonds	Ander voordele[3]	Totaal	30 Junie 2016 Salarisse	Aftree-fonds	Ander voordele[3]	Totaal
P R Louw[1]	**2 399**	**476**	**339**	**3 214**	455	111	80	646
P J Uys	**5 144**	**1 020**	**339**	**6 503**	4 694	931	319	5 944
N J Williams[2]	**–**	**–**	**–**	**–**	1 997	385	239	2 621
Totaal	**7 543**	**1 496**	**678**	**9 717**	7 146	1 427	638	9 211

[1] *Mnr P R Louw is op 1 April 2016 aangestel.*
[2] *Mnr N J Williams is met ingang van 1 April 2016 as hoof finansiële beampte aangestel.*
[3] *Voordele sluit medieseskemabydraes en motorvoordele in.*
[4] *Beide mnre P R Louw en P J Uys is lede van die bestuursraad en maatskaplike-en-etiesekomitee.*

9. DIREKTEURS- EN SLEUTELBESTUURPERSONEELVERGOEDING (vervolg)

Aandeelgebaseerde betalings aan direkteure en sleutelbestuurpersoneel

Direkteure

Deelnemer	Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2016	SARs aanvaar ge-durende die jaar[1]	Billike waarde van SARs op aanbod-datum (R'000)	SARs oorgedra ge-durende die jaar[3]	Aanbod-prys[4] (Rand)	Aantal SARs uit-geoefen	Datum van SARs uit-geoefen	Aandeel-prys op datum van uit-oefening	Waarde-toename[5] (R'000)	Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2017
Uitvoerend										
W E Bührmann	23 548				92.83	(23 548)	31/05/2017	220.40	3 004	–
	98 817				142.04					98 817
	25 485				185.07					25 485
	8 958				245.53					8 958
	26 470				262.77					26 470
	–	82 971	5 804		209.11					82 971
L Crouse[2]	23 587					(23 587)	31/03/2017	–	–	–
J J Durand	157 262				92.83					157 262
	271 258				142.04					271 258
	93 128				185.07					93 128
	108 468				245.53					108 468
	192 676				262.77					192 676
	–	150 872	10 554		209.11					150 872
M Lubbe[3]	–			20 620	92.83	(20 620)	05/04/2017	205.69	2 327	–
	–			13 961	142.04					13 961
	–			7 444	185.07					7 444
	–			4 011	245.53					4 011
	–			8 036	262.77					8 036
	–	65 632	4 591		209.11					65 632
N J Williams	18 076				73.67	(18 076)	07/12/2016	207.00	2 410	–
	19 768				92.83					19 768
	81 901				142.04					81 901
	22 221				185.07					22 221
	16 430				245.53					16 430
	27 492				262.77					27 492
	–	98 716	6 905		209.11					98 716
Subtotaal	1 215 545	398 191	27 854	54 072		(85 831)			7 741	1 581 977
Nie-uitvoerend										
J Malherbe[6]	50 506				73.67	(50 506)	06/12/2016	209.73	6 872	–
Subtotaal	50 506	–	–	–		(50 506)			6 872	–
Totaal	1 266 051	398 191	27 854	54 072		(136 337)			14 613	1 581 977

[1] *SARs is aangebied op 1 Desember 2016.*

[2] *Mnr L Crouse het met ingang van 31 Maart 2016 as hoof finansiële beampte afgetree. Ingevolge die reëls van die SAR-skema kan deelnemers wat aftree al die SARs wat aan hulle toegeken is uitoefen op enige tydstip binne twaalf maande na die datum van aftrede, of voor die vervaldatum van die SAR-tydperk (sewe jaar na die toekenningsdatum) wat ook al die vroegste is. Die 23 587 SARs het op 31 Maart 2017 verval, aangesien die Remgro-aandeelprys minder was as die aanbodprys.*

[3] *Mev M Lubbe is met ingang van 20 September 2016 as uitvoerende direkteur aangestel. SARs oorgedra verwys na die balans van SARs toegeken en aanvaar deur haar voor 20 September 2016.*

[4] *In terme van die reëls van die SAR-skema is die aanbodprys van SARs wat toegeken is voor Remgro se regte-uitgifte verminder om seker te maak dat deelnemers wesentlik in dieselfde posisie geplaas word as wat hulle voor die regte-uitgifte was.*

[5] *Dit verwys na die toename in die waarde van SAR-skema-aandele van die aangeduide deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met betaling en lewering daarvan.*

[6] *Sedert die verkryging van VenFin Beperk in November 2009 is Remgro-SARs aan mnr J Malherbe toegeken om hom te vergoed vir die kansellasie van die VenFin-aandelegroeiregteskema. Mnr Malherbe kwalifiseer nie vir enige verdere toekenning van SARs nie.*

9. DIREKTEURS- EN SLEUTELBESTUURPERSONEELVERGOEDING (vervolg)

Aandeelgebaseerde betalings aan direkteure en sleutelbestuurpersoneel (vervolg)

Direkteure (vervolg)

Deelnemer	*Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2015*	*SARs aanvaar ge-durende die jaar[1]*	*Billike waarde van SARs op aanbod-datum (R'000)*	*SARs oorgedra ge-durende die jaar[3]*	*Aanbod-prys (Rand)*	*Aantal SARs uit-geoefen*	*Datum van SARs uit-geoefen*	*Aandeel-prys op datum van uit-oefening*	*Waarde-toename[4] (R'000)*	*Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2016*
Uitvoerend										
W E Bührmann	23 548				97.55					23 548
	98 817				147.25					98 817
	25 485				191.70					25 485
	8 958				253.53					8 958
		26 470	2 142		272.00					26 470
L Crouse[2]	51 865				97.55	(51 865)	22/03/2016	259.66	8 408	–
	94 652				147.25	(94 652)	22/03/2016	259.66	10 640	–
	189 300				147.25	(189 300)	04/04/2016	250.94	19 629	–
	79 144				191.70	(79 144)	04/04/2016	250.94	4 688	–
	23 587				253.53					23 587
J J Durand	157 262				97.55					157 262
	271 258				147.25					271 258
	93 128				191.70					93 128
	108 468				253.53					108 468
	–	192 676	15 591		272.00					192 676
N J Williams[3]	–			18 076	78.30					18 076
	–			19 768	97.55					19 768
	–			81 901	147.25					81 901
	–			22 221	191.70					22 221
	–			16 430	253.53					16 430
	–			27 492	272.00					27 492
Subtotaal	1 225 472	219 146	17 733	185 888		(414 961)			43 365	1 215 545
Nie-uitvoerend										
J Malherbe[5]	50 506				78.30					50 506
	6 949				75.38	(6 949)	03/11/2015	279.00	1 415	–
Subtotaal	57 455	–	–	–		(6 949)			1 415	50 506
Totaal	1 282 927	219 146	17 733	185 888		(421 910)			44 780	1 266 051

(1) SARs is aangebied op 24 November 2015.

(2) Mnr L Crouse het met ingang van 31 Maart 2016 as hoof finansiële beampte afgetree. Ingevolge die reëls van die SAR-skema kan deelnemers wat aftree al die SARs wat aan hulle toegeken is uitoefen op enige tydstip binne twaalf maande na die datum van aftrede, of voor die vervaldatum van die SAR-tydperk (sewe jaar na die toekenningsdatum) wat ook al die vroegste is.

(3) Mnr N J Williams is met ingang van 1 April 2016 as hoof finansiële beampte aangestel. SARs oorgedra verwys na die balans van SARs toegeken en deur hom aanvaar voor 1 April 2016.

(4) Dit verwys na die toename in die waarde van SAR-skema-aandele van die aangeduide deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met betaling en lewering daarvan.

(5) Sedert die verkryging van VenFin Beperk in November 2009 is Remgro-SARs aan mnr J Malherbe toegeken om hom te vergoed vir die kansellasie van die VenFin-aandelegroeiregteskema. Mnr Malherbe kwalifiseer nie vir enige verdere toekenning van SARs nie.

9. DIREKTEURS- EN SLEUTELBESTUURPERSONEELVERGOEDING (vervolg)

Aandeelgebaseerde betalings aan direkteure en sleutelbestuurpersoneel (vervolg)

Voorgeskrewe beamptes

Deelnemer	Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2016	SARs aanvaar gedurende die jaar[1]	Billike waarde van SARs op aanbod-datum (R'000)	Aanbod-prys[2] (Rand)	Aantal SARs uitgeoefen	Datum van SARs uitgeoefen	Aandeel-prys op datum van uitoefening	Waarde-toename[3] (R'000)	Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2017
P R Louw	27 432			92.83					27 432
	22 646			142.04					22 646
	12 944			185.07					12 944
	5 952			245.53					5 952
	9 497			262.77					9 497
		91 120	6 374	209.11					91 120
P J Uys	218 400			177.24					218 400
	3 325			185.07					3 325
	14 774			245.53					14 774
	11 533			262.77					11 533
	–	91 463	6 398	209.11					91 463
Totaal	326 503	182 583	12 772		–			–	509 086

[1] *SARs is aangebied op 1 Desember 2016.*
[2] *In terme van die reëls van die SAR-skema is die aanbodprys van SARs wat toegeken is voor Remgro se regte-uitgifte verminder om seker te maak dat deelnemers wesentlik in dieselfde posisie geplaas word as wat hulle voor die regte-uitgifte was.*
[3] *Dit verwys na die toename in die waarde van SAR-skema-aandele van die aangeduide deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met die datum van betaling en lewering daarvan.*

Deelnemer	Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2015	SARs aanvaar gedurende die jaar[1]	Billike waarde van SARs op aanbod-datum (R'000)	SARs oorgedra gedurende die jaar[2]	Aanbod-prys (Rand)	Aantal SARs uitgeoefen	Datum van SARs uitgeoefen	Aandeel-prys op datum van uitoefening	Waarde-toename[3] (R'000)	Balans van SARs aanvaar op 30 Junie 2016
P R Louw[2]	–			27 432	97.55					27 432
	–			22 646	147.25					22 646
	–			12 944	191.70					12 944
	–			5 952	253.53					5 952
	–			9 497	272.00					9 497
P J Uys	218 400				183.15					218 400
	3 325				191.70					3 325
	14 774				253.53					14 774
		11 533	933		272.00					11 533
N J Williams[2]	18 076			(18 076)	78.30					–
	25 768			(19 768)	97.55	(6 000)	26/10/2016	278.58	1 086	–
	81 901			(81 901)	147.25					–
	22 221			(22 221)	191.70					–
	16 430			(16 430)	253.53					–
		27 492	2 225	(27 492)	272.00					–
Totaal	400 895	39 025	3 158	(107 417)		(6 000)			1 086	326 503

[1] *SARs is aangebied op 24 November 2015.*
[2] *Met ingang van 1 April 2016 is mnr N J Williams as hoof finansiële beampte en mnr P R Louw as lid van die bestuursraad aangestel. SARs oorgedra verwys na die balans van SARs toegeken en deur hulle aanvaar voor 1 April 2016.*
[3] *Dit verwys na die toename in die waarde van SAR-skema-aandele van die aangeduide deelnemers sedert die datum van aanbod tot en met die datum van betaling en lewering daarvan.*

10. ANDER BATES EN LASTE

10.1 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting bestaan hoofsaaklik uit grond en geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting, voertuie en draplante. Alle eiendom, aanleg en toerusting word teen historiese kosprys, minus waardevermindering en waardedaling, getoon. Historiese koste sluit uitgawes in wat direk verband hou met die verkryging van die items. Kostes kan ook oordragte insluit vanaf ekwiteit van enige winste/verliese op kwalifiserende kontantvloeiskanse ten opsigte van buitelandse valuta-aankope van eiendom, aanleg en toerusting. Daaropvolgende koste word ingesluit by die drawaarde van die bate of as 'n afsonderlike bate erken, waar van toepassing, slegs wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat met die item verband hou na die groep sal vloei en die koste daarvan betroubaar gemeet kan word. Die drabedrag van die onderdeel wat vervang is, word onterken. Alle ander herstelwerk en onderhoud word in die inkomstestaat verantwoord in die tydperk wanneer die koste aangegaan is.

Waardevermindering op geboue, masjinerie, toerusting, kantoortoerusting en voertuie word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien teen koerse wat die koste daarvan afskryf na 'n geskatte reswaarde. Die reswaardes en verwagte nuttige lewensduur van bates word jaarliks op verslagdoeningsdatum hersien en aangepas indien nodig. Geen waardevermindering word op grond voorsien nie.

Waardeverminderingskoerse (%) is soos volg:	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Draplante	**10**	10
Geboue	**2 – 50**	2 – 50
Masjinerie en toerusting	**2½ – 33⅓**	2½– 33⅓
Voertuie	**5 – 33⅓**	5 – 33⅓
Kantoortoerusting	**5 – 50**	5 – 50

Huurbates

Bates wat ingevolge 'n finansieringsbruikhuurooreenkoms gehuur word, d.i. waar die groep effektief al die risiko's en voordele verbonde aan eiendomsreg verkry, word met ingang van die ooreenkoms teen die laagste van die billike waarde van die gehuurde bate of die huidige waarde van die minimum bruikhuurbetalings gekapitaliseer. Gehuurde bates word afgeskryf oor die kortste van die huurtermyn of die tydperk waaroor die betrokke batekategorie andersins afgeskryf word. Die ooreenstemmende huurverpligting, netto van finansieringskoste, word in nie-bedryfslaste ingesluit. Elke huurbetaling word geallokeer tussen die las en finansieringskoste ten einde 'n konstante koers op die uitstaande finansieringsbalans te verkry. Finansieringskoste word oor die huurtermyn in die inkomstestaat verantwoord deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Die huur van bates ingevolge waarvan alle risiko's en voordele verbonde aan eiendomsreg effektief deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshure word op die reguitlynmetode oor die huurtermyn in die inkomstestaat erken.

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.1 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (vervolg)

R miljoen	*Grond en geboue*	*Masjinerie en toerusting*	*Voertuie*	*Kantoor-toerusting*	*Draplante*	Totaal
Herstateer						
Drawaarde op 1 Julie 2015	2 417	2 721	496	82	269	5 985
Kosprys	3 315	6 042	994	201	269	10 821
Opgelope waardevermindering	(898)	(3 321)	(498)	(119)	–	(4 836)
Toevoegings	356	774	107	36	22	1 295
Vervreemdings	(3)	(16)	(9)	–	(26)	(54)
Waardevermindering	(113)	(435)	(100)	(22)	(57)	(727)
Besigheid verkry	30	17	–	1	–	48
Waardedalings	(10)	(4)	(23)	–	–	(37)
Oordragte en ander	(75)	66	1	(2)	–	(10)
Drawaarde op 30 Junie 2016	2 602	3 123	472	95	208	6 500
Kosprys	3 608	6 808	1 033	221	265	11 935
Opgelope waardevermindering	(1 006)	(3 685)	(561)	(126)	(57)	(5 435)
Toevoegings	**142**	**497**	**487**	**30**	**72**	**1 228**
Vervreemdings	**(6)**	**(14)**	**(11)**	**(2)**	**(9)**	**(42)**
Waardevermindering	**(114)**	**(456)**	**(103)**	**(22)**	**(53)**	**(748)**
Waardedalings	**(5)**	**(164)**	**(12)**	**–**	**–**	**(181)**
Oordragte en ander	**(91)**	**18**	**(13)**	**(3)**	**–**	**(89)**
Drawaarde op 30 Junie 2017	**2 528**	**3 004**	**820**	**98**	**218**	**6 668**
Kosprys	**3 635**	**7 097**	**1 437**	**226**	**315**	**12 710**
Opgelope waardevermindering	**(1 107)**	**(4 093)**	**(617)**	**(128)**	**(97)**	**(6 042)**

Bates met 'n boekwaarde van R150 miljoen (2016: R171 miljoen) dien as sekuriteit vir verpligtinge onder verbandlenings, bruikhuur- en afbetalingskredietooreenkomste.

Die registers met volledige besonderhede van grond en geboue is vir insae deur aandeelhouers of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappye aan wie die eiendomme behoort.

Bates met 'n boekwaarde van R291 miljoen (2016: R366 miljoen) is nog onder konstruksie.

Waardedalingoorweging van RCL Foods se hoenderbesigheidseenheid
In die jaar onder oorsig het RCL Foods 'n gewysigde sakemodel in die hoenderbesigheid geïmplementeer. Stappe gedoen het ingesluit 'n vermindering in skofte en die besluit om van 'n bedryf ontslae te raak, waarvan die verkoop na verwagting in die 2018 finansiële jaar afgehandel sal word. Die besluit om die hersiene sakemodel te implementeer het gelei tot die identifisering van 'n aparte individuele snelbevrore (ISB) kontantgenererende eenheid (KGE). Die hoenderbesigheidseenheid is histories as 'n KGE verantwoord. Spesifieke bates, wat vanweë die herstrukturering oortollig geraak het, is afsonderlik van die ISB KGE erken. Hierdie bates is afgeskryf tot die verhaalbare bedrag daarvan en RCL Foods se bestuur verwag nie dat hierdie bates toekomstige ekonomiese voordele sal lewer nie. Die bates van die Tzaneen-bedryf is afgeskryf tot die verhaalbare bedrag daarvan en sedertdien geklassifiseer as gehou om te verkoop.

Die ISB KGE is getoets vir 'n waardedaling en bates ten bedrae van R172 miljoen is volledig afgeskryf. Die sleutelaannames word hieronder getoon. Die verhaalbare bedrag van die ISB KGE is bepaal op grond van gebruikswaardeberekeninge. Hierdie berekeninge gebruik kontantvloeiprojeksies gegrond op finansiële begrotings wat deur bestuur goedgekeur is en sluit aannames rakende wins voor belasting, waardevermindering, bedryfskapitaal en kapitaalinstandhoudingsbesteding in. Kontantvloeie na die vyfjaartydperk word ekstrapoleer deur van die langtermyn geprojekteerde groeikoers van 6.0% gebruik te maak.

Aanname	30 Junie 2017
Diskontokoers (%)	**11.7**
Groeikoers (%)	**6.0**
Tydperk (jare)	**5**

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.1 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (vervolg)

Die hoenderbesigheid se KGE is getoets vir 'n waardedaling met die sleutelaannames wat hieronder getoon word. Geen verdere waardedalings word vereis nie. Die verhaalbare bedrag van die oorblywende hoenderbesigheid KGE is bepaal op grond van gebruikswaardeberekeninge. Hierdie berekeninge gebruik kontantvloeiprojeksies gegrond op finansiële begrotings wat deur bestuur goedgekeur is en sluit aannames rakende wins voor belasting, waardevermindering, bedryfskapitaal en kapitaalinstandhoudingsbesteding in. Kontantvloeie na die vyfjaartydperk word ekstrapoleer deur van die langtermyn geprojekteerde groeikoers van 6.0% gebruik te maak.

Die sleutelaannames wat in die waardedalingstoets gebruik word, is soos volg:

Aanname	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Diskontokoers (%)	**10.2**	12.9
Groeikoers (%)	**6.0**	6.0
Tydperk (jare)	**5**	5

Sensitiwiteitsanalise van die aannames gebruik in die toetse vir waardedaling:

Aanname (R miljoen)	*Beweging*	2017 Waarde-daling	2016 Waarde-daling
Diskontokoers (%)	**+2.0**	**–**	–
Groeikoers (%)	**-0.5**	**–**	–

10.2 BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en kapitaalwaarde toe te voeg. Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings verantwoord en word teen kosprys minus opgelope waardevermindering getoon. Waardevermindering op geboue word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur voorsien ten einde die geboue na hul geskatte reswaardes af te skryf.

Die billike waardes wat geopenbaar word ten opsigte van beleggingseiendomme word driejaarliks deur eksterne, onafhanklike waardeerders bepaal en met inflasieverhogings vir elke tussenjaar aangepas.

R miljoen	30 Junie 2017 *Kosprys*	*Opgelope waarde-vermindering*	*Drawaarde*	30 Junie 2016 *Kosprys*	*Opgelope waarde-vermindering*	*Drawaarde*
Grond	**3**	**–**	**3**	3	–	3
Geboue	**130**	**(4)**	**126**	104	–	104
	133	**(4)**	**129**	107	–	107

Rekonsiliasie van drawaarde aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	*Grond*	*Geboue*	30 Junie 2017	*Grond*	*Geboue*	30 Junie 2016
Saldo's aan die begin van die jaar	**3**	**104**	**107**	3	48	51
Toevoegings	**–**	**26**	**26**	–	56	56
Waardevermindering	**–**	**(4)**	**(4)**	–	–	–
Saldo's aan die einde van die jaar	**3**	**126**	**129**	3	104	107

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.2 BELEGGINGSEIENDOMME (vervolg)

In die finansiële jare voor 2017 het die groep nie voorsiening gemaak vir waardevermindering op beleggingseiendomme nie, aangesien die reswaarde van die eiendomme meer was as die drawaarde daarvan. Dit het ook gegeld vir bestaande beleggingseiendomme soos op 30 Junie 2016. Gedurende die 2017 finansiële jaar is toevoegings, waaronder konstruksie wat in die 2016 finansiële jaar begin het, tot die eiendomme voltooi. Die groep het die geskatte nuttige leeftyd en reswaarde van die wesentlike komponente van die toevoegings tot beleggingseiendomme varieer. Gevolglik is waarde-verminderingskoerse van tussen 4% en 20% per jaar op hierdie komponente toegepas.

Die groep se diverse eiendomsbeleggingsportefeulje is waardeer soos op 30 Junie 2017 deur onafhanklike, gekwalifiseerde waardeerders gedoen wat, met inagneming van die spesifieke eiendom, óf 'n verdiskonteerde kontantvloei- óf 'n gedepresieerde vervangingskoste-benadering gevolg het deur gebruik te maak van insette wat toepaslik is vir elke spesifieke eiendom. Die groep verkry elke drie jaar eksterne waardasies van sy eiendomme en word dan aangepas vir inflasie tot die volgende waardasies gedoen word. Die billike waarde van die beleggingseiendomme (vlak 3), BTW uitgesluit, bedra R629 miljoen (2016: R546 miljoen).

Die registers met volledige besonderhede van beleggingseiendomme is vir insae deur aandeelhouers of hul gevolmagtigdes beskikbaar by die geregistreerde kantore van die maatskappye aan wie die eiendomme behoort.

10.3 ONTASBARE BATES

Klandisiewaarde
Klandisiewaarde ontstaan by die verkryging van filiale en verteenwoordig die oorskot van die koopsom bo Remgro se belang in die netto billike waarde van die netto identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike laste van die verkrygde. Klandisiewaarde word teen koste minus opgehoopte waardedalingsverliese getoon.

Identifiseerbare ontasbare bates (insluitende handelsmerke, klantekontrakte en -verhoudinge en sagteware)
Die koste om identifiseerbare ontasbare bates en handelsmerke te ontwikkel en te vestig, word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Gevolglik word die waardes daarvan nie in die finansiële jaarstate aangetoon nie. Die koste van identifiseerbare ontasbare bates wat aangekoop is, word op die reguitlynmetode oor hul verwagte nuttige lewensduur afgeskryf.

Navorsings- en ontwikkelingskoste
Navorsingskoste word met die aangaan van sulke koste afgeskryf. Waar daar aan al die bate-erkenningsmaatstawwe voldoen word, word ontwikkelingskoste gekapitaliseer en oor die verwagte nuttige lewensduur van die produk afgeskryf. Ontwikkelingskoste wat voorheen as 'n uitgawe erken is, word nie in 'n daaropvolgende tydperk as 'n bate erken nie.

Identifiseerbare ontasbare bates en gekapitaliseerde ontwikkelingskoste met onbepaalde leeftye word nie geamortiseer nie.

R miljoen	*Klandisie-waarde*	*Handels-merke*	*Klante-verhoudinge*	*Sagteware*	Totaal
Drawaarde op 1 Julie 2015	3 056	1 791	785	78	5 710
Koste	3 068	1 813	995	161	6 037
Opgelope amortisasie/waardedaling	(12)	(22)	(210)	(83)	(327)
Toevoegings	–	–	–	15	15
Amortisasie	–	(1)	(99)	(19)	(119)
Besighede verkry	21	–	–	–	21
Waardedaling	(377)	(265)	–	(2)	(644)
Oordragte en ander	–	–	–	10	10
Drawaarde op 30 Junie 2016	2 700	1 525	686	82	4 993
Koste	3 089	1 813	995	186	6 083
Opgelope amortisasie/waardedaling	(389)	(288)	(309)	(104)	(1 090)
Toevoegings	**–**	**–**	**–**	**41**	**41**
Amortisasie	**–**	**(1)**	**(99)**	**(22)**	**(122)**
Oordragte en ander	**–**	**–**	**–**	**15**	**15**
Drawaarde op 30 Junie 2017	**2 700**	**1 524**	**587**	**116**	**4 927**
Koste	**3 077**	**1 813**	**995**	**238**	**6 123**
Opgelope amortisasie/waardedaling	**(377)**	**(289)**	**(408)**	**(122)**	**(1 196)**

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.3 ONTASBARE BATES (vervolg)

Amortisasietydperke (jare)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Handelsmerke	15 – 20	15 – 20
Klanteverhoudinge	4 – 20	4 – 20
Sagteware	3 – 20	3 – 20

In die vorige jaar het RCL Foods en sy filiale waardedalings ten opsigte van klandisiewaarde en handelsmerke ten bedrae van R377 miljoen en R265 miljoen onderskeidelik erken. Die klandisiewaarde en handelsmerke hou verband met sy suiker- en meulafdeling. Die verhaalbare bedrag van klandisiewaarde het weens geraamde kontantvloei-beperkings afgeneem en dit spruit uit die mededingende handelsomgewing, asook 'n styging in die diskontokoers weens verhoogde rentekoerse.

Sagteware met 'n boekwaarde van R25 miljoen is nog onder konstruksie.

Klandisiewaarde en ontasbare bates met onbeperkte lewensduur word jaarliks getoets vir enige moontlike waardedaling en vir dié doel word hulle toegedeel aan die onderskeie kontantgenererende eenhede soos hieronder aangedui:

	Ontasbare bates met onbeperkte lewensduur	*Klandisiewaarde*		
	RCL Foods Beperk en sy filiale[1]	*RCL Foods Beperk en sy filiale*[2]	*Wispeco Holdings Eiendoms Beperk en sy filiale*	30 Junie 2017 Totaal
Drawaarde (R miljoen)	1 521	2 664	36	2 700
Basis vir waardasie van kontantgenererende eenhede	Waarde in gebruik	Waarde in gebruik	Waarde in gebruik	
Diskontokoers (%)	9.9 – 12.8	9.9 – 12.8	13.1	
Groeikoers (%)	5.0 – 6.0	5.0 – 6.0	2.7	
Tydperk (jare)	5	5	5	

[1] *Hierdie ontasbare bates met onbeperkte lewensduur verwys na die verkryging van New Foodcorp Holdings Eiendoms Beperk (Foodcorp).*
[2] *Klandisiewaarde ten bedrae van R2 735 miljoen en R287 miljoen is aanvanklik erken met die verkryging van Foodcorp en Vector Logistics Eiendoms Beperk onderskeidelik.*

Sensitiwiteitsanalise van die aannames gebruik in die toetse vir waardedaling:

Aanname (R miljoen)	*Beweging*	2017 Waarde-daling	2016 Waarde-daling
Diskontokoers (%)	+2.0	316	508
Groeikoers (%)	-0.5	15	78

Geen ontasbare bates dien as sekuriteit nie.

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.4 AFTREEVOORDELE

Pensioenverpligtinge

Maatskappye in die groep verskaf omskrewevoordeel- en omskrewebydrae-na-aftredefondse vir hulle werknemers. Die planbates van dié fondse word in afsonderlike trusteebestuurde fondse gehou. Die fondse word deur betalings van die werknemers en die groep befonds, gebaseer op aanbevelings deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

Die rekeningkundige pensioenkoste van die omskrewevoordeel-fondse word bepaal deur gebruik te maak van die geprojekteerde kredieteenheidmetode. Die koste om pensioene te voorsien word in die inkomstestaat verreken deur die koste te versprei oor die dienstermyn van werknemers in ooreenstemming met advies van gekwalifiseerde aktuarisse. Die pensioenverpligting word bepaal volgens die huidige waarde van die geskatte toekomstige kontantuitvloeie deur gebruik te maak van rentekoerse van staatseffekte wat ongeveer dieselfde terme tot vervaldatum het as die verwante verpligting.

Verstreke dienskoste word onmiddellik as uitgawe erken.

Die netto surplus of tekort van die voordeelverpligting is die verskil tussen die huidige waarde van die befondsde verpligtinge en die billike waarde van die fondsbates. Aktuariële winste en verliese wat spruit uit ervarings aanpassings en veranderinge in aktuariële aannames word gehef teen, of gekrediteer na, ekwiteit in ander omvattende inkomste in die tydperk waarin dit ontstaan.

Die groep se bydrae tot die omskrewebydrae-pensioenfondse word erken in die inkomstestaat in die tydperk waarop dit betrekking het.

Na-aftrede mediese verpligtinge

Die groep verskaf na-aftrede mediese voordele aan afgetrede werknemers. Die geregtigheid op na-aftrede mediese voordele is gebaseer op die vereiste dat die werknemers in diens bly tot aftrede en die voltooiing van 'n minimum dienstydperk. Die geprojekteerde kredieteenheidmetode van waardasie word gebruik vir die berekening van die na-aftrede mediese verpligting.

Die verwagte koste van dié voordele word as uitgawe verantwoord en die verpligting oor die tydperk van diens geakkumuleer deur gebruik te maak van rekeningkundige metodologie wat ooreenstem met dié van omskrewevoordeel-pensioenfondse. Waardasies van dié verpligtinge word uitgevoer deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Staat van finansiële stand verpligtinge		
Aftreevoordele	**(11)**	(12)
Na-aftrede mediese voordele	**(162)**	(190)
	(173)	(202)
Staat van finansiële stand bates	**201**	163
Aftreevoordele	**76**	26
Omskrewebydrae-fonds werkgewersurplus	**125**	137
Netto omskrewevoordeel na-aftredebate/(-verpligting)	**28**	(39)
Verteenwoordig deur:		
Aftreevoordele (verwys na aantekening 10.4.1)	**65**	14
Na-aftrede mediese voordele (verwys na aantekening 10.4.2)	**(162)**	(190)
Omskrewebydrae-fonds werkgewersurplus	**125**	137
	28	(39)
Inkomstestaat*		
Aftreevoordele	**3**	4
Na-aftrede mediese voordele	**28**	24
Uitgawe	**31**	28
Staat van omvattende inkomste – ander omvattende inkomste		
Aftreevoordele (verwys na aantekening 10.4.1)	**(52)**	(8)
Na-aftrede mediese voordele (verwys na aantekening 10.4.2)	**(16)**	(11)
Inkomste	**(68)**	(19)

* *Verwys na aantekening 12.2 op bladsy 74.*

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.4 AFTREEVOORDELE (vervolg)

10.4.1 AFTREEVOORDELE

Van die maatskappy se filiale het verskeie omskrewevoordeel- en omskrewebydrae-fondse wat onafhanklik van die finansies van die groep privaat geadministreer word. Die groep bedryf omskrewevoordeel-fondse in Suid-Afrika, beheer deur die Wet op Pensioenfondse, 1956 (soos gewysig), en in Switserland. Alle besoldigde werknemers is verplig om lidmaatskap van een van die fondse te aanvaar.

Die omskrewevoordeel-pensioenfondse word elke derde jaar vir Suid-Afrikaanse statutêre doeleindes deur onafhanklike aktuarisse volgens die metode vir geprojekteerde kredieteenhede waardeer. Die jongste aktuariële waardasies van die Suid-Afrikaanse fondse is op 30 Junie 2015 gedoen.

	Staat van finansiële stand				*Inkomste-staat*	*Staat van ander om-vattende inkomste*
R miljoen	***Billike waarde van fondsbates***	***Huidige waarde van befondsde ver-pligtinge***	***Uitwerking van die batelimiet****	***Bedrag in staat van finansiële stand erken***	***(Inkomste)/ uitgawe ingesluit in personeel-koste***	***(Inkomste)/ uitgawe***
Saldo's op 1 Julie 2015	483	(283)	(192)	8		
Huidige dienskoste	–	(5)	–	(5)	5	–
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	38	(21)	(16)	1	(1)	–
Verandering in uitwerking op die batelimiet	–	–	(8)	(8)	–	8
Fondsuitgawe	(1)	1	–	–	–	–
Bydraes	2	–	–	2	–	–
Wisselkoersverskille	5	(5)	–	–	–	–
Voordeelbetalings	(16)	16	–	–	–	–
Hermetings:						
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente	18	–	–	18	–	(18)
– Verandering in finansiële aannames	–	(2)	–	(2)	–	2
Saldo's op 30 Junie 2016	529	(299)	(216)	14	4	(8)
Huidige dienskoste	**–**	**(5)**	**–**	**(5)**	**5**	**–**
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	**48**	**(25)**	**(21)**	**2**	**(2)**	**–**
Verandering in uitwerking op die batelimiet	**–**	**–**	**66**	**66**	**–**	**(66)**
Fondsuitgawe	**(1)**	**1**	**–**	**–**	**–**	**–**
Bydraes	**2**	**–**	**–**	**2**	**–**	**–**
Wisselkoersverskille	**(4)**	**4**	**–**	**–**	**–**	**–**
Voordeelbetalings	**(16)**	**16**	**–**	**–**	**–**	**–**
Hermetings:						
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente	**(34)**	**–**	**–**	**(34)**	**–**	**34**
– Verandering in finansiële aannames	**–**	**20**	**–**	**20**	**–**	**(20)**
Saldo's op 30 Junie 2017	**524**	**(288)**	**(171)**	**65**	**3**	**(52)**

* *Die Raad op Finansiële Dienste het die surplusverdelingskema op 6 September 2005 goedgekeur. Die huidige waarde van ekonomiese voordele word beperk tot die waarde van die surplus wat na die Werkgewer-surplusrekening toegedeel is. Die Trustees het besluit om nie enige van die huidige surplusse binne die Fonds toe te deel nie. Die groep het geen onbefondsde laste nie.*

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.4 AFTREEVOORDELE (vervolg)

10.4.1 AFTREEVOORDELE (vervolg)

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Werklike opbrengs op fondsbates	**14**	56
Verwagte bydraes tot aftreefondse vir die jaar eindigende 30 Junie 2018: R2 miljoen		
Aantal lede	**82**	87
Samestelling van fondsbates (%)		
Kontant	**10.3**	22.9
Ekwiteit	**37.1**	34.1
Effekte	**8.3**	2.9
Eiendom	**4.2**	3.6
Internasionaal	**31.5**	31.9
Ander	**8.6**	4.6
	100.0	100.0
Belangrikste aktuariële aannames op die rapporteringsdatum (%)		
Diskontokoers	**0.4 – 9.4**	0.2 – 9.9
Toekomstige salarisverhogings	**8.4**	9.6
Toekomstige pensioenverhogings	**6.4**	7.6
Inflasiekoers	**1.1 – 6.4**	0.9 – 7.6

Die sensitiwiteit van die omskrewevoordeelverpligting ten opsigte van veranderinge in die vernaamste aannames is:

	2017 Impak op omskrewe-voordeelverpligting			2016 Impak op omskrewe-voordeelverpligting		
R miljoen	*Verandering in aanname*	*Toename in aanname*	*Afname in aanname*	*Verandering in aanname*	*Toename in aanname*	*Afname in aanname*
Suid-Afrikaanse verpligting						
Diskontokoers	**1.0%**	**(19)**	**22**	1.0%	(21)	26
Inflasiekoers	**1.0%**	**23**	**(19)**	1.0%	26	(22)
Switserland						
Diskontokoers	**0.5%**	**(2)**	**2**	0.5%	(2)	2
Inflasiekoers	**0.5%**	**2**	**(1)**	0.5%	2	(2)

Bogenoemde sensitiwiteitsontleding is gebaseer op 'n verandering in die aanname, terwyl alle ander aannames konstant bly. In die praktyk is dit onwaarskynlik dat dit sal gebeur en veranderinge in sommige aannames mag gekorreleer wees.

10.4.2 NA-AFTREDE MEDIESE VOORDELE

Die groep bedryf 'n aantal na-aftrede mediese voordeleskemas in Suid-Afrika. Die meeste van hierdie planne is onbefonds.

Die bedrae wat in die staat van finansiële stand erken word, word soos volg bepaal:

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Huidige waarde van befondsde verpligtinge	**89**	90
Billike waarde van planbates	**(70)**	(70)
Tekort van die befondsde planne	**19**	20
Huidige waarde van onbefondsde verpligtinge	**143**	170
Verpligting ingesluit in die staat van finansiële stand	**162**	190

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.4 AFTREEVOORDELE (vervolg)

10.4.2 NA-AFTREDE MEDIESE VOORDELE (vervolg)

R miljoen	Staat van finansiële stand: *Billike waarde van fondsbates*	*Huidige waarde van fondsverpligtinge*	*Bedrag in staat van finansiële stand erken*	Inkomstestaat: *(Inkomste)/uitgawe ingesluit in personeelkoste*	Staat van ander omvattende inkomste: *(Inkomste)/uitgawe*
Saldo's op 1 Julie 2015	62	(280)	(218)		
Huidige dienskoste	–	(7)	(7)	7	–
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	6	(25)	(19)	19	–
Verstreke dienskoste	–	2	2	(2)	–
Voordeelbetalings	(3)	14	11	–	–
Las vereffen	–	30	30	–	–
Hermetings:					
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente-inkomste	5	–	5	–	(5)
– Wins/(verlies) met ondervinding-aanpassing	–	6	6	–	(6)
Saldo's op 30 Junie 2016	70	(260)	(190)	24	(11)
Huidige dienskoste	**–**	**(7)**	**(7)**	**7**	**–**
Netto rente-inkomste/(-uitgawe)	**7**	**(26)**	**(19)**	**19**	**–**
Verstreke dienskoste	**–**	**(2)**	**(2)**	**2**	**–**
Voordeelbetalings	**(2)**	**10**	**8**	**–**	**–**
Las vereffen	**–**	**32**	**32**	**–**	**–**
Hermetings:					
– Verandering in finansiële aannames	**–**	**13**	**13**	**–**	**(13)**
– Opbrengs op planbates uitgesluit rente-inkomste	**(5)**	**–**	**(5)**	**–**	**5**
– Wins/(verlies) met ondervinding-aanpassing	**–**	**8**	**8**	**–**	**(8)**
Saldo's op 30 Junie 2017	**70**	**(232)**	**(162)**	**28**	**(16)**

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Bedrag van fondsbates verteenwoordig deur belegging in entiteit se eie finansiële instrumente	**1**	1
Werklike opbrengs op fondsbates	**2**	11
Verwagte mediese premies vir die jaar eindigende 30 Junie 2018: R6 miljoen		
Aantal lede	**704**	686
Samestelling van fondsbates (%)		
Kontant	**4.4**	9.3
Ekwiteit	**85.0**	81.5
Effekte	**10.6**	9.2
	100.0	100.0

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.4 AFTREEVOORDELE (vervolg)

10.4.2 NA-AFTREDE MEDIESE VOORDELE (vervolg)

Belangrikste aktuariële aannames op die rapporteringsdatum (%)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Diskontokoers	**8.9 – 11.6**	9.2 – 10.3
Jaarlikse verhoging in gesondheidsorgkoste	**8.3 – 10.7**	8.9 – 10.0

	2017 Impak op na-aftrede mediese verpligting			2016 Impak op na-aftrede mediese verpligting		
R miljoen	*Verandering in aanname*	*Toename in aanname*	*Afname in aanname*	*Verandering in aanname*	*Toename in aanname*	*Afname in aanname*
Diskontokoers	**1.0%**	**(31)**	**36**	1.0%	(34)	40
Gesondheidsorgkoste-inflasie	**1.0%**	**38**	**(31)**	1.0%	33	(26)

Bogenoemde sensitiwiteitsontleding is gebaseer op 'n verandering in die aanname, terwyl alle ander aannames konstant bly. In die praktyk is dit onwaarskynlik dat dit sal gebeur en veranderinge in sommige aannames mag gekorreleer wees.

10.5 VOORRAAD

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Die grondslag waarvolgens koste, wat finansieringskoste uitsluit, bepaal word, is die eerste-in-eerste-uit-kostemetode. Netto realiseerbare waarde is die beraamde verkoopprys in die normale gang van besigheid, minus veranderlike verkoopskoste. Onvoltooide werk en klaarprodukte sluit direkte koste en 'n toepaslike deel van vervaardigingsbokoste in.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Grondstowwe	**715**	974
Klaarprodukte	**2 004**	2 095
Onvoltooide werk	**26**	19
Verbruiksgoedere	**310**	186
	3 055	3 274
Voorraaduitgawe gedurende die jaar	**16 138**	16 959
Voorraad gedra teen netto realiseerbare waarde	**103**	249

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.6 BIOLOGIESE LANDBOUBATES

Biologiese landboubates word teen billike waarde minus geraamde koste ten opsigte van die oes, vervoer en verpakking van die bates en verkoopspuntkoste gemeet. Winste en verliese wat ontstaan met die erkenning van hierdie bates word in die inkomstestaat verantwoord gedurende die tydperk waarin dit ontstaan.

Groeiende oeste
Groeiende oeste bestaan uit verbruikbare biologiese bates, d.i. staande suikerriet en piesangs, en word teen billike waarde gemeet wat bepaal word volgens huidige geraamde markpryse en met inagneming van die volgende:

- Staande suikerriet volgens geraamde sukrose-inhoud en ouderdom
- Piesangs volgens geraamde opbrengs, kwaliteitstandaarde en ouderdom

Hoendervoorraad
Hoendervoorraad sluit broei- en braaihoendervoorraad in. Broeivoorraad sluit alle teel- en lê-bedrywighede asook broeieiers in. Die billike waarde van hoendervoorraad is gebaseer op markpryse of, waar markpryse nie beskikbaar is nie, met verwysing na sektorale norme.

Biologiese bates word teen billike waarde gemeet deur van insette gebruik te maak wat nie op waarneembare markgegewens gegrond is nie. Hierdie bates word gevolglik as vlak 3, in terme van IFRS 13, geklassifiseer. Daar was geen oordragte na vlak 1- óf vlak 2-billikewaarde-bates in die tydperk onder oorsig nie.

R miljoen	*Teel-hoenders*	*Braai-kuikens*	*Suikerriet*	*Piesangs*	Totaal
Drawaarde op 1 Julie 2015*	308	241	276	5	830
Toevoegings	1 025	4 025	–	–	5 050
Afname deur oeste	(1 033)	(4 015)	–	–	(5 048)
Billike waarde aanpassing	49	12	347	4	412
Oordragte	–	–	(271)	(5)	(276)
Drawaarde op 30 Junie 2016*	349	263	352	4	968
Toevoegings	**915**	**3 829**	**–**	**–**	**4 744**
Afname deur oeste	**(1 016)**	**(3 898)**	**–**	**–**	**(4 914)**
Billike waarde aanpassing	**25**	**13**	**318**	**7**	**363**
Oordragte	**–**	**(15)**	**(351)**	**(4)**	**(370)**
Drawaarde op 30 Junie 2017	**273**	**192**	**319**	**7**	**791**

* *Herstateer.*

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.6 BIOLOGIESE LANDBOUBATES (vervolg)

Die volgende waardasietegnieke en belangrike insette is gebruik om biologiese bates te meet.

BESKRYWING	WAARDASIE-TEGNIEK	ONWAAR-NEEMBARE INSETTE	REEKS VAN ONWAAR-NEEMBARE INSETTE	VERHOUDING VAN ONWAARNEEMBARE INSETTE TOT BILLIKE WAARDE	BILLIKE WAARDE OP 30 JUNIE 2017 R MILJOEN
Hoender-voorraad	Vervangingskoste van komponente om voorraad te laat groei	Aantal eiers per hen	163 tot 174 per hen	Hoe hoër die aantal eiers per hen, hoe hoër die billike waarde	
		Koste van 'n dagoud-broeivoël	R58.08 tot R66.33 per kuiken	Hoe hoër die koste per kuiken, hoe hoër die billike waarde	
		Vrektekoers	2.9% tot 7.8%	Hoe hoër die vrektekoers, hoe laer die billike waarde	
		Gemiddelde lewende massa	1.51 kg tot 1.79 kg per voël	Hoe hoër die gemiddelde lewende massa, hoe hoër die billike waarde	
		Voerkoste	R5 115 tot R6 634 per ton	Hoe hoër die voerkoste per ton, hoe hoër die billike waarde	465
Staande suikerriet	Verhaalbare waarde	Verhaalbare waarde (prys per ton van sukrose) minus oes-, vervoer- en ander verkoopskoste	R3 269 tot R3 841 per ton	Hoe hoër die verhaalbare waarde minus oes-, vervoer- en ander verkoopskoste per ton sukrose, hoe hoër die waarde van staande suikerriet	319
Piesangs	Verhaalbare waarde	Billike waarde per ton minus verkoopskoste[1]	R3 874 per ton	Hoe hoër die verwagte billike waarde per ton minus verkoopskoste, hoe hoër die waarde van piesangs	7

[1] *Gedurende die jaar onder oorsig is die onwaarneembare insette om piesangs te waardeer verander na 'n meer toepaslike basis om billike waarde te bepaal.*

BESKRYWING	WAARDASIE-TEGNIEK	ONWAAR-NEEMBARE INSETTE	REEKS VAN ONWAAR-NEEMBARE INSETTE	VERHOUDING VAN ONWAARNEEMBARE INSETTE TOT BILLIKE WAARDE	BILLIKE WAARDE OP 30 JUNIE 2016 R MILJOEN
Hoender-voorraad	Vervangingskoste van komponente om voorraad te laat groei	Aantal eiers per hen	163 tot 174 per hen	Hoe hoër die aantal eiers per hen, hoe hoër die billike waarde	
		Koste van 'n dagoud-broeivoël	R55.22 tot R61.29 per kuiken	Hoe hoër die koste per kuiken, hoe hoër die billike waarde	
		Vrektekoers	4.5% tot 5.6%	Hoe hoër die vrektekoers, hoe laer die billike waarde	
		Gemiddelde lewende massa	1.48 kg tot 1.81 kg per voël	Hoe hoër die gemiddelde lewende massa, hoe hoër die billike waarde	
		Voerkoste	R5 632 tot R6 300 per ton	Hoe hoër die voerkoste per ton, hoe hoër die billike waarde	612
Staande suikerriet	Verhaalbare waarde	Verhaalbare waarde (prys per ton van sukrose) minus oes-, vervoer- en ander verkoopskoste	R3 703 tot R4 167 per ton	Hoe hoër die verhaalbare waarde minus oes-, vervoer- en ander verkoopskoste per ton sukrose, hoe hoër die waarde van staande suikerriet	352
Piesangs	Verhaalbare waarde	Verwagte verdienste voor rente en belasting (EBIT)	R489 EBIT per ton verkoop	Hoe hoër die verwagte EBIT, hoe hoër die waarde van piesangs	4

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.6 BIOLOGIESE LANDBOUBATES (vervolg)

Sensitiwiteitsontleding

'n Sensitiwiteitsontleding vir die belangrikste onwaarneembare insette word hieronder getoon.

INSET	SENSITIWITEIT
Voerkoste – hoendervoorraad	'n Vyfpersent-verandering in voerkoste sal 'n R6 miljoen-verandering (2016: R8 miljoen) in billike waarde tot gevolg hê.
Verhaalbare waarde prys per ton – staande suikerriet	'n Verandering van een persent in verhaalbare waarde sal 'n R4 miljoen-verandering (2016: R5 miljoen) in billike waarde tot gevolg hê.

10.7 DEBITEURE EN KORTTERMYNLENINGS

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Handelsdebiteure (bruto)	**3 381**	3 468
Minus: Voorsiening vir waardedalings	**(75)**	(90)
Handelsdebiteure (netto)	**3 306**	3 378
Dividende ontvangbaar	**264**	505
Korttermynlenings	**611**	331
Vooruitbetalings	**65**	303
Ander	**639**	986
	4 885	5 503

Debiteure met 'n drawaarde van R2 517 miljoen (2016: R2 035 miljoen) het sekuriteit aan die groep verskaf. Die sekuriteit bestaan uit verbande en notariële verbande, sessies, bankwaarborge en kredietversekering.

Bewegings op die voorsiening vir waardedalings van handelsdebiteure is soos volg:

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Saldo's aan die begin van die jaar	**90**	80
Voorsiening vir waardedalings op debiteure	**20**	21
Debiteure gedurende die jaar as oninbaar afgeskryf	**(5)**	(4)
Ongebruikte bedrae teruggeskryf	**(27)**	(7)
Wisselkoersverskil	**(3)**	–
Saldo's aan die einde van die jaar	**75**	90

Gedurende die jaar is slegte skulde van R5 miljoen (2016: R4 miljoen) afgeskryf. Die ander klasse bates binne debiteure en korttermynlenings bevat geen bates waarop waardedalings gemaak is nie. Vir verdere inligting verwys na aantekening 13.

10.8 HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

Handelskrediteure

Handelskrediteure word aanvanklik teen billike waarde erken en daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Handelskrediteure	**2 382**	2 647
Opgelope uitgawes	**2 328**	2 186
	4 710	4 833

10. ANDER BATES EN LASTE (vervolg)

10.9 BATES GEHOU VIR VERKOOP

Nie-bedryfsbates (of vervreemdingsgroepe) word geklassifiseer as gehou vir verkoop indien hul drawaardes hoofsaaklik deur 'n verkoopstransaksie, eerder as deur voortdurende verbruik, verhaal sal word. Hierdie bates (of vervreemdingsgroepe) word gemeet teen die laagste van óf drawaarde óf billike waarde minus verkoopskoste.

Die groep klassifiseer 'n komponent as 'n beëindigde bedrywigheid wanneer daardie komponent vervreem is, of as gehou vir verkoop geklassifiseer is, en

- dit 'n aparte hooflyn van besigheid of geografiese area van bedrywighede verteenwoordig;
- dit deel is van 'n enkele plan om 'n aparte hooflyn van besigheid of geografiese area van bedrywighede te vervreem; of
- dit 'n filiaal is wat verkry is met die uitsluitlike doel om herverkoop te word.

'n Komponent van die groep bestaan uit bedrywighede en kontantvloeie wat duidelik vir bedryfs- en finansiële rapporteringsdoeleindes onderskei kan word van die res van die groep.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Bates gehou vir verkoop bestaan uit:		
Bates gehou vir verkoop	**89**	29
Laste gehou vir verkoop	**(1)**	–
	88	29
Die besonderhede van hierdie bates en laste is soos volg:		
Wispeco het twee eiendomme gedurende die jaar onder oorsig verkoop. Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting, wat geklassifiseer is as gehou vir verkoop, was	**–**	29
RCL Foods het besluit om die Tzaneen-bedryf van sy hoenderbesigheid van die hand te sit. 'n Koper is geïdentifiseer en die transaksie sal na verwagting in die 2018 finansiële jaar afgehandel word. Die drawaarde van die bates is afgeskryf tot die verhaalbare bedrag voor die klassifikasie as gehou vir verkoop. Die drawaarde van die bates en laste gehou vir verkoop is	**72**	–
Eiendom, aanleg en toerusting	**55**	–
Biologiese landboubates	**15**	–
Voorraad	**3**	–
Handels- en ander krediteure	**(1)**	–
Die groep het besluit om 'n korporatiewe vliegtuig te verkoop. 'n Koper is geïdentifiseer en die transaksie sal na verwagting in die 2018 finansiële jaar afgehandel word. Die vliegtuig is afgeskryf tot die verhaalbare bedrag voor die klassifikasie as gehou vir verkoop. Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting is	**13**	–
RCL Foods het besluit om suikerrietvragmotors te verkoop, asook 'n voormengaanleg in die suiker- en meulbedryf. Die verkoop van die vragmotors en die aanleg sal na verwagting in die 2018 finansiële jaar afgehandel word. Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting is	**3**	–
Netto nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	**88**	29

11. BELASTING

Belastinguitgawes vir die jaar sluit lopende en uitgestelde belasting in. Belasting word in die inkomstestaat erken, behalwe tot die mate waarin dit verband hou met items wat in ander omvattende inkomste, of direk in ekwiteit, erken is. In hierdie geval word belasting ook in ander omvattende inkomste, of direk in ekwiteit, erken. Rente en boetes word as deel van ander laste openbaar.

Lopende belasting word voorsien deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse gebaseer op toepaslike belastingwette.

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die staat van finansiële stand-aanspreeklikheidsmetode en deur gebruik te maak van heersende belastingkoerse. Voorsiening word gemaak vir alle tydelike verskille tussen die belastingbasis van bates en laste en hulle drawaardes in die staat van finansiële stand. Geen uitgestelde belastingaanspreeklikheid word erken in daardie omstandighede waar die aanvanklike erkenning van 'n bate of las geen invloed het op rekeningkundige of belasbare inkomste nie. Uitgestelde belastingbates word nie erken nie tensy dit waarskynlik is dat voldoende belasbare inkomste beskikbaar sal wees in toekomstige tydperke waarteen dié bates aangewend kan word.

Geen uitgestelde belasting word voorsien op tydelike verskille wat verband hou met beleggings in filiale nie aangesien Remgro die dividendbeleid van hierdie entiteite, en gevolglik ook die ommekeer daarvan, beheer.

Uitgestelde belasting word teen 'n koers van 0% op tydelike verskille wat verband hou met beleggings in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings voorsien aangesien daar verwag word dat die drawaarde van hierdie beleggings deur dividende (wat vrygestel is van belasting) verhaal sal word.

11.1 UITGESTELDE BELASTING

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Uitgestelde belastingaanspreeklikheid	**1 511**	1 623
Eiendom, aanleg en toerusting	**844**	845
Voorraad en biologiese bates	**222**	323
Ontasbare bates	**596**	624
Voorsienings	**(163)**	(129)
Beleggings	**188**	218
Belastingverliese	**(179)**	(251)
Ander	**3**	(7)
Uitgestelde belastingbate	**(23)**	(42)
Eiendom, aanleg en toerusting	**8**	12
Voorraad	**(1)**	(1)
Belastingverliese	**–**	(12)
Voorsienings	**(25)**	(38)
Ander	**(5)**	(3)
Netto uitgestelde belasting	**1 488**	1 581
Die beweging tussen begin- en eindsaldo van uitgestelde belasting kan soos volg ontleed word:		
Begin van die jaar	**1 581**	1 612
Soos per inkomstestaat	**(88)**	(153)
Verantwoord in ander omvattende inkomste	**(5)**	82
Verantwoord in ander omvattende inkomste: belastingkoersverandering	**–**	36
Besighede verkry	**–**	4
	1 488	1 581

11. BELASTING (vervolg)

11.2 BELASTINGVERLIESE

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Beraamde belastingverliese wat beskikbaar is vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	**1 104**	1 885
Aangewend om uitgestelde belastingbate te erken	**(648)**	(930)
	456	955

Die groep het kapitaalverliese sowel as aangeslane belastingverliese ten opsigte waarvan geen uitgestelde belastingbate erken is nie gegewe die onsekerheid dat toekomstige kapitaalwinste en belasbare inkomste sal ontstaan waarteen hierdie verliese benut kan word. Hierdie verliese is soos volg:

- Aangeslane belastingverliese ten bedrae van R445 miljoen (2016: R1 048 miljoen)
- Kapitaalverliese ten bedrae van R3 440 miljoen (2016: R3 440 miljoen)
- Kapitaalverliese ten bedrae van R5 299 miljoen (2016: R4 924 miljoen) wat onder beperkte omstandighede teen toekomstige kapitaalwinste benut kan word

R miljoen			30 Junie 2017	30 Junie 2016
11.3 BELASTING IN INKOMSTESTAAT				
Lopend	– huidige jaar	– Suid-Afrikaanse normale belasting	**324**	274
		– Kapitaalwinsbelasting	**8**	6
		– Buitelandse inkomste	**9**	4
		– Buitelandse belasting	**7**	8
	– vorige jaar	– Suid-Afrikaanse normale belasting	**(33)**	(160)
			315	132
Uitgestel	– huidige jaar		**(121)**	(121)
	– vorige jaar		**33**	(32)
			227	(21)
11.4 BELASTINGKOERSREKONSILIASIE				
Effektiewe belastingkoers			**19.1**	2.4
Verlaging/(verhoging) in standaardkoers as gevolg van:				
Vrygestelde dividendinkomste			**1.5**	(2.4)
Nie-belasbare kapitaalwins			**2.5**	(4.3)
Nie-aftrekbare uitgawes/nie-belasbare inkomste			**6.2**	29.6
Buitelandse belasting			**(1.3)**	1.3
Vorige jaar belasting			**0.6**	(3.5)
Belastingverliese aangewend			**(0.6)**	4.9
Standaardkoers			**28.0**	28.0

12. ANDER INKOMSTE EN UITGAWES

12.1 INKOMSTE

Inkomste-erkenning

Inkomste behels die billike waarde van die vergoeding wat ontvang is, of ontvangbaar is, vir die verkoop van goedere en dienste in die normale gang van die groep se aktiwiteite. Inkomste word openbaar gemaak nadat belasting op toegevoegde waarde, kortings en afslag, asook die uitskakeling van verkope binne die groep, in berekening gebring is.

Verkope van goedere sluit die verkope van meul- en landbouprodukte, asook verbruikersgoedere en aluminiumprodukte in. Die verkope van dienste behels logistieke en verspreidingsdienste, waar die groep as 'n agent namens 'n opdraggewer optree en kommissie verdien, asook konsultasiedienste.

Inkomste word erken wanneer 'n groepsentiteit produkte aan 'n klant gelewer het (in die geval van dienste wanneer die onderliggende produk gelewer is), die klant die produkte ontvang het, die inkomstebedrag betroubaar bereken kan word en die invordering van die relevante ontvangste taamlik seker is.

Konsultantdienste word verantwoord in die rekeningkundige verslagdoeningstydperk waarin die dienste gelewer word, met verwysing na die voltooiing van die spesifieke transaksie, gewaardeer op grond van die werklike diens gelewer as 'n gedeelte van die totale dienste wat gelewer moet word.

Die groep baseer sy skattings van aansporings- en vereffeningskortings op historiese resultate.

Rente word op 'n tydbasis verantwoord (met inagneming van die uitstaande kapitaal, die effektiewe koers en die tydperk), tensy invorderbaarheid twyfelagtig is. Dividende word verantwoord wanneer die reg om betaling te ontvang, gevestig word.

Segmentinkomste vir die jaar (R miljoen)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Verbruikersprodukte		
RCL Foods	**24 951**	25 025
Nywerheid		
Wispeco	**2 231**	2 105
Media en sport		
Ander media- en sportbelange	**418**	567
Gekonsolideerd	**27 600**	27 697

Geografiese segmentinligting: Inkomste ten bedrae van R55 miljoen (2016: R130 miljoen) is afkomstig van buite Suid-Afrika.

12.2 PERSONEELKOSTE

Korttermyn werknemervoordele

Werknemers se geregtigheid op verlof word erken wanneer dit ophoop ten gunste van die betrokke werknemers. 'n Krediteur word geskep vir die beraamde aanspreeklikheid vir verlof as gevolg van dienste wat deur werknemers gelewer word tot op die verslagdoeningsdatum.

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Salarisse en lone	**4 271**	3 914
Aandeelgebaseerde betalings	**144**	94
Pensioenkoste – omskrewe bydrae	**275**	265
Pensioenkoste – opbrengs op omskrewebydrae-bate	**(4)**	(13)
Pensioenkoste – omskrewe voordeel	**3**	4
Na-aftrede mediese voordele	**28**	24
Ander	**255**	290
	4 972	4 578

12. ANDER INKOMSTE EN UITGAWES (vervolg)

12.3 WINS

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer
Wins word getoon nadat die volgende in aanmerking geneem is:		
Inkomste		
Billike waarde aanpassing – biologiese bates	**363**	412
Billike waarde aanpassing – afgeleide instrumente	**359**	(526)
Huurinkomste – beleggingseiendomme	**23**	21
Wins met verkoop en verwatering van beleggings	**199**	2 451
Verwateringswins van belang in geëkwiteerde beleggings	**199**	2 259
Belegging in Britehouse	**–**	94
Belegging in Spire	**–**	153
Realisasie van buitelandse valuta – omskakelingsreserwes	**–**	(51)
Ander	**–**	(4)
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	**116**	(2 550)
Belegging in PGSI	**(86)**	35
Belegging in Blue Bulls	**–**	(27)
Belegging in Mainstreet 1131	**(17)**	–
Belegging in Premier Team Holdings	**(74)**	17
Belegging in Grindrod	**478**	(1 861)
Belegging in WP Rugby	**–**	(26)
Belegging in VisionChina Media	**(5)**	–
Belegging in PressureRite	**1**	–
RCL Foods se ontasbare bates	**–**	(644)
Bates gehou vir verkoop	**–**	(7)
Eiendom, aanleg en toerusting	**(181)**	(37)
Netto waardedaling van lenings	**(11)**	(6)
Uitgawes		
Amortisasie van ontasbare bates	**122**	119
Uitgawes – beleggingseiendomme	**8**	6
Huur	**459**	517
Grond en geboue	**270**	321
Masjinerie en toerusting	**75**	79
Voertuie	**82**	77
Kantoortoerusting	**32**	40
Herstelwerk en instandhouding	**850**	851
Navorsings- en ontwikkelingskoste afgeskryf	**3**	4
Ouditeursvergoeding – ouditfooie	**33**	33
– ander dienste	**4**	4
Verlies met verkoop van biologiese bates	**–**	9
Verlies met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**110**	10
Professionele fooie[1]	**138**	423
Waardevermindering	**752**	727
Draplante	**53**	57
Geboue	**114**	113
Masjinerie en toerusting	**456**	435
Voertuie	**103**	100
Kantoortoerusting	**22**	22
Beleggingseiendomme	**4**	–
Wisselkoersverliese[1]	**86**	159

[1] *Professionele fooie en wisselkoersverliese vir die vorige jaar sluit eenmalige transaksiekoste in wat verband hou met Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksie ten bedrae van R296 miljoen en R106 miljoen onderskeidelik.*

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente in die finansiële state geopenbaar sluit in kontant en kontantekwivalente, belegging in geldmarkfondse, ander beleggings, afgeleide instrumente, debiteure en korttermynlenings, handels- en ander krediteure en lenings. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken, wanneer die groep 'n party word tot die kontraktuele terme van die instrumente. Die transaksiekoste verwant aan die verkryging van finansiële instrumente gehou teen billike waarde deur wins en verlies word in die inkomstestaat verantwoord. Ná aanvanklike erkenning word die instrumente soos volg verantwoord:

Lenings en debiteure
Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare paaiemente wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer is nie. Hierdie instrumente word teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak.

Finansiële waarborgkontrakte
Finansiële waarborgkontrakte word as 'n finansiële las erken wanneer die waarborg uitgereik word. Die las word aanvanklik teen billike waarde erken en daarna teen die hoogste van die bedrag bepaal in ooreenstemming met *IAS 37: Voorsienings, Voorwaardelike Laste en Voorwaardelike Bates* en die bedrag aanvanklik erken minus kumulatiewe amortisasie, waar van toepassing.

Onterkenning van finansiële instrumente
Finansiële bates (of gedeeltes daarvan) word onterken wanneer die groep sy regte, soos in die kontrak gespesifiseer, realiseer, die regte verval of die groep sy kontraktuele regte, wat die finansiële bate omvat, prysgee of beheer daaroor verloor. By die onterkenning van 'n finansiële bate word die verskil tussen die drabedrag van dié bate en die opbrengs ontvang, sowel as enige vorige aanpassings ten einde die billike waarde daarvan te weerspieël en teen ander omvattende inkomste verantwoord was, in die inkomstestaat verantwoord.

Finansiële laste (of gedeeltes daarvan) word onterken wanneer die groep onthef word van die verpligting gespesifiseer in die kontrak, die verpligting gekanselleer word, of dit verval. By die onterkenning van 'n finansiële las word die verskil tussen die drabedrag van dié las, ingesluit verwante ongeamortiseerde kostes sowel as enige bedrag daarvoor betaal, in die inkomstestaat verantwoord.

Raming van billike waarde
Finansiële instrumente wat teen billike waarde in die staat van finansiële stand gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

- Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;
- Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en
- Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel, word teen die toepaslike gekwoteerde pryse gemeet. Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie in 'n georganiseerde finansiële mark verhandel nie, word bepaal deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van metodes en aannames gebaseer op markomstandighede en risiko wat op verslagdoeningsdatum bestaan, ingesluit onafhanklike evaluerings en verdiskonteerde kontantvloeimetodes. Billike waarde verteenwoordig 'n beraming van moontlike waardes wat mag verskil van die waarde wat uiteindelik gerealiseer gaan word.

Die billike waarde van finansiële waarborge word bepaal as die huidige waarde van die verskil in netto kontantvloei tussen die kontraktuele betalings onder die skuldinstrument en die betalings wat vereis sou word sonder die waarborg, of die beraamde bedrag wat betaalbaar sou wees aan 'n derde party vir aanvaarding van die verpligting.

Skansaktiwiteite
Daar is groepmaatskappye wat ook partye is tot afgeleide finansiële instrumente wat die blootstelling aan finansiële risiko's verlaag. Hierdie instrumente bestaan hoofsaaklik uit termynkontrakte. Sekere groepmaatskappye pas skansrekeningkunde toe.

Kontantvloeiskanse
Die effektiewe gedeelte van veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente wat aangewys is, en as kontantvloeiskanse kwalifiseer, word in ander omvattende inkomste erken. Die wins of verlies wat verband hou met die oneffektiewe gedeelte word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

Bedrae wat in ekwiteit akkumuleer, word herklassifiseer na die inkomstestaat in die tydperke wanneer die verskanste item wins en verlies sal beïnvloed (byvoorbeeld wanneer die geraamde verkope, wat verskans is, plaasvind). Wanneer die geraamde verskanste transaksie egter die erkenning van 'n nie-finansiële bate (byvoorbeeld voorraad) of 'n las tot gevolg het, word die winste en verliese wat voorheen in ekwiteit uitgestel is, oorgedra vanaf ekwiteit en by die aanvanklike raming van die koste van die bate of laste ingesluit. Die uitgestelde bedrae word uiteindelik erken in die koste van verkoopte goedere, in die geval van voorraad, of in waardevermindering, in die geval van vaste bate. Wanneer 'n verskanste instrument verval, of verkoop word, of wanneer die skans nie langer aan die vereistes vir skansrekeningkunde voldoen nie, bly enige kumulatiewe wins of verlies wat in daardie stadium in ekwiteit bestaan, in ekwiteit en word dit erken wanneer die beoogde transaksie uiteindelik in die inkomstestaat erken word. Wanneer 'n beoogde transaksie na verwagting nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies wat in ekwiteit gerapporteer is, onmiddellik na die inkomstestaat oorgedra.

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

Billikewaardeskanse

Veranderinge in die billike waarde van afgeleide instrumente, wat aangewese is en as billikewaardeskanse kwalifiseer, word in die inkomstestaat verantwoord saam met enige veranderinge in die billike waarde van die verskanste bate of las toeskryfbaar aan die verskanste risiko. Die groep pas billikewaarde-skansrekeningkunde toe om buitelandse valutarisiko's op sekere buitelandse valutabalanse te verskans. Die wins of verlies wat verband hou met die effektiewe en oneffektiewe gedeelte word in die inkomstestaat onder buitelandse valutawinste of -verliese erken. As die skans nie meer aan die vereistes vir skansrekeningkunde voldoen nie, word die verandering in die drawaarde van 'n verskanste item, waarvoor die effektiewe rentekoersmetode gebruik is, geamortiseer na wins of verlies oor die tydperk tot die vervaldatum.

Groepmaatskappye wat nie skansrekeningkunde toepas nie, erken veranderinge in die billike waarde van hierdie en ander afgeleide instrumente in die inkomstestaat in die tydperk waarin dit ontstaan.

Enige afgeleide instrumente ingesluit in finansiële instrumente word van die gasheerkontrak geskei wanneer hul ekonomiese eienskappe nie 'n noue verwantskap toon met dié van die gasheerkontrak nie en die gasheerkontrak nie teen billike waarde verantwoord word nie. Winste en verliese word in die inkomstestaat verantwoord.

Waar 'n wetlike huidig afdwingbare reg bestaan om erkende finansiële bates en laste teen mekaar te verreken, en daar die voorneme is om gelyktydig die las te vereffen en die bate te realiseer, of om op 'n netto grondslag te vereffen, word alle verwante finansiële uitwerkings teen mekaar verreken.

13.1 KLASSE FINANSIËLE INSTRUMENTE EN BILLIKE WAARDE

Finansiële instrumente in die staat van finansiële stand sluit beleggings, belegging in geldmarkfondse, lenings ontvangbaar, debiteure, kontant, krediteure, korttermynlenings, langtermynlenings en afgeleide instrumente in. Besonderhede van die aard, omvang en terme van hierdie instrumente is uiteengesit in die aantekeninge by die betrokke items.

Die rekeningkundige beleid vir finansiële instrumente is op die volgende lynitems in die staat van finansiële stand toegepas.

Finansiële bates (R miljoen)	*Nie-finansiële bates*	*Lenings en debiteure*	*Bates teen billike waarde deur wins en verlies*	*Beskikbaar-vir-verkoop*	*Drawaarde*	*Billike waarde*
30 Junie 2017						
Beleggings – beskikbaar-vir-verkoop	**–**	**–**	**–**	**3 345**	**3 345**	**3 345**
Lenings	**–**	**562**	**–**	**–**	**562**	**562**
Lenings aan geëkwiteerde beleggings	**–**	**606**	**–**	**–**	**606**	**606**
Debiteure en korttermynlenings	**705**	**4 180**	**–**	**–**	**4 885**	**4 885**
Afgeleide instrumente	**–**	**–**	**1**	**–**	**1**	**1**
Belegging in geldmarkfondse	**–**	**–**	**5 888**	**–**	**5 888**	**5 888**
Kontant en kontantekwivalente	**–**	**7 524**	**–**	**–**	**7 524**	**7 524**
Bates gehou vir verkoop	**89**	**–**	**–**	**–**	**89**	**89**
	794	**12 872**	**5 889**	**3 345**	**22 900**	**22 900**
30 Junie 2016						
Beleggings – beskikbaar-vir-verkoop	–	–	–	3 408	3 408	3 408
Lenings	–	880	–	–	880	880
Lenings aan geëkwiteerde beleggings	–	549	–	–	549	549
Debiteure en korttermynlenings	1 289	4 214	–	–	5 503	5 503
Afgeleide instrumente	–	–	8	–	8	8
Belegging in geldmarkfondse	–	–	1 050	–	1 050	1 050
Kontant en kontantekwivalente	–	3 569	–	–	3 569	3 569
Bates gehou vir verkoop	29	–	–	–	29	29
	1 318	9 212	1 058	3 408	14 996	14 996

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

13.1 KLASSE FINANSIËLE INSTRUMENTE EN BILLIKE WAARDE (vervolg)

Finansiële laste (R miljoen)	*Nie-finansiële laste*	*Laste teen geamor-tiseerde koste*	*Laste teen billike waarde deur wins en verlies*	*Drawaarde*	*Billike waarde*
30 Junie 2017					
Langtermynlenings	**–**	**16 446**	**–**	**16 446**	**16 318**
Langtermyn afgeleide instrumente	**–**	**–**	**363**	**363**	**363**
Handels- en ander krediteure	**77**	**4 633**	**–**	**4 710**	**4 710**
Korttermynlenings	**–**	**480**	**–**	**480**	**480**
Korttermyn afgeleide instrumente	**–**	**–**	**62**	**62**	**62**
Laste gehou vir verkoop	**–**	**1**	**–**	**1**	**1**
	77	**21 560**	**425**	**22 062**	**21 934**
30 Junie 2016					
Langtermynlenings	–	17 799	–	17 799	17 919
Langtermyn afgeleide instrumente	–	–	1 197	1 197	1 197
Handels- en ander krediteure	77	4 756	–	4 833	4 833
Korttermynlenings	–	1 660	–	1 660	1 660
Korttermyn afgeleide instrumente	–	–	117	117	117
	77	24 215	1 314	25 606	25 726

Billike waarde

Uitgesluit die termyn-gekoppelde skuldpakket (verwys na aantekening 6.1) met 'n billike waarde van R2 980 miljoen (2016: R3 470 miljoen), benader die billike waarde van finansiële instrumente hul drawaarde op 30 Junie 2017 en 30 Junie 2016.

Billike waarde beraming

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar-vir-verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloeimetode, likwidasiewaarde of werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Kontant en kontantekwivalente, debiteure, krediteure en korttermynlenings: Weens die verwagte korttermyn vervaldatum van hierdie finansiële instrumente benader hul drabedrag hul billike waarde.
- Lenings: Die billike waarde van langtermynlenings is gebaseer op verdiskonteerde kontantvloeie deur van die effektiewe rentekoersmetode gebruik te maak. Aangesien die rentekoerse van langtermynlenings almal markverwant is, benader hul drabedrag hul billike waarde.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na die toepaslike waardasiemetodologieë en die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Die volgende tabel toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	*Vlak 1*	*Vlak 2*	*Vlak 3*	*Totaal*
30 Junie 2017				
Beskikbaar-vir-verkoop	**1 178**	**–**	**2 167**	**3 345**
Afgeleide instrumente	**–**	**1**	**–**	**1**
Belegging in geldmarkfondse	**5 888**	**–**	**–**	**5 888**
	7 066	**1**	**2 167**	**9 234**
30 Junie 2016				
Beskikbaar-vir-verkoop	1 260	–	2 148	3 408
Afgeleide instrumente	–	8	–	8
Belegging in geldmarkfondse	1 050	–	–	1 050
	2 310	8	2 148	4 466

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

13.1 KLASSE FINANSIËLE INSTRUMENTE EN BILLIKE WAARDE (vervolg)

Billike waarde beraming (vervolg)

Rekonsiliasie van drawaarde van vlak 3-bates aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Beskikbaar-vir-verkoop		
Saldo's aan die begin van die jaar	**2 148**	1 591
Toevoegings	**119**	174
Vervreemdings	**(67)**	(53)
Wisselkoersaanpassings	**(178)**	236
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	**145**	200
Saldo's aan die einde van die jaar	**2 167**	2 148

Die volgende tabel toon, volgens hiërargievlak, die billike waarde van finansiële laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	*Vlak 1*	*Vlak 2*	*Vlak 3*	Totaal
30 Junie 2017				
Langtermyn afgeleide instrumente	**–**	**363**	**–**	**363**
Korttermyn afgeleide instrumente	**–**	**13**	**49**	**62**
	–	**376**	**49**	**425**
30 Junie 2016				
Langtermyn afgeleide instrumente	–	1 197	–	1 197
Korttermyn afgeleide instrumente	–	63	54	117
	–	1 260	54	1 314

Rekonsiliasie van drawaarde van vlak 3-laste aan die begin en einde van die jaar (R miljoen)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Afgeleide instrumente		
Saldo's aan die begin van die jaar	**54**	–
Hermetings	**(5)**	–
Toevoegings	**–**	54
Saldo's aan die einde van die jaar	**49**	54

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 finansiële bates bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone), die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF) en die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF) ten bedrae van R1 554 miljoen, R272 miljoen en R246 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodes bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandeelprys op die verslagdoeningsdatum, terwyl ongenoteerde entiteite se waardasiemetodes verdiskonteerde kontantvloeiwaardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (40%), kontant en kontantekwivalente (4%) en ongenoteerde beleggings (56%). Ongenoteerde beleggings wat teen onlangse transaksiepryse by Milestone se billike waarde ingesluit word, bedra R606 miljoen, terwyl sy oorblywende agt ongenoteerde beleggings teen R264 miljoen waardeer is en nie as wesentlik beskou word nie. KIEF se beleggings is waardeer deur van die verdiskonteerde kontantvloeimetode of ooreengekome verkoopspryse gebruik te maak. PRIF se hoofbates is die beleggings in ETG Groep en Nova Lumos. ETG Groep is waardeer deur van toepaslike verdienste- en omsetveelvoude, wat gebaseer is op soortgelyke maatskappye, gebruik te maak ten einde 'n prys-tot-boekwaardasie te bepaal, terwyl Nova Lumos onlangs verkry is en daarom teen kosprys waardeer is.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n beduidende invloed op Remgro se finansiële state hê nie aangesien die onderliggende bates van die fondse waarin Remgro sy beleggings gemaak het, wyd verspreid is.

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

13.2 FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR

'n Verskeidenheid finansiële risiko's beïnvloed die groep se resultate: markrisiko (insluitende prys-, rentekoers- en buitelandse valutarisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko. Die maatskappy en sy filiale se risikobestuursprogramme, waarvan sleutelaspekte hieronder uiteengesit is, erken die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en is daarop gemik om enige negatiewe uitwerking daarvan tot 'n minimum te beperk. Afgeleide instrumente word gebruik om teen sekere finansiële risikoblootstellings te verskans.

Remgro se risikobestuur word uitgevoer deur sy sentrale tesourie-afdeling ingevolge beleid wat deur die direksie goedgekeur is. 'n Tesouriekomitee identifiseer, evalueer en verskans finansiële risiko's in ooreenstemming met die groep se risiko-aptyt, stel risikoperke vas en monitor nakoming van beleid en prosedures. Die komitee word bygestaan deur die interne ouditafdeling wat gereeld en op 'n *ad hoc*-basis oorsig doen van risikobestuurkontroles en -prosedures. Dit is die verantwoordelikheid van die Remgro oudit-en-risikokomitee om oor hierdie funksies toesig te hou en die geskiktheid van die risikobestuurstrategieë te beoordeel.

Risikobestuur op filiaalvlak word deur die onderskeie filiale self uitgevoer en Remgro se direksie monitor dit op 'n deurlopende basis deur middel van verteenwoordiging op die filiale se direksies.

Tersaaklike finansiële risiko's en risikobestuursprogramme word soos volg opgesom:

Markrisiko

Prysrisiko

Blootstelling aan prysrisiko spruit uit beleggings in genoteerde en ongenoteerde aandele wat geklassifiseer word as "Beleggings beskikbaar-vir-verkoop", belegging in geldmarkfondse en beleggings in kommoditeitstermynkontrakte, sowel as die afgeleide instrument ingesluit in die omruilbare skuldbriewe.

"Beleggings beskikbaar-vir-verkoop" bestaan hoofsaaklik uit die beleggings in British American Tobacco plc, Kagiso Infrastructure Empowerment Fund, Pembani Remgro Infrastruktuurfonds en die Milestone China-fondse. Die bestuursraad monitor die stand van al die beleggings op 'n deurlopende grondslag en maak dan aanbevelings aan die beleggingskomitee en die direksie in dié verband.

Die groep is blootgestel aan veranderinge in die billike waarde van die afgeleide komponent wat deel vorm van die omruilbare skuldbrief wat gebruik is om 'n gedeelte van die verkryging van die bykomende aandele in Mediclinic te befonds. Die risiko word bestuur deur genoegsame Mediclinic-aandele te hou om die verpligting na te kom.

Belegging in geldmarkfondse bestaan hoofsaaklik uit rentedraende likiede beleggings met 'n lae risiko. Verwys na aantekening 5.1 vir verdere besonderhede.

Sommige bedryfsfiliale het kommoditeitsopsie- en -termynkontrakte wat deur die pryse van die onderliggende kommoditeite beïnvloed word. Die direksie monitor dit deur middel van verteenwoordiging op die filiale se direksies.

Buitelandse valutarisiko

Sekere filiale is internasionaal bedrywig en word blootgestel aan valutarisiko as gevolg van kommersiële transaksies en buitelandse lenings wat gedenomineer is in buitelandse valuta. Hierdie risiko's word beperk deur gebruik te maak van buitelandse valutakontrakte wanneer nodig geag.

Die groep is ook blootgestel aan buitelandse valuta-omskakelingsrisiko deur sy belegging in geldmarkfondse (aantekening 5.1), buitelandse kontant (aantekening 5.2), sowel as die omruilbare skuldbriewe en sy ingeslote afgeleide instrument (aantekening 6.1 en 6.2).

Die direksie monitor die groep se blootstelling aan geldmarkfondse, buitelandse kontant en buitelandse skuld op 'n gereelde grondslag en die risiko is beperk deur te diversifiseer in verskillende buitelandse valuta.

Rentekoersrisiko

Weens beduidende bedrae in kontantbeleggings word inkomste beïnvloed deur skommelings in markrentekoerse. Die profiel van kontant en kontantekwivalente word in aantekening 5.2 uiteengesit. Rentekoersrisiko word bestuur deur Remgro se tesourie-afdeling, sowel as die onderskeie filiale, deur gebruik te maak van goedgekeurde teenpartye wat die beste koerse aanbied.

Die maatskappy en sy filiale is ook blootgestel aan rentekoersrisiko as gevolg van sy langtermyn- en korttermynverpligtinge. Die rentekoersprofiel van die verpligtinge word in aantekening 6.1 uiteengesit.

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

13.2 FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR (vervolg)

Markrisiko (vervolg)

Die groep se sensitiwiteit vir markrisiko

Die volgende tabel dui die sensitiwiteit van die groep se wins en ander omvattende inkomste vir markrisiko aan indien die markte met die onderstaande persentasies verander:

	30 Junie 2017			30 Junie 2016		
	Ver-andering	*Inkomste-staat* R miljoen	*Ekwiteit* R miljoen	*Ver-andering*	*Inkomste-staat* R miljoen	*Ekwiteit* R miljoen
Rentekoerse	**+2.0%**	**159**	**–**	+2.0%	12	–
Wisselkoerse	**+5.0%**	**(2)**	**21**	+5.0%	(1)	(215)
Ekwiteitspryse	**+10.0%**	**(4)**	**259**	+10.0%	(6)	265
Dividendopbrengs	**+1.0%**	**39**	**–**	+1.0%	122	–
Volatiliteit	**+10.0%**	**(280)**	**–**	+10.0%	(540)	–

Bogenoemde is bereken met verwysing na die drawaarde van finansiële instrumente op jaareinde en 'n moontlike verandering in die markrisikofaktor.

Kredietrisiko

Die groep se blootstelling aan kredietrisiko is die billike waarde van lenings, lenings aan geëkwiteerde beleggings en ander maatskappye waarin belê is, debiteure, korttermynlenings, afgeleide instrumente, beleggings in geldmarkfondse en kontant en kontantekwivalente soos hierbo aangedui, sowel as finansiële waarborgkontrakte.

Lenings ontvangbaar

Bestuur beoordeel deurlopend die kredietrisiko van lenings aan geëkwiteerde beleggings en ander maatskappye waarin belê is deur middel van verteenwoordiging op die onderskeie direksies. Die kredietrisiko van lenings aan ander maatskappye waarin belê is, word op grond van gereelde rapportering van die onderskeie maatskappye waarin belê is, geëvalueer. Lenings aan geëkwiteerde beleggings en ander maatskappye waarin belê is, is binne die mandaatterme.

Handelsdebiteure

Daar is nie enige beduidende konsentrasie van kredietrisiko met betrekking tot debiteure nie as gevolg van die verspreiding daarvan oor 'n wye geografiese gebied. Beleid en prosedures is in plek om te verseker dat verkope slegs aan klante met 'n aanvaarbare kredietgeskiedenis geskied. Ander debiteure bestaan hoofsaaklik uit dividende ontvangbaar.

Die terme wat aan handelsdebiteure toegestaan word, word bepaal deur die onderskeie kredietbeleide van elke bedryfsfiliaal, d.i. RCL Foods en Wispeco.

Die onderstaande tabel dui die ouderdomsanalise van agterstallige handelsdebiteure en die ooreenstemmende uitstaande bedrag van debiteure op jaareinde aan:

	Ouderdomsanalise van agterstallige handelsdebiteure				*Totale agter-stallige handels-debiteure*
Debiteure (R miljoen)	*30 dae*	*60 dae*	*90 dae*	*120 dae +*	
30 Junie 2017	**326**	**14**	**18**	**14**	**372**
30 Junie 2016	312	75	12	19	418

'n Voorsiening vir oninbare skulde van R75 miljoen (2016: R90 miljoen) is gemaak. Verwys na aantekening 10.7.

13. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

13.2 FINANSIËLE INSTRUMENTE EN RISIKOBESTUUR (vervolg)

Kredietrisiko (vervolg)

Handelsdebiteure (vervolg)

Die kredietkwaliteit van handelsdebiteure waarteen geen waardedalings voorsien is nie, is soos volg:

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Bestaande klante (geskiedenis van meer as ses maande) – geen nie-betalings in verlede nie	**2 885**	2 527
Bestaande klante (geskiedenis van meer as ses maande) – met nie-betalings in die verlede	**33**	332
Nuwe klante (geskiedenis van minder as ses maande)	**16**	101
	2 934	2 960

Afgeleide instrumenttransaksies en kontantbeleggings

Afgeleide instrumente bestaan hoofsaaklik uit buitelandse valutakontrakte met finansiële instellings. Ander afgeleide instrumente word beperk tot transaksies met finansiële instellings met aanvaarbare kredietgradering. Remgro se tesouriekomitee en/of die onderskeie filiale keur hierdie instellings goed en bepaal ook die limiete vir kredietblootstelling aan 'n enkele entiteit.

Belegging in geldmarkfondse en kontant en kontantekwivalente word slegs by goedgekeurde instellings gehou met 'n aanvaarbare kredietwaardigheid. Die tesouriekomitee stel limiete vir elke finansiële instelling vas. Verwys na die aantekening oor belegging in geldmarkfondse (aantekening 5.1) en die aantekening oor kontant en kontantekwivalente (aantekening 5.2) vir verdere inligting.

Likiditeitsrisiko

Skuldvlakke binne die groep word voortdurend gemonitor. Die maatskappy en sy filiale beskik oor beduidende kontantsaldo's en voldoende kredietfasiliteite wat sy likiditeitsrisiko beperk. Likiditeitsrisiko word verder beperk weens die feit dat die maatskappy ook aansienlike beleggings het wat op kort kennisgewing gerealiseer kan word.

Die volgende skedule dui die terugbetalingstermyne van uitstaande skuld aan:

			Nie-verdiskonteerde kontantvloei		
Finansiële laste (R miljoen)	*Dra-waarde*	*Kontrak-tuele kontantvloei*	*0 tot 12 maande*	*1 tot 5 jaar*	*5 jaar en langer*
30 Junie 2017					
Langtermynlenings	**16 446**	**17 184**	**348**	**16 803**	**33**
Handels- en ander krediteure	**4 711**	**4 753**	**4 753**	**–**	**–**
Korttermynlenings	**480**	**511**	**511**	**–**	**–**
Langtermyn afgeleide instrumente	**363**	**363**	**–**	**363**	**–**
Korttermyn afgeleide instrumente	**62**	**62**	**62**	**–**	**–**
	22 062	**22 873**	**5 674**	**17 166**	**33**
30 Junie 2016					
Langtermynlenings	17 799	22 102	282	21 604	216
Handels- en ander krediteure	4 757	4 757	4 757	–	–
Korttermynlenings	1 660	2 395	2 395	–	–
Langtermyn afgeleide instrumente	1 197	1 197	–	1 197	–
Korttermyn afgeleide instrumente	117	117	117	–	–
Waarborg	–	–	150	–	–
	25 530	30 568	7 701	22 801	216

14. VERWANTE PARTYE

Geïdentifiseerde verwante partye bestaan uit filiale, geëkwiteerde beleggings, sleutelbestuurpersoneel en sekere aandeelhouers. Detail van hierdie partye en transaksies met hulle word hieronder openbaar.

14.1 VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

Transaksies met verwante partye (R miljoen)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Transaksies van Remgro Beperk en sy filiale met:		
Hoofaandeelhouer		
Dividende	**(183)**	(158)
Geëkwiteerde beleggings		
Rente ontvang	**126**	116
Rente betaal	**(371)**	(424)
Dividende ontvang	**3 861**	3 900
Administrasiefooie ontvang	**37**	36
Administrasiefooie betaal	**(15)**	(8)
Verkope	**48**	54
Aankope	**(1 014)**	(996)
Korporatiewe finansieringstransaksies en onderskrywingskoste betaal	**(129)**	(165)
Sleutelbestuurpersoneel		
Salarisse en ander voordele	**(29)**	(28)
Aftreevoordele	**(5)**	(5)
Aandeelgebaseerde betalings	**(29)**	(11)
Saldo's verskuldig deur/(aan) verwante partye:		
Geëkwiteerde beleggings	**(4 727)**	(2 021)
Geëkwiteerde beleggings	**2 060**	1 174

Geen sekuriteit is vir enige uitstaande saldo's gegee nie. Daar is geen voorsienings vir oninbare skuld teen uitstaande saldo's met verwante partye gemaak nie. Geen oninbare skuld van verwante partye is gedurende die jaar afgeskryf nie.

14. VERWANTE PARTYE (vervolg)

14.2 BELANGRIKSTE FILIALE

NAAM VAN MAATSKAPPY In Suid-Afrika geïnkorporeer tensy anders vermeld		Aandelekapitaal R (tensy anders vermeld)	Effektiewe belang 30 Junie 2017 %	Effektiewe belang 30 Junie 2016 %
Eikenlust Eiendoms Beperk		100	**100.0**	100.0
Entek Beleggings Eiendoms Beperk		16 029 279	**100.0**	100.0
Financial Securities Eiendoms Beperk		250 000	**100.0**	100.0
Historiese Huise van Suid-Afrika Beperk		555 000	**60.7**	60.6
Industrial Electronic Investments Eiendoms Beperk		1 000	**100.0**	100.0
Industrial Partnership Investments Eiendoms Beperk		125 000	**100.0**	100.0
Invenfin Eiendoms Beperk		100	**100.0**	100.0
IPI (Overseas) Limited – Jersey		918 530 004	**100.0**	100.0
IPROP Holdings Limited – British Virgin Islands	(USD)	4 882 892	**100.0**	100.0
Metkor Groep Eiendoms Beperk		82 978 237	**100.0**	100.0
Millennia Jersey Limited – Jersey	(GBP)	288 000 000	**100.0**	100.0
Partnership in Mining Eiendoms Beperk		100	**100.0**	100.0
RCL Foods Beperk	*	10 041 689 830	**77.2**	77.3
Remgro Beverages Eiendoms Beperk		1	**100.0**	–
Remgro Finansieringskorporasie Eiendoms Beperk		958 430	**100.0**	100.0
Remgro Health Limited – Jersey	(GBP)	100 000 000	**100.0**	100.0
Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk		36 543 642 592	**100.0**	100.0
Remgro International Holdings Eiendoms Beperk		2	**100.0**	100.0
Remgro International Limited – Jersey		5 014 710	**100.0**	100.0
Remgro Investment Corporation Eiendoms Beperk		100	**100.0**	100.0
Remgro Jersey GBP Limited – Jersey	(GBP)	100 000 000	**100.0**	100.0
Remgro Leningskorporasie Eiendoms Beperk		700	**100.0**	100.0
Remgro Bestuursdienste Beperk		100	**100.0**	100.0
Remgro Suid-Afrika Eiendoms Beperk		48 614	**100.0**	100.0
Remgro Sport Investments Eiendoms Beperk		100	**100.0**	100.0
Remgro USA Limited – Jersey	(USD)	2	**100.0**	100.0
Remont Eiendoms Beperk		100	**100.0**	100.0
Robertsons Holdings Eiendoms Beperk		1 000	**100.0**	100.0
RPII Holdings Eiendoms Beperk		8 600 000	**100.0**	100.0
SEACOM SA SPV Eiendoms Beperk		100	**100.0**	100.0
Stellenbosch Academy of Sport Properties Eiendoms Beperk		2	**100.0**	100.0
TSB Sugar Holdings Eiendoms Beperk		7 532 040 746	**100.0**	100.0
TTR Holdings Eiendoms Beperk		–	**–**	100.0
VenFin Holdings Limited – Jersey	(USD)	88 578 773	**100.0**	100.0
VenFin Eiendoms Beperk		2 849 304 076	**100.0**	100.0
VenFin Media Investments Eiendoms Beperk		2	**100.0**	100.0
Wispeco Holdings Eiendoms Beperk		11 641 000	**100.0**	100.0

Besonderhede van inkomste en beleggings in filiale verskyn in die maatskappy se aparte finansiële jaarstate.

(GBP) pond
(USD) VSA-dollar
* *Genoteerde maatskappy*

'n Volledige register van filiale is vir insae beskikbaar by die geregisteerde kantoor van die maatskappy.

14. VERWANTE PARTYE (vervolg)

14.3 BELANGRIKSTE GEËKWITEERDE BELEGGINGS

NAAM VAN MAATSKAPPY In Suid-Afrika geïnkorporeer tensy anders vermeld	Genoteer (G)/ Ongenoteer (O)	30 Junie 2017 Aandele gehou	30 Junie 2017 Effektiewe belang %	30 Junie 2016 Aandele gehou	30 Junie 2016 Effektiewe belang %
Gesondheidsorg					
Mediclinic International plc – VK	G	**328 497 888**	**44.6**	328 497 888	44.6
Bankwese					
RMB Holdings Beperk	G	**397 447 747**	**28.2**	397 447 747	28.2
– gehou deur RMB Holdings Beperk:					
– FirstRand Beperk (34%)	G		**9.6**		9.6
FirstRand Beperk[1]		**219 828 140**	**3.9**	219 828 140	3.9
Verbruikersprodukte					
Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk	O	**5 348 135**	**25.8**	5 348 135	25.8
Capevin Holdings Beperk[1]	G	**167 645 356**	**19.0**	136 978 200	15.6
– indirek gehou deur Capevin Holdings Beperk deur Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk:					
– Distell Groep Beperk (19%)	G		**5.1**		4.2
Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk	O	**50**	**50.0**	50	50.0
– gehou deur Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk:					
– Distell Groep Beperk (53%)	G		**26.7**		26.8
Versekering					
RMI Holdings Beperk	G	**449 665 168**	**29.9**	449 665 168	30.3
Nywerheid					
Air Products South Africa Eiendoms Beperk	O	**4 500 000**	**50.0**	4 500 000	50.0
Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (RF)	O	**325 892**	**34.9**	325 892	34.9
Total South Africa Eiendoms Beperk	O	**12 872 450**	**24.9**	12 872 450	24.9
PGSI Limited – BVI	O	**26 297 697**	**37.7**	26 297 697	37.7
Infrastruktuur					
Grindrod Beperk	G	**173 183 235**	**23.1**	173 183 235	23.1
Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk	O	**162 501**	**51.0**	150 148	50.9
SEACOM Capital Limited – Mauritius	O	**1 000**	**30.0**	1 000	30.0
Media en sport					
eMedia Investments Eiendoms Beperk	O	**17 730 595**	**32.3**	17 730 595	32.3
Ander beleggings					
Business Partners Beperk	O	**74 011 714**	**42.8**	74 011 714	42.8

Besonderhede van beleggings in, en inkomste vanaf, geëkwiteerde beleggings verskyn in aantekening 4.1.

Al hierdie beleggings is volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.
[1] Remgro het die aanname dat beduidende invloed nie op hierdie beleggings uitgeoefen word nie, weerlê.

BVI – British Virgin Islands
VK – Verenigde Koninkryk

Besonderhede van beleggings wat nie wesentlik is vir die beoordeling van die groep nie, word nie aangetoon nie.

14. VERWANTE PARTYE (vervolg)

14.4 SLEUTELBESTUURPERSONEEL

Slegs Remgro se direkteure en lede van die bestuursraad is sleutelbestuurpersoneel. Inligting oor direkteursvergoeding en hul aandeelhouding in die maatskappy verskyn in aantekening 8 en 9 sowel as op bladsy 98.

14.5 AANDEELHOUERS

'n Gedetailleerde ontleding van aandeelhouers verskyn op bladsy 96 en 97.

15. HERSTATERING VAN VERGELYKENDE SYFERS

Die resultate van 30 Junie 2016 is herstateer vanweë 'n verandering in rekeningkundige beleid, sowel as 'n regte-uitgifte.

Verandering in rekeningkundige beleid

Met ingang van 1 Julie 2016 het Remgro die wysigings aan *IAS 16: Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *IAS 41: Landbou* aanvaar. Hierdie wysigings moet terugwerkend toegepas word en gevolglik is die gerapporteerde resultate van die vergelykende jaar wat aangebied word, herstateer. Die herstaterings het betrekking op die herklassifikasie van draplante vanaf biologiese bates na eiendom, aanleg en toerusting, die oordrag van die oorblywende nie-bedryfsbiologiese bates (naamlik die produkte) na bedryfsbiologiese bates en die meting van die geherklassifiseerde bates in terme van die toepaslike rekeningkundige hantering.

Regte-uitgifte

Gedurende Oktober 2016 het Remgro sy regte-uitgifte voltooi waarvolgens 48 110 637 nuwe gewone aandele en 3 550 635 nuwe B-gewone aandele teen 'n inskrywingsprys van R192.50 per aandeel vir 'n totale bedrag van R9 944.8 miljoen uitgereik is. Ingevolge IAS 33, paragraaf 26, word vereis dat 'n aanpassing ten opsigte van die geweegde gemiddelde uitgereikte aandele vir die vergelykende tydperk gemaak word, aangesien die aandele teen 'n korting op die Remgro-aandeelprys op die dag voor die aankondiging (naamlik R243.29 per aandeel) aangebied is. Gevolglik is die vergelykende geweegde aantal uitgereikte aandele met 9 994 195 aandele aangepas om voorsiening te maak vir die geagte verwateringseffek van die regte-uitgifte.

Aanbieding van inkomstestaat

Die billike waarde aanpassing op die omruilbare skuldbriewe-opsie was ingesluit by "Ander netto bedryfsuitgawes" in die 2016-inkomstestaat. Om die openbaarmaking van hierdie item te verbeter, word die item nou apart getoon.

Herstatering van vergelykende syfers op 1 Julie 2015

R miljoen	Soos op 1 Julie 2015 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Soos op 1 Julie 2015 Herstateer
Uitwerking op staat van finansiële stand*			
BATES			
Eiendom, aanleg en toerusting	5 716	269	5 985
Nie-bedryfsbates – Biologiese landboubates	550	(550)	–
Bedryfsbates – Biologiese landboubates	549	281	830
Totale bates	94 692	–	94 692

* *Daar was geen impak op aandeelhouersekwiteit op 1 Julie 2015 nie aangesien alle entiteite wat deur die verandering geraak is, gekies het om, soos deur IFRS toegelaat, die drawaarde van hul draplante op daardie datum as die geagte koste daarvan te gebruik.*

15. HERSTATERING VAN VERGELYKENDE SYFERS (vervolg)

Herstatering van vergelykende syfers vir die 2016 finansiële jaar

R miljoen	Vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 Herstateer
Uitwerking op inkomstestaat			
Waardevermindering	(670)	(57)	(727)
Billike waarde aanpassing op omruilbare skuldbriewe-opsie	–	(730)	(730)
Ander netto bedryfsuitgawes	(5 647)	726	(4 921)
Belasting	4	17	21
Netto wins vir die jaar	5 453	(44)	5 409
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers (verdienste)	5 386	(22)	5 364
Nie-beherende belang	67	(22)	45
		(44)	
Uitwerking op wesensverdienste			
Wesensverdienste	5 887	(13)	5 874
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	7 405	(13)	7 392
Uitwerking op verdienste per aandeel (sent)			
Wesensverdienste	1 143.9	(24.3)	1 119.6
Wesensverdienste, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting	1 438.9	(29.9)	1 409.0
Verdienste	1 046.6	(24.2)	1 022.4
Uitwerking op staat van omvattende inkomste			
Netto wins vir die jaar	5 453	(44)	5 409
Totale omvattende inkomste vir die jaar	8 032	(44)	7 988
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	7 965	(22)	7 943
Nie-beherende belang	67	(22)	45
		(44)	
Uitwerking op staat van kontantvloei			
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	1 457	22	1 479
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(18 745)	(22)	(18 767)

15. HERSTATERING VAN VERGELYKENDE SYFERS (vervolg)

Herstatering van vergelykende syfers vir die 2016 finansiële jaar (vervolg)

R miljoen	Soos op 30 Junie 2016 soos voorheen gerapporteer	Aanpassings	Soos op 30 Junie 2016 Herstateer
Uitwerking op staat van finansiële stand			
BATES			
Eiendom, aanleg en toerusting	6 292	208	6 500
Nie-bedryfsbates – Biologiese landboubates	625	(625)	–
Bedryfsbates – Biologiese landboubates	612	356	968
Totale bates	109 161	(61)	109 100
LASTE			
Uitgestelde belasting	1 640	(17)	1 623
Totale laste	27 460	(17)	27 443
EKWITEIT			
Verdeelbare reserwes	44 324	(22)	44 302
Nie-beherende belang	2 835	(22)	2 813
Totale ekwiteit	81 701	(44)	81 657

16. GEBEURE NA JAAREINDE

Distell Groep Beperk (Distell)

Gedurende Junie 2017 is aangekondig dat Distell sy veelvlakkige eienaarskapstruktuur gaan herstruktureer (die Voorgestelde Transaksie) en om uitvoering aan die Voorgestelde Transaksie te gee, sal Remgro, deur middel van 'n aantal intervoorwaardelike stappe, sy bestaande 50%-aandeelhouding in Remgro-Capevin Investments Eiendoms Beperk (RCI) ruil vir bykomende gewone aandele in Capevin Holdings Beperk (Capevin) (RCI-ruiling). Remgro hou tans 19.0% van die gewone aandele in Capevin en na die RCI-ruiling sal sy belang in Capevin 59.5% wees. Na afloop van die RCI-ruiling sal Remgro sy volle Capevin-aandeelhouding ruil vir gewone aandele in 'n nuutgenoteerde entiteit (Nuwe Distell), wat in wese dieselfde as die bestaande Distell sal wees. Remgro sal ook ongenoteerde B-aandele in Nuwe Distell ontvang wat RCI se huidige 52.8%-stemreg in Distell sal ewenaar. Hierdie aandele sal gekoppel word aan die Nuwe Distell gewone aandele wat Remgro ontvang het ooreenkomstig die RCI-ruiling. Die ongenoteerde B-aandele sal slegs stemreg in Nuwe Distell dra en geen ekonomiese regte hê nie. Die Voorgestelde Transaksie sal geen impak op Remgro se intrinsieke batewaarde hê nie en Remgro sal, na afloop daarvan, sy ekonomiese belang in Distell behou. Remgro sal in totaal 'n stemreg van 56.0% in Nuwe Distell hê. Die Voorgestelde Transaksie is steeds aan 'n aantal opskortende voorwaardes onderworpe, waaronder goedkeuring deur Distell en Capevin se aandeelhouers, wat na verwagting op 27 Oktober 2017 sal geskied, asook goedkeuring deur die relevante mededingingsowerhede.

RMI Holdings Beperk (RMI Holdings)

Op 19 September 2017 het RMI Holdings sy finale dividend vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 verklaar. Hierdie verklaring het 'n alternatief tot die kontantdividend, wat óf die ontvang van 'n skripdistribusie óf die herinvestering van die kontantdividend deur in te skryf vir nuwe RMI Holdings gewone aandele, ingesluit. Deur die herinvesteringsalternatief te kies, het Remgro hom daartoe verbind om sy kontantdividend, ten bedrae van R292.3 miljoen, te herinvesteer om sodoende 7 691 641 nuwe RMI Holdings gewone aandele teen R38.00 per aandeel te ontvang.

Buiten bogenoemde transaksies was daar geen ander wesentlike transaksies sedert 30 Junie 2017 nie.

17. NUWE REKENINGKUNDIGE STANDAARDE EN INTERPRETASIES

Bestuur het alle nuwe rekeningkundige standpunte, interpretasies en wysigings aan IFRS wat reeds op 30 Junie 2017 uitgereik is, maar nog nie op dié datum van krag geword het nie, oorweeg.

Die volgende wysigings sal die groep se resultate beïnvloed – hoofsaaklik deur die impak wat dit op geëkwiteerde beleggings se resultate sal hê. Bestuur is besig om die impak van die veranderinge te bepaal. Die eerste verslagdoeningstydperk wat daardeur geraak sal word is egter die 2019 finansiële jaar en die impak is nog nie gekwantifiseer nie.

- IFRS 9: Finansiële Instrumente
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2018)
  Hierdie standpunt vervang IAS 39. Dit sluit vereistes vir die klassifikasie en meting van finansiële bates en laste in; dit sluit ook 'n verwagte kredietverliesmodel in wat die huidige opgelope verlies waardedalingsmodel vervang.

  IFRS 9 is ook gewysig om skansrekeningkunde in nouer ooreenstemming met die entiteit se risikobestuur te bring. Die hersiene standaard vestig ook 'n meer beginselgebaseerde benadering tot skansrekeningkunde en spreek teenstrydighede en swakpunte in die huidige model in IAS 39 aan.

  Alhoewel IFRS 9 die klassifikasie van sekere finansiële instrumente verander, bly die metingsgrondslae onveranderd. Die groep se beskikbaar-vir-verkoop-bates sal steeds teen billike waarde deur ander omvattende inkomste gemeet word en daar word nie verwag dat die nuwe verwagte kredietverlies-waardedalingsmetode 'n wesentlike impak op die slegte-skuldvoorsiening op handelsdebiteure sal hê nie.

  Na verwagting sal die nuwe verwagte kredietverlies-waardedalingsmodel 'n impak op FirstRand se resultate hê, wat op sy beurt Remgro sal beïnvloed. FirstRand het nog nie die impak gekwantifiseer nie.

- IFRS 15: Inkomste uit Kontrakte met Klante
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2018)
  Die standpunt skryf die rekeningkundige hantering en openbaarmaking voor met betrekking tot inkomste-erkenning uit kontrakte met klante. Inkomste word erken gebaseer op die nakoming van verpligtinge wat plaasvind wanneer die beheer oor goedere en dienste na klante oorgedra word.

  Die groep se verkope het nie veelvuldige elementreëlings nie, aangesien dit hoofsaaklik bestaan uit die verkoop van hoender, ander landbou- en aluminiumprodukte aan kliënte by die betaalpunt. Bestuur het nog nie 'n gedetailleerde studie van verkoopsooreenkomste gedoen om dit individueel te assesseer nie.

- IFRS 16: Hure
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2019)
  Alle hure, met beperkte uitsondering, moet op die staat van finansiële stand gekapitaliseer word. Die uitsondering is hure met 'n lae waarde en hure korter as twaalf maande. Verhuurderrekenkunde het nie verander nie.

  Bestuur moet nog 'n gedetailleerde analise van alle huurkontrakte op 'n individuele basis doen om die effek van die verandering in rekeningkundige hantering vas te stel.

- Wysigings aan IFRS 4: Versekeringskontrakte
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2018)
  Hierdie wysigings stel twee benaderings in plek: 'n oorvleuelings- en 'n uitgestelde benadering. Die gewysigde standpunt sal versekeraars die opsie gee om die volgende toe te pas:
  - IFRS 9 en gee die verdere opsie om volatiliteite óf in wins en verlies óf in ander omvattende inkomste te erken; of
  - IFRS 9 tot 2021 uit te stel en IAS 39 toe te pas.

- IFRS 17: Versekeringskontrakte
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2021)
  Terwyl die huidige standpunt, IFRS 4, versekeraars toelaat om hul plaaslike algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk te gebruik, bepaal IFRS 17 duidelike en konsekwente reëls wat die vergelykbaarheid van finansiële state aansienlik sal verhoog. Vir versekeraars sal die oorgang na IFRS 17 'n impak hê op hul finansiële state en op sleutelprestasie-aanwysers.

Die wysigings aan IFRS 4 en die implementering van IFRS 17 mag 'n impak op die resultate van RMI Holdings, 'n geassosieerde, hê.

17. NUWE REKENINGKUNDIGE STANDAARDE EN INTERPRETASIES (vervolg)

Die volgende wysigings is van toepassing op die groep, maar daar word nie verwag dat die implementering daarvan 'n wesentlike impak op die groep se resultate sal hê nie:

- Wysigings aan IFRS 2: Aandeelgebaseerde Betalings
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2018)
  Hierdie wysiging gee duidelikheid rondom die meting van kontantvereffende aandeelgebaseerde betalings en die verantwoording van 'n modifikasie wat 'n aanbod van 'n kontantvereffende betaling na 'n ekwiteitsvereffende betaling verander. Dit gee ook 'n uitsondering op die beginsels van IFRS 2 wat vereis dat 'n toekenning as ten volle ekwiteitsvereffend hanteer moet word waar 'n werkgewer verplig is om die verbandhoudende werknemersbelasting te weerhou en aan die belastingowerheid te betaal. Die groep se aandeelskemas is so gestruktureer dat die wysiging van IFRS 2 nie daarop van toepassing is nie.

- Wysigings aan IFRS 10 en IAS 28: Die Verkoop of Bydrae van Bates tussen 'n Belegger en sy Geassosieerde of Gesamentlike Onderneming
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2016 – nou uitgestel)
  Die volle wins of verlies word erken met die verkoop van nie-monetêre bates wat 'n besigheid verteenwoordig deur die belegger aan sy geassosieerde of gesamentlike onderneming. Indien die bates nie aan die definisie van 'n besigheid voldoen nie, word slegs 'n gedeeltelike wins of verlies erken vir ander beleggers in die entiteit se belang. Die groep het geen transaksies gehad waarop die wysiging van toepassing sou wees gedurende die laaste twee finansiële jare nie en, mits daar relevante transaksies is, word sy resultate nie deur die wysiging geraak nie.

- Wysigings aan IAS 7: Kontantvloeistate
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2017)
  Bykomende openbaarmaking word vereis vir finansieringsaktiwiteite as daar veranderinge in verpligtinge is.

- Wysiging aan IAS 12: Inkomstebelasting
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2017)
  Die wysiging verduidelik die vereistes vir die erkenning van uitgestelde belastingbates op ongerealiseerde verliese.

- Wysiging aan IAS 40: Beleggingseiendom
  (effektiewe datum – finansiële tydperke wat 'n aanvang neem op/na 1 Januarie 2018)
  Die standpunt is gewysig om dit duidelik te maak dat 'n verandering in gebruik vereis word vir die oordrag van items van of na beleggingseiendom.

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

OP 30 JUNIE 2017

R miljoen	Aantekeninge	30 Junie 2017	30 Junie 2016
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Beleggings – filiale	2	**29 165**	40 280
Bedryfsbates		**7 361**	1 442
Intergroepskuld	3	**7 361**	1 438
Belasting		**–**	4
Totale bates		**36 526**	41 722
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	4	**13 416**	3 605
Behoue inkomste		**21 377**	35 081
Aandeelhouersekwiteit		**34 793**	38 686
Bedryfslaste		**1 733**	3 036
Finansiële waarborge	6	**617**	755
Handels- en ander krediteure	3, 5	**24**	28
Intergroepskuld	3	**1 092**	2 253
Totale ekwiteit en laste		**36 526**	41 722

INKOMSTESTAAT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	Aantekening	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Dividendinkomste		**9**	–
Waarborgfooi-inkomste		**138**	169
Ander netto bedryfsuitgawes		**(71)**	(43)
Waardedaling van belegging in filiaal		**(11 115)**	–
Erkenning van finansiële waarborge		**–**	(924)
Netto verlies voor belasting		**(11 039)**	(798)
Minus: Belasting	8	**–**	–
Netto verlies vir die jaar		**(11 039)**	(798)

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Netto verlies vir die jaar	**(11 039)**	(798)
Ander omvattende inkomste	**–**	–
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**(11 039)**	(798)

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Saldo's aan die begin van die jaar	**38 686**	41 778
Uitgereikte kapitaal	**3 605**	3 605
Behoue verdienste	**35 081**	38 173
Aandele uitgereik	**9 945**	–
Aandele uitreikingskoste	**(134)**	–
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**(11 039)**	(798)
Dividende betaal	**(2 665)**	(2 294)
Saldo's aan die einde van die jaar	**34 793**	38 686

STAAT VAN KONTANTVLOEI

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

R miljoen	Aantekening	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Kontantvloei – bedryfsaktiwiteite			
Ander netto bedryfsuitgawes		**(71)**	(43)
Bedryfskapitaalveranderinge	9	**(4)**	16
Kontant benut deur bedrywighede		**(75)**	(27)
Dividende ontvang		**9**	–
Dividende betaal		**(2 665)**	(2 294)
Belasting betaal		**4**	(4)
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite		**(2 727)**	(2 325)
Kontantvloei – beleggingsaktiwiteite			
(Toename)/afname in intergroepskuld		**(5 923)**	700
Kontantinvloei/(-uitvloei) van beleggingsaktiwiteite		**(5 923)**	700
Kontantvloei – finansieringsaktiwiteite			
Opbrengs met uitreik van aandele		**9 945**	–
Aandele uitreikingskoste		**(134)**	–
(Toename)/afname in intergroepskuld		**(1 161)**	1 625
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite		**8 650**	1 625
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente		**–**	–
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		**–**	–
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		**–**	–

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegrondslag, tensy anders vermeld, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, opgestel. Die rekeningkundige beleid is in ooreenstemming met vorige jare. Verwys na aantekening 1 van die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir inligting rakende die rekeningkundige beleid.

2. BELEGGINGS – FILIALE

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Ongenoteerde aandele – teen kosprys	**40 280**	40 280
Minus: Voorsiening vir waardedaling	**(11 115)**	–
	29 165	40 280

Die voorsiening vir waardedaling wat in die jaar onder oorsig erken is, hou verband met die belegging in Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk (RHH). RHH en sy volfiliale hou Remgro se belegging in Mediclinic International plc (Mediclinic). Mediclinic se aandeelprys het met 'n aansienlike bedrag gedaal wat gelei het tot 'n waardedaling van die belegging in beide die afsonderlike finansiële state van RHH en sy volfiliale. Die maatskappy moes gevolglik 'n waardedaling ten opsigte van sy belegging in RHH erken.

Persentasie belang gehou in ongenoteerde aandele (%)		
Financial Securities Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
Industrial Partnership Investments Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
Partnership in Mining Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
Remgro Beverages Eiendoms Beperk	**100.0**	–
Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
Remgro International Holdings Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
Remgro Investment Corporation Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
Remgro Suid-Afrika Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
Remont Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0
TTR Holdings Eiendoms Beperk	**–**	100.0
VenFin Eiendoms Beperk	**100.0**	100.0

3. INTERGROEPSKULD

Verskuldig deur filiaal		
Rentevrye lening met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie	**7 361**	1 438
Verskuldig aan filiale		
Rentevrye lening met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie	**(1 092)**	(2 253)
Ingesluit in handels- en ander krediteure	**(8)**	(10)
	6 261	(825)

4. VERKLAARDE KAPITAAL

Die detail van die verklaarde kapitaal word in aantekening 7.1 van die gekonsolideerde finansiële jaarstate aangebied.

5. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Filiaal	**8**	10
Ander	**16**	18
	24	28

6. FINANSIËLE WAARBORGE

Gedurende die vorige jaar het die maatskappy verskeie waarborgooreenkomste aangegaan as borg vir skuld wat deur sy filiale aangegaan is. Deur as borg op te tree, het die maatskappy sy filiale in staat gestel om gunstige rentekoerse op skuldinstrumente te beding. Aangesien die maatskappy nie waarborgfooie van sy filiale ontvang nie, word die voordelige rente-aanwas vir rekeningkundige doeleindes as inkomste geag wat deur die maatskappy ontvang word. 'n Verpligting ten opsigte van waarborgfooie is by die aangaan van hierdie ooreenkomste geskep en inkomste ten opsigte van jaarlikse waarborgfooie sal in die inkomstestaat erken word totdat die onderliggende skuld vereffen is. Op groepvlak word die finansiële waarborge nie as aparte kontrakte erken nie omdat dit by die groep se verpligting teenoor die derde party ingesluit is.

7. ANDER NETTO BEDRYFSUITGAWES

Ander netto bedryfsuitgawes word aangedui nadat direkteursvergoeding van R4 miljoen (2016: R4 miljoen) in aanmerking geneem is. Besonderhede oor die vergoeding en ander voordele wat elke direkteur van die maatskappy ontvang, word in aantekening 8 en 9 in die gekonsolideerde finansiële jaarstate aangebied.

8. BELASTING

Geen voorsiening is gemaak vir inkomstebelasting nie, aangesien die maatskappy nie 'n belasbare inkomste het nie.

Die maatskappy het 'n geraamde kapitaalverlies van R3 906 miljoen (2016: R3 906 miljoen) wat teen toekomstige kapitaalwins verreken kan word. Geen uitgestelde belastingbate is ten opsigte van hierdie kapitaalverlies erken nie, aangesien dit onwaarskynlik is dat toekomstige belasbare kapitaalwins sal ontstaan waarteen die verlies aangewend kan word.

9. KONTANTVLOEI-INLIGTING

R miljoen	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Afname/(toename) in bedryfskapitaal		
(Toename)/afname in handels- en ander debiteure	**–**	4
Toename/(afname) in handels- en ander krediteure	**(4)**	12
	(4)	16

10. VERWANTE PARTY INLIGTING

Filiale

Besonderhede van inkomste vanaf, en beleggings in, filiale verskyn in die inkomstestaat en aantekening 2 onderskeidelik.

Sleutelbestuurpersoneel

Slegs direkteure en lede van die bestuurskomitee is sleutelbestuurpersoneel van Remgro. Besonderhede van direkteure se vergoeding en hul aandeelhouding in die maatskappy verskyn in aantekening 8 en 9 van die gekonsolideerde finansiële jaarstate, sowel as op bladsy 98.

Aandeelhouers

'n Gedetailleerde ontleding van aandeelhouers verskyn op bladsy 96 en 97.

Transaksies met verwante partye (R miljoen)	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Transaksies van Remgro Beperk met:		
Hoofaandeelhouer		
Dividende betaal	**(183)**	(158)
Filiale		
Dividende ontvang	**9**	–
Saldo's verskuldig deur/(aan) verwante partye:		
Filiale	**6 261**	(825)

Geen sekuriteit is vir enige uitstaande saldo's gegee nie. Daar is geen voorsienings vir oninbare skuld teen uitstaande saldo's met verwante partye gemaak nie.

11. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die maatskappy het die volgende blootstelling aan finansiële risiko's vanweë die gebruik van finansiële instrumente:

11.1 KREDIETRISIKO

Kredietrisiko is die risiko van finansiële verlies indien 'n teenparty nie sy kontraktuele verpligtinge nakom nie en ontstaan uit die kredietblootstelling van uitstaande lenings en debiteure. Die risiko ten opsigte van uitstaande lenings en debiteure is beperk aangesien dit hoofsaaklik uit intergroepskuld bestaan en die maksimum blootstelling aan kredietrisiko op die verslagdoeningsdatum is die drawaarde van hierdie bateklas.

Die maatskappy is ook blootgestel aan kredietrisiko omdat dit borg staan vir die skuld van sy filiale. Die blootstelling van hierdie waarborge bedra R13 907 miljoen (2016: R16 449 miljoen). Die direksie ag die kredietrisiko as laag aangesien die onderliggende filiale Mediclinic-aandele hou wat meer werd is as die uitstaande skuld.

11.2 LIKIDITEITSRISIKO

Likiditeitsrisiko is die risiko dat die maatskappy nie in staat sal wees om sy finansiële verpligtinge na te kom wanneer dit betaalbaar word nie. Kontantbronne word sentraal deur die groep se tesourie-afdeling bestuur en buigsaamheid in befondsing word verseker deur die beskikbaarheid van gewaarborgde kredietlyne.

Die maatskappy se skuld bestaan uit finansiële waarborge, 'n lening verskuldig aan 'n filiaal sowel as handels- en ander krediteure. Die risiko in terme van die finansiële waarborge is beperk aangesien die maatskappy die terugbetaling van die skuld wat deur sy filiale aangegaan word, waarborg. Die blootstelling van hierdie waarborge bedra R13 907 miljoen (2016: R16 449 miljoen). Die risiko ten opsigte van die uitstaande lening is beperk aangesien dit terugbetaalbaar is aan 'n filiaal en die lening geen vaste datum van terugbetaling het nie, terwyl die risiko ten opsigte van die uitstaande handels- en ander krediteure ook laag is vanweë die grootte van die bedrag ter sprake.

Die maatskappy het briewe van ondersteuning aan sekere filiale voorsien wat hul in staat stel om al hul verpligtinge van watter aard ook al na te kom in die bestuur van besigheid vir solank as wat hul filiale van die maatskappy bly.

11.3 MARKRISIKO

Markrisiko is die risiko dat veranderinge in markpryse, soos byvoorbeeld wisselkoerse, rentekoerse en markpryse van ekwiteitsinstrumente, die maatskappy se inkomste sal beïnvloed.

Wisselkoersrisiko

Die maatskappy se enigste wisselkoersrisiko hou verband met 'n Britse pond-waarborg aan 'n buitelandse filiaal. Die wisselkoersbeweging is ingesluit in die finansiële waarborglas.

Rentekoersrisiko

Die maatskappy het geen blootstelling aan rentekoersrisiko nie aangesien die lening verskuldig aan en lening ontvangbaar vanaf sy filiale rentevry is.

Prysrisiko

Die maatskappy is nie aan prysrisiko blootgestel nie aangesien dit nie beleggings in ekwiteitsinstrumente het wat teen billike waarde verantwoord word nie.

11.4 BILLIKE WAARDE

Op 30 Junie 2017 en 30 Junie 2016 benader die billike waarde van die finansiële bates en laste wat op die staat van finansiële stand getoon word hul drawaarde.

11.5 KAPITALE RISIKOBESTUUR

Daar is geen beperking op die leningsbevoegdhede van die maatskappy ten opsigte van lenings en gewaarborgde skulde nie. Ten einde die kapitaalstruktuur te onderhou of te wysig mag die maatskappy die bedrag van dividende betaal aan aandeelhouers aanpas, kapitaal aan sy aandeelhouers uitkeer, aandele uitreik of aandele vanaf aandeelhouers terugkoop.

AANDEELHOUERSINLIGTING

OP 30 JUNIE 2017

	30 Junie 2017		30 Junie 2016	
	%	Aantal aandele	%	Aantal aandele
VERNAAMSTE VOORDELIGE AANDEELHOUERS				
Gewone aandele				
Public Investment Corporation	**15.30**	**80 947 607**	16.22	78 014 765
Ander	**84.70**	**448 269 400**	83.78	403 091 605
	100.00	**529 217 007**	100.00	481 106 370
B-gewone aandele				
Rupert Beleggings Eiendoms Beperk	**100.00**	**39 056 987**	100.00	35 506 352
Totaal		**568 273 994**		516 612 722

Geen ander aandeelhouer het op 30 Junie 2017 'n voordelige belang van meer as 5% in die gewone aandele van die maatskappy gehou nie.

	30 Junie 2017	30 Junie 2016	30 Junie 2015	30 Junie 2014
VERSPREIDING VAN AANDEELHOUERS				
Gewone aandele				
Publieke aandeelhouers	**64 552**	60 890	59 141	53 874
Persentasie van aandeelhouers	**99.88**	99.85	99.86	99.83
Aantal aandele	**512 476 207**	465 687 383	465 119 986	464 263 605
Persentasie van aandele uitgereik	**96.84**	96.80	96.68	96.50
Nie-publieke aandeelhouers				
Direkteure en hulle verwantes/Aandeletrust/Tesourie-aandele	**78**	90	84	91
Persentasie van aandeelhouers	**0.12**	0.15	0.14	0.17
Aantal aandele	**16 740 800**	15 418 987	15 986 384	16 842 765
Persentasie van aandele uitgereik	**3.16**	3.20	3.32	3.50
Aantal aandeelhouers	**64 630**	60 980	59 225	53 965

	30 Junie 2017	30 Junie 2016 Herstateer	30 Junie 2015	30 Junie 2014
AANTAL AANDELE UITGEREIK				
– Gewone aandele sonder pariwaarde	**529 217 007**	481 106 370	481 106 370	481 106 370
– Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	**39 056 987**	35 506 352	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**568 273 994**	516 612 722	516 612 722	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou				
Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(1 666 638)**	(1 725 393)	(2 169 558)	(2 960 766)
	566 607 356	514 887 329	514 443 164	513 651 956
Geweegde aantal aandele	**553 423 346**	524 628 257	514 200 979	513 404 676

ADDISIONELE INLIGTING

INSTITUSIONELE EN PRIVAAT AANDEELHOUDINGS IN REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE



BUITELANDSE EN PLAASLIKE AANDEELHOUDINGS IN REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE



BELANGE VAN DIREKTEURE IN DIE UITGEREIKTE KAPITAAL VAN DIE MAATSKAPPY

GEWONE AANDELE

Direkteure	Direk voordelig	Indirek voordelig	Verwantes	Totaal
30 Junie 2017				
W E Bührmann	–	290 400	–	290 400
J J Durand	–	842 776	8 250	851 026
G T Ferreira	174 488	–	616 000	790 488
P K Harris	–	186 030	–	186 030
E de la H Hertzog	288 081	2 124 995	142 982	2 556 058
M Lubbe	32 184	–	–	32 184
J Malherbe	48 670	–	1 158 631	1 207 301
N P Mageza	–	296	–	296
P J Moleketi	1 243	–	19 718	20 961
M Morobe	–	633	–	633
F Robertson	–	5 500	–	5 500
J P Rupert	–	–	7 553 865	7 553 865
S E N De Bruyn Sebotsa	497	–	–	497
N J Williams	22 643	–	66 000	88 643
	567 806	3 450 630	9 565 446	13 583 882

Op 1 Desember 2016, toe mnr H Wessels afgetree het, het sy verwantes 4 950 gewone aandele in Remgro Beperk gehou.

Direkteure	Direk voordelig	Indirek voordelig	Verwantes	Totaal
30 Junie 2016				
W E Bührmann	–	264 000	–	264 000
J J Durand	–	742 524	7 500	750 024
G T Ferreira	158 625	–	560 000	718 625
P K Harris	–	169 118	–	169 118
E de la H Hertzog	261 892	1 931 814	129 984	2 323 690
J Malherbe	26 826	–	1 053 301	1 080 127
P J Moleketi	1 130	–	9 925	11 055
M Morobe	–	575	–	575
F Robertson	–	5 000	–	5 000
J P Rupert	–	–	6 867 150	6 867 150
S E N De Bruyn Sebotsa	450	–	–	450
H Wessels	–	–	4 500	4 500
N J Williams	10 000	–	60 000	70 000
	458 923	3 113 031	8 692 360	12 264 314

B-GEWONE AANDELE

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rupert Beleggings Eiendoms Beperk wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

Sedert die einde van die finansiële jaar tot datum van hierdie verslag het die belange van die direkteure onveranderd gebly.